# DIE BAKWENA BAMARE -A- PHÔGÔLê

# MET BESONDERE VERWYSING NA DIE

# KAPTEINSKAP EN POLITIEKE ORGANISASIE.

deur

Louis Petrus Vorster

'n Verhandeling voorgelê ter vervulling van 'n

deel van die vereistes vir die graad

Magister Artium

in die

Departement Volkekunde, Fakulteit Lettere en

Wysbegeerte

aan die

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR

CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS

POTCHEFSTROOM

Februarie 1969.

# VOORWOORD.

Hierdie verhandeling stel die resultate daar van volkekundige veldwerk wat gedoen is in die stamgebied te Uitkyk, distrik Groot Marico, gedurende Augustus en November 1968. In die totstandkoming van hierdie verhandeling kom die volgende persone en instansies my besondere dank toe.

Prof. J. H. Coetzee wat as promotor opgetree het en wat met sy prismatiese insig, sy rype ervaring en belangstelling in die betrokke tema uitnemende leiding gegee het.

My waardering teenoor Mnr. H. P. Kloppers van die Departement Bantoeadministrasie en -ontwikkeling vir sy hulp asook aan die Departement self vir die vergunning om insae te kry in sekere lêers.

My dank teenoor die bibliotekarisse en personele van verskillende biblioteke, maar veral teenoor die van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

My hartlike dank teenoor Mnr. en Mevr. G. L. Roos van Groot Marico vir hulle gasvryheid tydens my verblyf in die omgewing.

Vermelding verdien voorts Mevr. R. Breytenbach vir die tikwerk; Mej. E. Breytenbach vir die teken van die kaarte en Mnr. B. Geyser vir die vergunning om sy afrolmasjien te gebruik.

Ten slotte wil ek hierdie werk opdra aan my ouers as teken van erkentlikheid vir hulle opoffering om die universiteitsopleiding wat aan die basis van hierdie verhandeling lê, moontlik te maak.

PRETORIA. L. P. Vorster.
Februarie 1969.

# INHOUDSOPGAWE.


Bladsy.

VOORWOORD .................................... 1

HOOFSTUK I

INLEIDING .................................... 1

A. MOTIVERING .................................... 1

B. DOEL VAN ONDERSOEK .................................... 2

C. METODE VAN ONDERSOEK .................................... 3

(i) Bronnestudie .................................... 3

(ii) Veldnavorsing .................................... 3

D. PROBLEME .................................... 5

HOOFSTUK II

DIE SOTHOVOLK VAN SUID-AFRIKA .................................... 7

A. INLEIDEND .................................... 7

B. DIE SOTHO-GROEP .................................... 7

1. Die Suid-Sotho .................................... 8

2. Die Noord-Sotho .................................... 11

3. Die Wes-Sotho (Tswana) .................................... 13

C. VERSPREIDING EN INDELING VAN DIE TSWANA ... 15

1. Die Wes-Tswana .................................... 15

2. Die Oos-Tswana .................................... 15

D. DIE GESKIEDENIS EN VERSPREIDING VAN DIE TSWANA .................................... 16

1. Die pionierstamme .................................... 16

2. Die Rolong-groep .................................... 21

3. Die Kwena-Hurutshe-groep .................................... 27

E. DIE ONTSTAAN VAN 'N STAM .................................... 34

Bladsy

HOOFSTUK III

DIE PLEK VAN DIE baKWENA baMARE -a- PHôGôLê IN DIE TSWANA GEHEEL.


| | | |
|---|---|---|
| A. | INLEIDING .................................. | 39 |
| B. | HISTORIESE OORSIG EN VERSPREIDING .......... | 40 |
| | I. Stamgeskiedenis ......................... | 40 |
| | II. Verstrooiing van die stam ............. | 54 |
| C. | VERSTROOIINGSTYDPERK ........................ | 57 |
| | I. Verspreiding ........................... | 57 |
| | II. Koms van die Blanke ................... | 61 |
| D. | STAMHERLEWING ............................... | 67 |
| | 1. Faktore wat meegewerk het tot stamherlewing ........................ | 67 |
| | 2. Hervestiging van die stam op Uitkyk .. | 71 |
| | 3. Enkele tendense t.o.v. verskuiwing ... | 74 |
| E. | SAMEVATTEND ................................ | 76 |


HOOFSTUK IV

KAPTEINSKAP EN POLITIEKE ORGANISASIE VAN DIE baKWENA baMARE -a- PHôGôLê


| | | |
|---|---|---|
| A. | INLEIDEND .................................. | 78 |
| B. | POLITIEKE ORGANISASIE IN DIE STAMSTRUKTUUR.. | 79 |
| | 1. Wat is politieke organisasie ......... | 79 |
| | 2. Die kgôrô ............................ | 81 |
| | 3. Die totemgroep ........................ | 82 |
| | 4. Die stam ............................. | 83 |
| C. | OPBOU VAN DIE STAMSTRUKTUUR ................ | 84 |
| | 1. Die gesin ............................ | 84 |
| | 2. Die huishouding ...................... | 84 |
| | 3. Die lešika ........................... | 85 |
| | 4. Die kgôrô of wyk ..................... | 87 |
| | 5. Leeftydsgroepe ....................... | 89 |

Bladsy


D. DIE TRADISIONELE POLITIEKE ORGANISASIE ..... 92

1. Die stamhoof as politieke hoof van die stam .............................. 92

2. Die Raadstelsel ...................... 97

3. Die invloed en verandering deur Blanke beheer ........................ 101

(a) Invloed op die genealogiese funksies ........................ 103

(b) Invloed op die religieuse en seremoniële funksies ............ 104

(c) Invloed op die ekonomiese funksies ........................ 104

(d) Invloed op die militêre funksies ........................ 105

(e) Invloed op die staatkundige funksies ........................ 106

(f) Invloed op die patriargale funksies ........................ 108

(g) Invloed op die raadstelsel ...... 109

E. SAMEVATTEND .......................... 112


HOOFSTUK V

DIE POLITIEKE STRUKTUUR VAN DIE baKWENA baMARE -a- PHôGôLê EN DIE FUNKSIONERING DAARVAN


A. INLEIDEND ............................ 114

B. DIE STAMSTRUKTUUR TEEN DIE AGTERGROND VAN DIE TRADISIONELE ....................... 114

1. Opbou van die stam .................. 115

(a) Die gesin ........................ 115

(b) Die huishouding ................. 115

(c) Die Lešika ...................... 116

(d) Die kgôrô ....................... 117

(e) Die leeftydsgroep ............... 119

(f) Die stam ........................ 121

(g) Die afwesigheid van die meerderheid ................... 122

Bladsy

2. Grondbesit .......................... 125

3. Die Kapteinsgesag .................. 128

(a) Instelling ...................... 129

(b) Inhuldiging ..................... 131

(c) Opvolging ....................... 133

(d) Regte en verpligtinge van die kaptein ....................... 134

4. Die Raadstelsel .................... 137

5. Die geskilpunt om die kapteinskap ......................... 140

C. SAMEVATTEND ............................... 142

HOOFSTUK VI

ALGEMENE SAMEVATTING ..................... 143

BRONNELYS ................................ 148

## HOOFSTUK I.

## INLEIDING.

### A. MOTIVERING:

In die omstandighede en lotgevalle van die baKwena baMare -a-Phôgôlê lê verskillende moontlikhede en aantreklikhede vir studie opgesluit.

(i) Die beperkte omvang daarvan bied 'n studie-objek wat geleentheid skep vir 'n redelik intensiewe studie sonder die gevaar van 'n te omvangryke ondersoek. Mühlman [1] stel in sy metodologie dat 'n intensiewe studie verband hou met die begrensdheid van die omvang van die studie-objek. Ongedifferensieerde omvang voorkom 'n intensiewe ondersoek en lei tot oppervlakkigheid.

(ii) In die tweede plek bevat dit elemente wat kan afstuur op verskeie van die basiese volkekundige vraagstukke gesien in die lig van Mühlman [2] se hipotese dat die doel van die Volkekunde moet wees om tot 'n volksteorie te kom. Dit sou selfs voldoen aan Radin [3] se eis dat die hoofsaak moet wees om 'n totale beeld van 'n stamkultuur te kry en die doel om 'n beskrywing van die besondere stamkultuur te verkry. Die vraag is egter of sy benadering verder as etnografie kan gaan. Primêr het ons hier te doen met 'n stam as pre-etniese eenheid in jarelange verstrooiing en nou weer begrepe in die proses van pogings tot heropbou en die vraag is in hoeverre dit kan lig werp op die vraagstuk van

---

1. Mühlman, W.E: Methodik der Völkerkunde, Stuttgart, 1938 p.121 - 122.
2. Mühlman, W.E: a.w. p.3 en p.229.
3. Radin, P: The method and theory of Ethnology, New York, 1933, p.CXVII - CXVIII.

kontinuïteit van tradisie, kultuur en etniese bewustheid en andersyds van verandering en desorganisasie.

(iii) Die geval raak ook die aktuele vraagstuk in Suid-Afrika van die toepassing van volkekundige gegewens in 'n administratiewe situasie, naamlik die beleid van volksopbou uit stameenhede. Die situasie poneer die vraagstukke van bindende of behoudende en ontbindende of desorganiserende faktore in die proses van etnogenese. Dit bring die ondersoeker by konkrete vraagstukke van die volkekundige regmatigheid van kapteinskap en die aanspraak op erfopvolging, van politieke rekonstruksie en van samevoeging van verspreide stamlede.

B. DOEL VAN ONDERSOEK:

Die hoofsaaklike doel van hierdie ondersoek is om in die lig van genoemde hipotese in beleid die situasie van hierdie stam aan die hand van sy geskiedenis en politieke organisasie en voorgenome inskakeling by die eventuele Tswanavolk of -nasie te ontleed. Kennis van die geskiedenis is hiervoor noodsaaklik as 'n verklarende en insiggewende faktor in teenstelling met die standpunt van die a-historiese funksionaliste soos Malinowski. 1) Die historiese is noodsaaklik om die verband met en die plek in die hiërargie van die Tswanastamme te bepaal ten einde die status van die stam te kan vasstel.

Daarom word in hierdie werkstuk aandag gegee aan die verspreiding van die Sothovolk van Suid-Afrika met verwysing na die verskillende samestellende stamme en in die besonder die

---

1. Lowie, R.H: The history of ethnological theory. New York 1937. p. 235
en Malinowski: The dynamics of culture change p.32-33.

Tswanastamme met klem op die baKwena- en baFokengstamme om daardeur te kom tot die vasstelling van die status van die baPhôgôlê in die Tswanahiërargie. Vervolgens word die aandag bepaal by die algemene tradisionele politieke organisasie van die Tswana om te kom tot die bepaalde organisasie van die stam en die probleme daaraan verbonde in die proses van heropbou van die stam en laastens 'n algemene samevatting om hierdie probleme in perspektief te probeer stel.

C. METODE VAN ONDERSOEK:

Die metode wat gevolg is by die samestelling van hierdie werkstuk is die volgende:

(i) Bronnestudie:

In die eerste plek is daar gebruik gemaak van algemene bronne om lig te werp op die herkoms, indeling en verspreiding van die Suid-Bantoe. Tweedens besondere bronne om die historiese en kulturele agtergrond van die Tswanastamme te belig met toespitsing op die baKwena- en baFokengstamme as moontlike oorspronge van die baPhôgôlê.

Bogenoemde bronnestudie het bestaan uit gepubliseerde werke sowel as argiefstukke en lêers van die Departement van Bantoeadministrasie en -ontwikkeling.

(ii) Veldnavorsing:

Veldnavorsing het hoofsaaklik bestaan uit onderhoude wat gevoer is met amptenare van die Departement van Bantoeadministrasie en -ontwikkeling en Bantoes, as informante oor die ondersoekaangeleentheid. Mühlman [1] sowel as Radin [2] beklemtoon

---

1. Muhlman, a.w. p.110    2. Radin, a.w. p 113-114

die kwaliteit van informante in die algemeen. Mühlman stel dat daar 'n dalende graad van sistematisering en rasionalisering is van die leidende persone af oor die deursnee massa tot by die passiewe individue en dit verteenwoordig 'n dalende lyn van historiese gewig. Radin stel dat hoe meer informante hoe beter, hoewel dit die gevaar van akkumulatiewe foute te weeg bring.

Onder die Blanke amptenare was dit veral mnr. H. P. Kloppers, administratiewe beheerbeampte swartkolopruiming en mynbou (grondbesit), wat belangrike gegewens verstrek het. Dit kan gemeld word dat hy van die begin van die stam se versoek om 'n kaptein en grondgebied tot met die hervestiging van die stam op Uitkyk, baie nou met die stam geskakel het.

Die belangrikste Bantoe-informante is die volgende:

(a) Die kaptein en sy Ntona, wat voor die inhuldiging van die kaptein as waarnemende kaptein opgetree het. Hulle het belangrike gegewens verstrek aangaande die probleme wat ondervind is in die herstel van die kapteinskap, asook die probleme om die politieke organisasie binne die stam op 'n vaste grondslag te plaas.

(b) Frank Raditlhalo van die Mogatla-kgôrô. Hy is een van die oudste stamlede en kon lig werp op die vroeëre geskiedenis van die stam asook die belangrikste gebeure binne die stam.

(c) Phantsi Jacob Thekiso, die self-aangestelde hoofman op Klipgat, as verteenwoordiger van die groep wat nie wou verskuif nie en wat tans

alle bande met die stam verbreek het. Gegewens van hom verkry het nie veel gewig gedra nie en sy inligting was nie eerstehands nie aangesien hy 'n intensiewe studie van die Bantoestamme van Suid-Afrika gemaak het vir bykans twintig jaar lank. Die gegewens is dus van ander bronne afkomstig as die tradisionele, met te veel intensie sonder veel funksionele waarde. Sy inligting ten opsigte van die kapteinsposisie was egter waardevol in die sin dat hy die groep verteenwoordig wat die huidige kaptein teenstaan.

Dit dien gemeld te word dat in elke geval waar onderhoude met Bantoes gevoer is, hulle 'n groep was wat die senior segsman van advies gedien het. Die gegewens wat van die segsmanne verkry is, verteenwoordig daarom nie die mening van 'n individuele stamlid nie.

D. PROBLEME:

Benewens die onduidelikheid, onsekerheid en teenstrydighede van die gepubliseerde werke, is daar die algemene probleem van rekonstruksie van die geskiedenis van skriflose volke wat vererger is deur die verstrooiing van die baPhôgôlê. Verder die probleem van gebrek aan kennis by die informante, veral ten opsigte van die historiese en hulle blykbare gebruik van gegewens oor tradisie en geskiedenis via geskrifte van Blankes. Die verdraaiing en/of skewe aanbieding van gegewens weens belangebotsing en ter wille van eie bevoordeling, verdien ook vermelding. Al bogenoemde het die interpretasie van gegewens bemoeilik.

By die versameling van gegewens het veral die vertrouens-element 'n belangrike rol gespeel. Deur persoonlike kontak is daarin geslaag om die onontbeerlike vertrouensverhouding te skep en die hartlike samewerking van die stam te verkry.

## HOOFSTUK II.

## DIE SOTHOVOLK VAN SUID-AFRIKA.

### A. INLEIDEND:

Die suidelike Bantoe word dikwels in twee hoofgroepe verdeel op grond van hulle naamgewing. Die een groep word onderskei deur die voorvoegsel ama- wat aan hulle naam toegevoeg word; die ander groep deur die voorvoegsel ba-. 'n Geografiese ontleding toon dat die ama- groep aan die ooskus van Suidelike-Afrika voorkom en die Nguni-volkere insluit, byvoorbeeld die amaSwazi, amaXhosa, amaZoeloe, ensovoorts. Die ba-groep word weer in die sentrale gedeeltes van Suidelike-Afrika aangetref en sluit veral die Sothovolkere in. Binne die ba-groep word veral drie afdelings onderskei, naamlik die Suidelike Sotho, die Noordelike Sotho en die Westelike Sotho. Ons wil in hierdie werk ons aandag bepaal by die ba-groep, meer bepaald die Westelike Sotho.

### B. DIE SOTHO-GROEP:

Die term Sotho word vir die hele groep gebruik omdat al die lede, behalwe die Tswanagedeelte, hulleself baSotho noem. Die groep verskil in 'n groot mate van hulle Nguni- en Tsonga-bure, veral ten opsigte van hulle taal en sosiale organisasie.
Soos vermeld, [1] word die Sotho meestal in drie subgroepe verdeel, te wete die Suid-Sotho van Lesotho en aangrensende gebiede; die Oos-Sotho van Transvaal, wat ook aangedui word as die Noord-Sotho; en die Wes-Sotho of Tswana. Hierdie onderskeiding is hoofsaaklik territoriaal. Die subgroepe kan

---

1. Vergelyk Afdeling A hierbo.

nog verder ingedeel word in stamme, elk onder 'n eie kaptein, maar die grense is dikwels so vaag en verskil slegs gradueel sodat dit nie opvallend voorkom nie. Die Suid-Sotho kan, vanweë hulle territoriale grense, maklik van die ander twee groepe onderskei word. Hulle word veral in Lesotho en die Oostelike Vrystaat by Witsieshoek en Thaba Nchu aangetref. Dit is egter nie so maklik om 'n bevredigende skeiding te maak tussen die Noord-Sotho en Tswana nie, aangesien territoriale grense dikwels oorvleuelend is.

Die voorgeskiedenis van die Sothostamme is vandag nog vaag, alhoewel daar genoegsame bewyse is in die kultuur van hierdie stamme dat hulle Suid-Afrika heelwaarskynlik van die Groot Mere af in verskillende migrasiegolwe binnegekom het. Weliswaar is daar onsekerheid oor die roete wat hulle gevolg het, die tydstip van hulle aankoms in Suidelike-Afrika en die verband tussen die onderskeie groepe. Dat die meeste Sothogroepe egter verwant is, is vas te stel, alhoewel dit nie moontlik is om die verband tussen al die Sothostamme aan te toon nie en dit is toe te skryf aan die "vreemde" elemente in die kultuur, soos byvoorbeeld die Koni.

1. Die Suid-Sotho:

Voor die konsolidasie van die Zoeloevolk tot 'n magtige eenheid onder Tsjaka, het 'n aantal Sothostamme die huidige Lesotho en die oostelike dele van die Vrystaat bewoon. Die stamme wat die grondslag gelê het van die Basoetonasie, was hoofsaaklik Kwena se afstammelinge, insluitende die Molibeli, Monaheng, Hlakoana (Hlakwana) en Khoakhoa (Khwakhwa). Die Fokeng was grootliks geabsorbeer in die

Kwenasisteem deur 'n reeks van bondgenootskappe en diplomatieke huwelike. [1] Daar is ook die nie-Kwena ---- maar nog steeds Sotho ------- elemente in die Basoetonasie soos die Kgatla-groep bestaande uit die Phuting, Kholokoe, Sia en Tlokoa (Tlokwa). Verder die Rolong-groep en die verwante Kubung, Tloung en Taung van Moletsane. Die groepe wat nie van Sotho-oorsprong is nie, is hoofsaaklik Nguni wat heelwat later in die gebied gevestig geraak het.

Al die stamme het ongesteurd en vreedsaam gelewe tot ongeveer 1820, toe die eerste Nguni-impi's die Drakensberge oorgesteek het. Die meeste stamme is verdryf en het begin swerf. In hierdie chaos-toestand het die baTlokwa onder Mantatisi begin roof en plunder en 'n skrikbewind gevoer as gevolg waarvan baie stamme verstrooid geraak het. Onder hierdie omstandighede het Moshesh, 'n ondergeskikte Kwenahoofman, die vlugtelinge begin bymekaar maak en hulle verenig in 'n hegte eenheid wat vandag bekend staan as die Basoetonasie. [2] Dit is moontlik dat al die Suid-Sotho op een stadium onder Moshesh verenig was, maar met die vasstelling van die grense van Lesotho in 1868, het baie nie meer onder sy gesag gestaan nie. Van toe af het die meeste Sothosprekendes in die Vrystaat stamloos voortbestaan hoewel hulle nog weet wie hulle voorvaders is.

Daar is min bekend omtrent die kultuur- en taalverskille van die stamme waaruit Moshesh die Basoetonasie opgebou het; dit wil sê die Suid-Sothogroep. Dit ly egter geen twyfel nie

---


1. Sheddick, V.G.J.: The Southern Sotho, p.13
2. Schapera, I: The Bantu-speaking tribes of South Africa, p.59

dat die huidige Suid-Sothokultuur en -taal grootliks toe te skryf is aan 'n fusieproses. Die proses is egter nog nie voltooi nie, aangesien verskeie stamme wat vroeër hulle eie kultuur gehad het, vandag in 'n mindere of meerdere mate nog bestaan, hoewel meestal in 'n gewysigde vorm. 1)

'n Ander belangrike Suid-Sothogroep waarna verwys moet word, is die volgelinge van Sebetwane. 2) Tydens die chaos as gevolg van die Nguni-invalle in 1822 het Sebetwane, hoof van 'n klein baFokengstam, noordwaarts gemigreer met sy eie mense en ook vlugtelinge wat by die stam aangesluit het. Op hulle roete noord- en noordweswaarts het die baKwenastamme hulle gedwing om steeds voort te trek totdat hulle uiteindelik, na 'n lang trek deur die huidige Botswana en verby die Ngamimeer, die Zambezirivier bereik het en hulle gevestig het in die gebied wat vandag bekend staan as Barotseland. Hierdie Sothogroep, wat die naam maKololo verwerf het, het hulleself daar gevestig as heersers oor 'n aansienlike gebied. In latere gevegte het byna al die mans van die groep omgekom, terwyl die vroue gespaar is en het die Sothotaal, wat toe reeds deur baie naburige stamme aanvaar is, behoue gebly. Vandag staan die taal bekend as Sekololo, en is nog die belangrikste taal in die gebied.

---

1. Sheddick, V.G.J: a.w. p.14. Dit is meestal die Kaapse Ngunigroepe soos die Thembu en Vundle wat weerstand bied teen die assimilasieproses.
2. Van Warmelo, M.J: A preliminary survey of the Bantu tribes of South Africa, p. 98




VERSPREIDING VAN DIE SOTHOBEVOLKING VAN SUID-AFRIKA.

## 2. Die Noord-Sotho:

Van Warmelo [1] verdeel hierdie groep verder in die Sentraal-; Oos-; Noordoos-; en Noord-Sotho. Hierdie groep kom net in Transvaal voor en vandaar die neiging om hulle ook die Transvaal-Sotho te noem. Die Noord-Sotho bestaan uit een groot groep en verskeie kleiner stamme, wat numeries so gering is dat hulle tot nog toe nie veel aandag as afsonderlike groepe ontvang het nie. Die sentrale groep kom voor in Sekhukhuneland, Pokwani en aangrensende gebiede en omvat hoofsaaklik die Pedi, asook ander stamme wat normaalweg as Pedi geklassifiseer word vanweë die lang tydperk wat hulle onder beheer van die Pedi gestaan het, soos die Tau, baKwena (Mongatane en Kôpa), Ntwane, Koni (laasgenoemde twee groepe is afstammelinge van die Matlala's van Pietersburg), en die Roka wat die Olifantsrivier oorgesteek het en hulle in die gebied gevestig het. Al bogenoemde stamme was op een stadium hoofsaaklik onder die beheer van die baMaroteng, [2] met as laaste onafhanklike stamhoof Sekhukhune. Die Maroteng, wat van die Kgatla weggebreek het onder leiding van ene Thobele, het hulle gesag verbrei oor 'n aantal verskillende stamme. Onder die langdurige beheer van die Maroteng, het die neiging gaandeweg ontstaan om te verenig en het die Pedi-nasie met die verloop van die tyd ontstaan. Hoewel die Pedi nog ver van 'n werklike kulturele eenheid is, is daar iets tot stand gebring wat nie tevore bestaan het nie.

---

1. Van Warmelo, N.J: a.w. p. 108 - 116
2. Id. a.w. p. 108
   Vergelyk ook Bruwer, J.P: Die Bantoe van Suid-Afrika p. 21
   Mönnig, H.O: The Pedi, p. 22 en 245.

Volgens van Warmelo [1] bestaan die oostelike groep hoofsaaklik uit drie stamme, te wete die baKutswe, baPai en maPulana. Volgens oorlewering is die baKutswe oorspronklik afkomstig van Thabantsho, distrik Rustenburg. Hiervandaan het hulle ooswaarts getrek tot naby die grens van Swaziland waar hulle die baPai onderwerp het. Daarvandaan het hulle meer noordwaarts getrek om die Swazi-gevaar te vermy, en hulle gevestig in hulle huidige gebied, naamlik die distrikte Pelgrimsrus, Schoonoord, Nelspruit en Lydenburg. Die baPai, ontleen hulle naam aan 'n koppie, Mbayi, geleë effens suid van of in Swaziland, waar hulle gewoon het voordat die Swazi's hulle genoodsaak het om noordwaarts te trek. Van die maPulana word verhaal dat hulle vroeër langs die oewers van die Krokodilrivier gewoon het totdat die Swazi's hulle ook verdryf het en dat hulle toe noordwaarts getrek het tot in hulle huidige gebied.

Die noordoostelike groep word vandag as Sotho geklassifiseer, alhoewel die grootste gedeelte van hierdie groep van nie-Sotho oorsprong is. Die belangrikste stamme is die baPhalaborwa, baLobedu en baKhaha en is gevestig in die omgewing van Tzaneen, Leydsdorp, Duiwelskloof en Pietersburg.

Noord van die Pedi- kerngebied woon die Mphathlele, Thswene, Mathabatha, Matlala, Kgaga en Dikgale, wat almal van Koni-oorsprong is, asook die Molepo, Tlokwa, Birwa, Kwena en Gananwa, wat behoort tot die Suid-Sothogroep. Hierdie noordelike groep word hoofsaaklik aangetref in die

---

1. Van Warmelo, N. J: a.w. p. 111

distrikte van Pietersburg, Potgietersrus, Tzaneen, Duiwelskloof, Louis Trichardt en Blouberg.

3. Die Wes-Sotho (Tswana): [1]

Hierdie groep is geografies die mees wydverspreide en sluit 'n groot aantal stamme van verskillende grootte in. Genealogies is hulle egter nie almal verwant nie en 'n aansienlike aantal stamme wat gewoonlik as Tswana geklassifiseer word, kan streng gesproke nie as suiwer Tswana beskou word nie. Dit is algemeen bekend dat drie Tswanagroepe Suidelike-Afrika vanuit die Noorde binnegetrek het, te wete:

(i) die Digôja (Lihoya). Hierdie groep is later geabsorbeer deur die baTaung.

(ii) Die baRolong-groep. Tot hierdie groep behoort die baTaung, baTlhaping en baKaa, terwyl die Rolong self deur vier groepe verteenwoordig word, naamlik die baRolong booRatlou, baRolong boo raTshidi, die baRolong boo Seleka (te Thaba Nchu) en die baRolong bo Rrapulana.

(iii) die Kwena-Hurutšhe-groep. Tot hierdie groep behoort vandag die volgende stamme volgens senioriteit: die baHurutšhe, insluitende die baKhurutšhe, baGananwa en die baTlharo (baTlharwe); die baKwena baKhudu (hierdie groep bestaan vandag nie meer as 'n stameenheid nie); die baKwena baMare (baPhôgôlê); die

---

1. Die volgende algemene werke kan geraadpleeg word:
Bruwer, J.P: Die Bantoe van Suid-Afrika
Schapera, I: The Bantu-speaking tribes of South Africa
" : The ethnic composition of Tswana tribes
" : The Tswana.
van Warmelo, N.J: a.w.
Stow, G.W: The native races of South Africa.

baFokeng (ook in Lesotho); baKwena ba Mogôpa; baKwena in Lesotho (baModibedi, baMonaheng, baMokotedi, baHlakwana en maKhoakhoa, wat vandag almal deel uitmaak van die Suid-Sotho); baKwena van Setšhêlê (tans te Molepolole in Botswana) en die baMolotswane; die baKwena ba Modimosana; die bamaNgwato; die baNgwaketsi; die baKwena ba-Moletsi en die baPhalane (of baTlhase) [1]. Daar is verder nog die baTlokwa, baKgatla, baTawana en verskeie Kgalagadi-groepe, hoofsaaklik in die huidige Botswana.

Afgesien van bogenoemde groepe, is daar nog die „vreemde" Tswana-elemente wat bestaan uit groepies van die volgende stamme: Kuba, Mpukushu, Nabya, Subia en Rotse, wat waarskynlik verwant is aan die stamme in Angola en Rhodesië; die Herero afkomstig uit Suidwes-Afrika; die Kalaka, Talaote en Birwa, wat verwant is aan die Shonagroep van Rhodesië; en die Ndebele van Nguni-oorsprong. Die sogenaamde Tšwapong in die oostelike dele van die Ngwatodistrik in Botswana is 'n gemengde groep, waarvan sommige van Shona-afkoms en sommige van die vroegste Tswana-migrasiegroepe is. [2] Verder is daar ook nog die groepie Boesmans (Sarwa) wat tot 'n groot mate deur die Tswanagroepe onderwerp is. [3]

---

1. Schüler, G.M.K: Die baRolong van Thaba Nchu, O.V.S. p. 15
2. Schapera, I: A handbook of Tswana law and custom, p. 1-2
3. " : The ethnic composition of Tswana tribes, p.5

C. VERSPREIDING EN INDELING VAN DIE TSWANA:

Die Tswanastammegroep bewoon vandag, met uitsondering van die binne Blanke gebiede, gedeeltes van die distrikte Groblersdal, Hammanskraal, Pretoria, Rustenburg, Brits, Pilanesberg, Marico, Lichtenburg, Ventersdorp, Kimberley, Taung, Kuruman, Vryburg, Mafeking, Thaba Nchu en word deur van Warmelo soos volg ingedeel op grond van taal en kultuur: 1)

1. Wes-Tswana:

„The tribes of this group dwell along the western border of the Sotho area, skirting the Kalahari desert " 2) en word verder onderverdeel in twee subgroepe, naamlik:

(a) Die suidelike Tswana wat insluit die Tlhaping (van Taung, Vryburg, Kuruman en Kimberley); Tlharo (van Vryburg, Mafeking en Kuruman); Rolong (van Mafeking, Vryburg, Thaba Nchu en Lichtenburg); Hurutšhe (van Marico, Rustenburg en Botswana); Kubung (van Ventersdorp en Lichtenburg); Tloung (van Lichtenburg) en die Kwena (van Botswana) en

(b) die Ngwato, Kaa, Khurutšhe, Kgalagadi en Tawana wat almal woonagtig is in Botswana.

2. Oos-Tswana:

Hierdie groep bewoon die gebied tussen die Pedi en Wes-Tswana en bestaan uit die Fokeng (van Rustenburg, Ventersdorp en Pilanesburg); Kwena (van Ventersdorp en Rustenburg); Phalane (van Pilanesberg); Phiring (van Rustenburg); Taung (van Rustenburg en Pilanesberg); Tlhako (van Rustenburg); Pô (van Rustenburg en Pilanesberg); Tlokwa (van Rustenburg en

---

1. Van Warmelo, N.J: a.w. p. 103 - 108
2. " : a.w. p. 103

Pilanesberg); Hlalerwa (van Ventersdorp en Pilanesberg); en Kgatla ( -ba Mosetlha, -ba Kgafêla; -ba Mmanaana; -ba Mmakau; -ba Moteha en -ba Seabe onderskeidelik van Hammanskraal, Pilanesberg en Mochudi, Kanye, Pretoria en Hammanskraal, Groblersdal en Hammanskraal, en Groblersdal).

Dit dien hier opgemerk te word dat die stam onder studie nie direk by name genoem word nie, maar by implikasie behoort dit tot die Oos-Tswana deur die Kwenastam van Ventersdorp en Rustenburg.

## D. DIE GESKIEDENIS EN VERSPREIDING VAN DIE TSWANA:

In die lig van die voorafgaande verdeling van die Sotho-bevolking van Suid-Afrika as agtergrond, word die aandag meer in besonder gerig op die Tswana, met die doel om 'n algemene beeld te verkry van die verdeling van hierdie groep met verloop van tyd. Om daartoe te kom, is dit noodwendig dat die aandag kortliks gevestig word op die geskiedenis en die verspreiding van die verskillende Tswanagroepe.

Dit word vandag algemeen aanvaar dat die Tswana-migrasie suidwaarts in hoofsaaklik drie migrasiegroepe plaasgevind het. Elke migrasiegroep word weer verder onderskei in subgroepe. Die algemene klassifikasie is soos volg:

(i) Die pionierstamme;
(ii) Die Rolong-groep; en
(iii) Die Kwena-Hurutšhe-groep.

### 1. Die pionierstamme:

Hierdie stamme verteenwoordig na alle waarskynlikheid die vroegste Tswanamigrasie wat die jaggebiede van die Boesmans

vanuit die noorde binnegedring het. Die meerderheid van hierdie stamme was numeries klein en nie baie oorlogsugtig nie. Die pionierstamme wat 'n westelike rigting ingeslaan het na die land van die Boesmans, verg nie ons aandag nie en sal slegs genoem word as die baKgalagadi, Balala en die Tamahas. Hulle het op groot skaal met die Boesmans vermeng geraak, sodat 'n groep van hulle vandag selfs bekend staan as die Betsjoeana-Boesmans. Ons beperk ons aandag meer by die stamme wat suidwaarts migreer het, te wete die Digoja en die Bataung.

(a) Die Digôja (of baKubung):

Die Digôja ( Lihoya, Leghoya) het van hulle moederstam, die baRolong, weggebreek toe laasgenoemde se hoofstat Khunwane, aan die Moloporivier, was. Die baRolong beweer dat die Digôja hulle jonger broers was. [1] Na die segmentasie het die Digôja die seekoei (kubu) as embleem van die stam geneem en die naam baKubu verwerf. Volgens Arbousset [2] het hulle hulleself Leghoya genoem om die naam van hulle eerste kaptein, Sehoya, te verewig, alhoewel hy ook as Mabula bekend gestaan het.

Soos reeds vermeld, het die Digôja van die baRolong te Khunwane weggebreek en hulle gevestig by Lithako, die eerste stat van die latere baTlhaping. Dit is nie bekend wanneer en waarom hulle hierdie plek verlaat het nie, maar baie later verneem ons weer van hulle op die noordelike oewer van die Vaalrivier, waar die baRolong en baTlhaping hulle beeste geroof het. [3] Om toekomstige aanvalle (rooftogte) te vermy, het

---

1. Ellenberger, D. F: en MacGregor, J.C: History of the Basuto, p. 52
2. Id. p. 52
3. Id. p. 52

hulle die Vaalrivier oorgesteek en gevestig op die oewers van die Matsaripe (Doringrivier) en ooswaarts tot sover as Tikoane (Sandrivier). Volgens Stow [1] was hulle waarskynlik die eerste Tswanagroep om die Vaalrivier oor te steek in die omgewing van die samevloeiing van die Vaal- en Vetrivier.

Vroeg in die agtiende eeu is hulle aangeval deur die Bataung van Ramokhele en die baFokeng van Liyane, en is feitlik al hulle beeste buitgemaak. Met die hulp van die baKwena van Monyane, het die Digôja egter wraak geneem en hulle vyande verdryf. In 1810 of 1812 is die Digôja egter verower en heeltemal geabsorbeer deur die Bataung van Moletsane. Sedertdien het hulle nie meer as 'n korporatiewe stam bestaan nie. Hulle laaste twee kapteins, Masoeng en Serame, het op die oewers van die Sandrivier gewoon.

(b) Die Bataung:

Volgens genealogiese tabelle het die Bataung in vier vertakkings verdeel. [2] Die eerste twee vertakkings is gestig deur die twee seuns van Tholoane en die ander twee vertakkings deur die twee seuns van Tsukulu, 'n jonger broer van Tholoane. Tholoane en Tsukulu het die Vaalrivier tesame oorgesteek by die samevloei met die Valsrivier en gevestig geraak op die suidelike oewer van die Renosterrivier. Hiervandaan het hulle versprei na die distrik Heilbron, terwyl nog ander sover as die oewers van die Vetrivier gegaan het.

Aanvanklik het al vier vertakkinge die leeu as embleem gehad, wat deur Tholoane aangeneem is nadat die groep van die

---

1. Stow, G. W: The native races of South Africa, p.442
2. Ellenberger en MacGregor: a.w. p.54

baHurutšhe [1] in ongeveer 1640 weggebreek het. Die eerste twee vertakkinge het hierdie embleem behou, terwyl die ander twee, gelei deur die seuns van Tsukulu, die seekoei (<u>kubu</u>) as embleem (totem) aangeneem het om hulle te onderskei van hulle seniors, en so bekend geword as die Bakubung.

Die eerste vertakking, bekend as die Hlalele, het op die suidelike oewer van die Vaalrivier gewoon tot aan die Renosterrivier in die ooste.

Die tweede vertakking, bekend as die Bataung van Moletsane, het suid van die Renosterrivier gaan woon tot sover as die Vals- en Vetrivier. Dit was hierdie vertakking wat in 1810 of 1812 die Digôja heeltemal verslaan en geabsorbeer het.

Die derde vertakking, bestaande uit die Batsukulu, Monne en Ramogele, het in die omgewing van die Vetrivier gewoon. Dit is bekend dat Montueli, die seun van Monne, in sy omswerwinge ondermeer te Afrikaskop gewoon het, later te Prynnsberg en later in die teenswoordige Senekaldistrik (Tsiloane). Die geskiedenis van hierdie vertakking was so vol intrige en segmentasie dat dit moeilik is om hulle geskiedenis te rekonstrueer.

Die vierde vertakking is die afstammelinge van Khuto, die jonger broer van Sefatsa, die voorvader van die derde vertakking. Hulle was volgens geboorte die volgelinge van Montueli, maar hulle het vir ongeveer 150 jaar tussen die Bataung van Moletsane gewoon met die gevolg dat hulle met verloop van tyd geabsorbeer is deur laasgenoemde vertakking.

---

1. Ellenberger en MacGregor: a.w. p.54

Kabi, die kleinseun van Ramatlokoltoko, seun van Khuto, het in 1880 egter van die Moletsane weggebreek om lojaal te bly aan die Kaapse regering. [1] Sedertdien het hy en sy volgelinge gevestig geraak in die Quthingdistrik, Lesotho.

Gedurende die Lifaqane-tydperk het veral die Bataung van Moletsane baie geswerf om die vyande te ontduik. Dit het egter meegebring dat Moletsane self sekere oorloë moes voer. Alvorens ons egter die omswerwinge nagaan, dien daar gelet word op wat hierdie tydperk behels. MacGregor skryf: [2]

> „The word Lifaqane is of Setebele origin, and denotes a state of migration. It is used here as describing the struggles of wandering tribes accompanied by their families, flocks, and herds, as distinct from the ordinary expeditions of inter-tribal warfare in which as a rule only the fighting men took part."

Dit is dus 'n tydperk van interstamlike oorloë gepaard met stamverskuiwings en hongersnood waar die beginsel van „survival of the fittest" gegeld het.

Die Bataung van Moletsane het, met die berigte oor die koms van die Batlokwa van Mantatisi, die Vaalrivier oorgesteek bokant sy samevloeiing met die Vetrivier en noordwaarts getrek. Moletsane het gehoop om rus te vind by die baHurutšhe, [3] maar laasgenoemde het na 'n nederlaag teen Sebetwane, die vrede nie vertrou nie. Dit is nie seker of die baHurutšhe op hierdie stadium nog aan die Moloporivier gewoon het en of hulle toe reeds by Mosika gewoon het nie. In 'n geveg wat gevolg het, was die Bataung die oorwinnaars. Hiervandaan het die Bataung suidwaarts geswaai en die baRolong in die omgewing

---

1. Ellenberger en MacGregor: a.w. p.67
2. MacGregor, J.C.in Ellenberger en MacGregor: a.w. p.117
3. Ellenberger en MacGregor: a.w. p. 165

van Potchefstroom verslaan. Op hulle trek verder suid het hulle ook die baRolong van Sifunelo verslaan aan die Makwassie-rivier. Hier het die Bataung 'n tyd lank vertoef, maar na 'n aanval op hulle deur Sifunelo, het hulle die Vaalrivier oorgesteek en hulle weer op die oewers van die Vetrivier gaan vestig.

Hulle het nie lank aan die Vetrivier gebly nie, toe nuus hulle bereik van Mzilikazi se strooptogte. Weer het hulle noordwaarts getrek tot in die omgewing van Potchefstroom waar hulle met sendelinge kennis gemaak het. Moletsane het egter 'n aanval van Sifunelo verwag en hom voorberei daarop. Op 26 September 1826 [1] het die geveg dan ook plaasgevind nie ver van die huidige Makwassie nie. In hierdie geveg is Sifunelo en die baRolong verslaan en het hulle verskuif na Platberg en die Bataung van Moletsane as heersers agtergelaat in die eertydse baRolonggebied.

Uit die voorgaande blyk dus dat hierdie vroegste, numeries klein, pionierstamme 'n belangrike invloed uitgeoefen het op die verloop van gebeure in die geskiedenis van die Bantoe in Suid-Afrika. Vandag is die grootste gedeelte van die Bataung en dus ook die Digôja opgeneem in die Basoetonasie en daarmee dus medebouers aan 'n bevolking wat vandag 'n onafhanklike staat vorm.

2. <u>Die Rolong-groep</u>:

Die eerste noemenswaardige Tswanamigrasie en daarmee ook van die Suidoos-Bantoe het tussen 1300 en 1400 N.C. plaasgevind. Gedurende hierdie tydperk het die Rolong die oostelike deel

---

1. Ellenberger en MacGregor: a.w. p. 173
   Stow: a.w. p. 513

van die huidige Molopostreek en gedeeltes van die huidige Maricodistrik en Botswana ingetrek. Die Rolong het hulle meestal direk suid van die Moloporivier gevestig. [1] Hiervandaan het hulle suid- en weswaarts verbrei en in hulle gang heelwat Boesmans en Kgalagadi in hulle geledere opgeneem, alhoewel laasgenoemde groepe ook dikwels gevlug het voor die intrekkende Rolong en die droër dele soos die Kalahari beset het. Dit was ook tydens hierdie vestigingsjare van die Rolong suid van die Moloporivier dat die Tlhaping en Kaa (tans in Botswana) as selfstandige stamme van die Rolong weggebreek het. Die rede vir en datum van hierdie segmentasie kon nog nie bo alle twyfel vasgestel word nie.

Die ontstaansentrum van die vroeëre Rolong moes volgens Stow [2] baie ver na die Noorde gewees het. Hulle glo dat hulle voorvaders van 'n gebied in die rigting van die opkomende son gekom het, maar hulleself van noord van die ewenaar. Hieruit spruit dan ook die algemene Tswanagewoonte om hulle oorledenes met die gesig ooswaarts, te begrawe.

Volgens oorlewering was Morolong, wat in die dertiende eeu geleef het, die stigter van die Rolongstam. Dit kan aanvaar word dat die Rolong groter en magtiger was as die ander Tswanastamme. Die eerste hoofstat van die Rolong suid van die Moloporivier was Khunwane, [3] waar die Digôja van die Rolong weggebreek het. Dit blyk dat die eerste veertien Rolongstamhoofde nooit verder suid as Mosita, Setlagole, Khunwane en op die oewers van die Moloporivier gewoon het nie. [4]

---

1. Breutz, P.L: The tribes of Vryburg district, p.20
2. Stow, G.W: a.w. p. 488
3. Ellenberger en MacGregor: a.w. p. 52.
4. Breutz, P.L: Stone kraal settlements in South Africa, p. 170

Ongeveer 1570 - 1600 N.C., in die tyd van Mokgôpha, het die baKaa van die Rolong weggebreek met Maleke as die eerste hoof. Gaandeweg het die Rolong oor 'n groter gebied verbrei sodat in die tyd van Tau en Thibêla (1600 - 1640?) die Rolonggebied gestrek het vanaf Phitsane tot by Molemane en vandaar tot by die huidige Klerksdorp en Taung in die suide, met Morekweng in die weste. Op daardie stadium was Taung die hoofkwartier. Onder die leiding van Tau het die Rolong hulle toppunt van roem en krag bereik. Gedurende die regime van Tau was die Tlhaping weer 'n onafhanklike groep, wat as minderwaardig beskou is deur die Rolong. Hulle was gevestig op die walle van die Vaalrivier vanwaar hulle 'n guerilla-oorlog teen Tau geloods het. Na Tau se dood het die Rolong die Taunggebied verlaat en hulle noordwaarts by Mosita gevestig, terwyl die Tlhaping in die suide agtergebly het.

Die stelling dat die Tlhaping weer onafhanklik geword het, impliseer dat hulle vroeër reeds weggebreek het, maar later weer onderwerp is. Volgens Stow [1] het die suidwaartse migrasie plaasgevind voor die van die Rolong, maar onder Motole of Mokgosi is hulle weer deur die Rolong ondergeskiktes gemaak. Die Tlhaping moes tribuut betaal aan die Rolong en nadat hulle op een stadium tribuut geweier het, het 'n oorlog ontstaan waarin die Tlhaping verslaan is. Na hierdie voorval het die Rolong suidwaarts getrek. Onder leiding van Mashoe, kaptein van die Tlhaping, (1750 - 1760) het die groep weer begin om die stam op te bou en sterk te maak. In 'n geveg wat gevolg het, is die Rolong verslaan en het hulle die Taunggebied verlaat. Mashoe is opgevolg deur Molehabangwe en het hom

1. Stow, G.W: a.w. p. 437

gevestig by Lithako. Hier het die stam lank gebly totdat die gerugte van oorloë uit die suidooste hulle bereik het. Nadat hulle 'n aanval van Mantatisi afgeslaan het, het hulle self begin swerf sodat hulle na die verwoesting van Mzilikazi, verspreid was in verskeie kleiner groepies. Vandag word hulle aangetref in die distrikte Kimberley, Kuruman en Taung.

Soos reeds vermeld, het die Rolong na Tau se dood die Taunggebied verlaat, maar onder bepaalde omstandighede. Die dood van Tau het tot gevolg gehad die verdeling van die stam in vier eenhede. As rede vir die verdeling word aangevoer die groot toename in getalle, maar veral die ambisie van die jonger seuns van Tau. Hierdeur is die mag van die Rolong verder verswak. Aan die hoof van elke vertakking was 'n seun van Tau, sodat die stam na verdeling so daar uitgesien het:

(i) baRratlou onder leiding van Rratlou;
(ii) raTshidi onder leiding van Tshidi;
(iii) baSeleka onder leiding van Seleka; en
(iv) baRrapulana onder leiding van Rrapulana. 1)

Terwyl die ander groepe hoofsaaklik in 'n noordelike rigting getrek het, het Rratlou met sy volgelinge in die nabyheid van Taung gebly. 2) Rratlou het die stam weer opgebou, maar na sy dood het die stam weer opgesplits onder leiding van sy seuns. Weens onderlinge twis is die onderskeie groepe verswak en het onderworpe stamme daarin geslaag om hulleself te bevry. Rratlou is opgevolg deur Seitshiro en na sy dood het Kehelwa

---

1. Stow: a.w. p. 491
2. Id.

die opvolger geword. Na Kehelwa se dood was Gontse nog minderjarig en het daar onenigheid ontstaan tussen Gontse en sy oom Mongale.

Die baRratlou moes, soos baie ander Rolonggroepe, ook voor die Mantatisi padgee. [1] In 1824 word die baRolong ba-Rratlou deur die Bataung van Moletsane verslaan en hulle vlug noordwaarts. Om die Matabele van Mzilikazi te ontkom, het die baRratlou hulle in 1836 naby Nylstroom gevestig.

Die raTshidi het na hulle noodwaartse trek hulle te Maretsane gevestig en vandaar na Phitsane, [2] waar baie Rolongstamme vergader het. Na die nederlaag van die baRolong baRratlou teen die Bataung, het die raTshidigedeelte uiteindelik onder Tawane by die Moloporivier gevestig geraak. Hier het hulle in botsing gekom met die Mantatisi en ook die Matabele. Na baie omswerwinge het hulle hulle gevestig by Mafeking. [3]

Met die noordwaartse trek het die baSeleka hulle te Setlagole gevestig, en in ongeveer 1777 trek hulle in 'n suidoostelike rigting totdat hulle Thabeng (distrik Potchefstroom) bereik waar hulle 'n tyd lank vertoef om dan weer verder te trek tot by Tigane (Hartebeesfontein). [4] As gevolg van plundertogte deur die Korannas, word Seleka verplig om sy groep terug te lei en vestig hulle hulle uiteindelik by Lotlhakane. Na 'n kort verblyf hier, trek hulle weer terug na Thabeng. Op hierdie stadium was Moroka die hoof van die

---

1. Stow: a.w. p. 494. Tydens die aanval word baie Rolongstatte totaal verwoes sodat die oorlewendes vir hulle lewe moes vlug.
2. Stow: a.w. p. 499
3. Molema, S.M: The Bantu: past and present, p. 41 - 45
4. Schüler, G.M.K: a.w. p. 26

groep. By Thabeng het die baRolong baSeleka 'n Kwenastam, die bagaMotlatla, onderwerp, maar in een van die skermutselinge het Moroka omgekom. **Mokgosi het sy vader opgevolg** maar ook hy sterf in 'n geveg teen die bagaMotlatla, sodat **Sifunelo** hom opvolg. [1)]

Die baSeleka sou egter ook nie aan die plundertogte van die Mantatisi ontkom nie en in 1822 word hulle van Thabeng verdryf en gaan vestig hulle hulle, na vele omswerwinge, by Makwassie. In 1824 word hulle hiervandaan verdryf deur die Bataung van Moletsane en vlug noordwaarts tot by Phitsane. Daarvandaan keer hulle weer terug na die omgewing van Makwassie, maar in September 1826 word hulle weereens deur die Bataung verslaan en vestig hulle by Platberg waar Sifunelo sterf. [2)] Hy word opgevolg deur sy seun Moroka. Die stam het 'n tyd lank onversteurd hier gewoon totdat Mzilikazi die stamme rondom hulle begin verdryf het. Teen die einde van 1832 arriveer ongeveer 4,000 vlugtelinge uit die huidige Botswana by Platberg. Hierdie toevoeging het die stam genoodsaak om 'n vrugbaarder en waterryker gebied te soek, met die gevolg dat die stam teen die einde van 1833 na Thaba Nchu verhuis, waar hulle vandag nog woon.

Van die omswerwinge van die baRrapulana-vertakking is nie veel bekend nie. Na hulle aanvanklike noordwaartse trek, het hulle ook later in 'n suidelike rigting gemigreer, en hulle derde opvolger, Matlabe, 'n bondgenootskapsooreenkoms sluit met die Bataung van Moletsane, waarna hulle tesame met die Korannas en Griekwas, die Matabele aanval. [3)] Na 'n neder-

---

1. Stow, a. w. p. 504 - 505
2. Stow, a. w. p. 514
3. Stow, a. w. p. 515

laag, skaar Matlabe hom by die Matabele in 'n poging om die Bataung te verslaan. Nie lank hierna nie, val Matlabe tesame met die Bataung weer die Matabele aan. Hulle word byna heeltemal deur die Matabele uitgewis en vlug suidwaarts waar Matlabe hom by die baRolong baSeleka voeg en Moletsane hom as beskermling van Moshesh te Makwatling gaan vestig.

Met die uitsondering van die baRolongstam in die omgewing van Groblersdal en die baRolong baSeleka, waarvan 'n gedeelte te Thaba Nchu en 'n gedeelte in Lesotho woonagtig is, is al die ander Rolonggroepe vandag gevestig in die distrikte Mafeking, Vryburg en Lichtenburg.

3. <u>Die Kwena-Hurutšhe-groep</u>:

Die grootste en laaste Tswana-immigrantegroep sou tussen 1350 en 1450 N.C. gedeeltes van die huidige Rustenburg- en Britsdistrik in besit neem. Onder hulle stamhoof Malope sou hulle ongeveer 'n halwe eeu na die Rolong in Suid-Afrika gevestig raak, en wel in die omgewing van Swartkoppies. Malope sou vier kinders gehad het, te wete Mohurutšhe, 'n dogter, en drie seuns by name Kwena, Ngwato en Ngwaketse. [1] Oor hierdie saak bestaan daar meningsverskille. Ellenberger [2] beweer die volgende:

> „Kuena, who gave his name to a numerous posterity was the son of Malope I and younger brother of Mohurutse. Their grandfather Masilo I, was the representative of the powerful tribe of the Bahurutse, who were a branch of the Barolong and seperated from them in Bechuanaland (Botswana) [3] somewhere about the thirteenth or fourteenth century."

Hy stel verder dat Kwena drie seuns gehad het, te wete Kgabo,

---

1. Schapera, I: The ethnic composition of Tswana tribes, p. 8
2. Ellenberger en MacGregor: a.w. p. 15
3. Hakies is eie invoegsel.

vader van Masilo, ook genoem Mosito, en laasgenoemde was die vader van Mochuli en Napo; Ngwato en Ngwaketse.[1]

Molema [2] stel dat die verbrokkeling reeds tydens die regime van stamhoof Masilo begin het. Malope, seun van Masilo, het van die stam weggebreek met 'n groot aantal volgelinge. Na Malope se dood het sy drie seuns, naamlik Mohurutŝhe, Ngwato en Ngwaketse, die stam verder verdeel sodat die oorspronklike stam in vier verdeel is, naamlik diegene wat stamhoof Masilo bly aanhang het; en dan die volgelinge van Malope wat weer verdeel is tussen Mohurutŝhe (baHurutŝhe), Ngwato (baNgwato) en Ngwaketse (baNgwaketse.)

Breutz [3]weer wys daarop dat na die dood van Masilo die stam verdeel het onder leiding van Mohurutŝhe en Malope. Na Malope se dood is die stam verdeel onder sy seuns Kwena, Ngwato en Ngwaketse. Stow [4] ondersteun die standpunt soos deur Molema gestel, en stel verder dat nadat Malope van die stam weggebreek het, die stamhoofskap van Masilo oorgegaan het na Kwena. Wat ook al die geval mag wees, is daar oor een saak eenstemmigheid, naamlik dat die stam uiteindelik in vier verdeel is en dat elkeen onder 'n eie stamhoof gestaan het.

<u>(a)Die baHurutŝhe</u>:

Die vraag of Mohurutŝhe 'n seun of dogter was, is hier nie van primêre belang nie en ons sal nie daarop ingaan nie. Wat

---

1. Ellenberger en MacGregor: a.w. p. 17
2. Molema, S.M: a.w. p. 49 - 50
3. Breutz, P.L. The tribes of Rustenburg and Pilanesberg districts, p. 19 par. 46
4. Stow: a.w. p. 520

wel bekend is, is dat die baHurutšhe, die naam waaronder die gedeelte onder Mohurutšhe bekend sou staan, die stamgebied verlaat het en getrek het vanaf Swartkoppies via die huidige Botswana na Modimong, naby die huidige Taung. Tussen 1480 en 1500 het die stam Modimong verlaat en hulle gevestig in die huidige Maricodistrik,[1] waar hulle Kurrechane as hoofstat gehad het. In die gang van jare het die baHurutšhe in 'n tiental kleiner stamme opgebreek hoofsaaklik as gevolg van baie twis oor troonopvolging asook die ambisie van minderbevoorregtes uit die kapteinsfamilie om ook stamhoof te word. Onder die stamme wat uit die baHurutšhe gespruit het en vandag volwaardige stamme is, word gereken die ba-Tlharo van Vryburg en Kuruman; die baGananwa van Blouberg in die Noord Transvaal; die Khurutšhe en Mokhibidu van Botswana; nege Hurutšhe stamme in die Maricodistrik en een in die Rustenburgdistrik.

<u>(b) Die Kgatla</u>:

Die Kgatla beweer dat hulle ook uit die baHurutšhe stam, aldus Schapera. [2] Hierdie stelling word ondersteun deur Ellenberger. [3] Malekeleke, stigter van die stam, moes blykbaar van die baHurutšhe weggebreek het in die tyd van Mohurutšhe, maar geen stawende getuienis kon hiervoor gevind word nie. Na Boloko se dood, die vierde kaptein na Malekeleke, het die stam verdeel onder Mogale en Tabane. Die gedeelte onder Tabane het later verder verdeel in drie vertakkinge, naamlik die baKgatla baMmakau (Hammanskraal)

---

1. Maritz, C. J: Bestuursontwikkeling van die Tswanastamme groep met besondere verwysing na die skakeling tussen stad en tuisland, p. 51
2. Schapera, I: Ethnic composition, p.9
3. Ellenberger en MacGregor: a.w. p. 31

baKgatla ba Seabe (Groblersdal) en baKgatla baMotcha (Pretoria.) [1]

Mogale het hom gaan vestig by Makapanslokasie in die Hammanskraaldistrik waar hy opgevolg is deur Motšhego. Volgens oorlewering het Motšhego nie 'n seun in die hoofhut gehad nie, maar slegs 'n dogter, Mosêtlha. Die oudste kind in die tweede hut was Kgafêla, 'n seun. [2] Na Motshêgo se dood het daar onenigheid ontstaan, omdat 'n gedeelte van die stam nie deur 'n vrou regeer wou word nie en Kgafêla verkies het. 'n Vergelyk kon nie getref word nie en Kgafêla het met sy volgelinge die stamgebied verlaat en 'n onafhanklike stam, die baKgatla baKgafêla, geword. Uit hierdie stam het twee verdere stamme, die baKgatla baMmanaana en baKgatla baKgafêla, albei woonagtig in Botswana, hulle ontstaan gehad. Die volgelinge van Mosêtlha het bekend geword as die baKgatla baMosêtlha, en woon vandag nog in die gebied waar hulle hulle onder Mogale gevestig het. Die baKgatla baKgafêla, met uitsondering van die in Botswana en waarna reeds verwys is, bewoon 'n groot deel van die huidige Pilanesbergdistrik. Die baKgatla baMosêtlha word vandag as die senior van alle baKgatlastamme erken.

(c) Die Tlokwa:

Volgens Schapera [3] beweer die Tlokwa dat hulle ook stam uit die Kgatla. Hulle voer hulle kapteinsgenealogie terug tot by Tabane, die jonger broer van Mogale. Ellenberger [4] beweer dat Tabane in die omgewing van die Magalies-


---

1. Maritz, C.J: a.w. p. 52
2. Schapera, I. Ethnic composition, p.10
3. Id. a.w. p. 10
4. Ellenberger en MacGregor: a.w. p.31

berge getrou het met 'n dogter van die Bafokengkaptein en dat sy die moeder sou wees van vyf seuns wat later die stigters was van vyf stamme, te wete die Bapeli, die Makholokoe, die Maphuting, die baTlokwa en die Basia. Hierdie vrou se naam was Mathulare. Gedeeltes van hierdie stamme maak vandag deel uit van die Basoetonasie. Die baTlokwa het van die Magaliesberge suidwaarts getrek en hulle gevestig in die huidige Standertondistrik. Met die aanbreek van die Lifaqane-fase het hulle ook verskuif en 'n skrikbewind gevoer totdat hulle later gevestig geraak het in die huidige Lesotho. Hier het die stam egter verdeel. Sommige groepe het na die Transvaal teruggekeer. Een van hierdie groepe het hulle by Pilwe in die Rustenburgdistrik gevestig. Volgens oorlewering het hul stamhoof, Makaba, by sy dood geen seun gehad nie en het sy jonger broer, Molefê, opgetree as saadverwekker. Drie seuns by name Bogatsu, Phiri en Semela is deur Molefê, wat toe as regent opgetree het, verwek. Toe Bogatsu oud genoeg was om die stamhoof te word, het Phiri hom aangemoedig om die kapteinskap oor te neem, maar hy het geweier aangesien Molefê nog gelewe het. Phiri het hierna probeer om Molefê om die lewe te bring, maar hy slaag nie hierin nie. Hierop het Molefê met sy volgelinge gevlug na Kolontwane, in die Rustenburgdistrik, waar hy opgevolg is deur Bogatsu. Hierdie groep vorm vandag die kern van die stam wat gevestig is te Gaberones in Botswana.

<u>(d) Die baKwena</u>:

Die geskiedenis van die vertakking onder Kwena is nie bo alle twyfel vas te stel nie, maar die Kwenavertakking sou




VERSPREIDING VAN DIE KWENA-HURUTŠHE-GROEP

vir 'n geruime tyd ongesteurd in die omgewing van Swartkoppies gewoon het. Ellenberger [1] verhaal van Napo, die jonger broer van Mochuli, wat nie onder die gesag van sy broer wou staan nie en teen die einde van die vyfteinde eeu weggebreek het en suidwaarts getrek het totdat hy met sy volgelinge die Vaalrivier oorgesteek en gevestig geraak het by Tafelkop (tussen Frankfort en Vrede) in die nabyheid van 'n baFokengstam. Die volgelinge van Napo sou later verdeel en bekend word as die Bahlakoana en Makhoakhoa wat onder Moshesh verenig sou word in die Basoetonasie.

In die tyd van Magôpa is die stam by Swartkoppies egter genoodsaak om die stamgebied te verlaat op soek na 'n standhoudende waterbron omdat hul eie as gevolg van 'n groot droogte nie meer in die stam se behoeftes kon voorsien nie. Die stam het noordwaarts getrek en hulle tydelik gaan vestig aan die oostelike oewer van die Krokodilrivier, waar dit saamvloei met die Maricorivier. Op hierdie tydstip was Ngwato en Ngwaketse wykshoofde onder Magôpa. Toe toestande weer normaal was, het Magôpa teruggekeer na die stamgebied, maar sy halfbroer, Kgabo, het met 'n gedeelte van die stam, waaronder die Ngwato en Ngwaketse-kgôrô's, agtergebly en later die huidige Botswana binnegetrek waar die Ngwato en Ngwaketse-kgôrô's gedurende die agtiende eeu as onafhanklike stamme weggebreek het. Die Kwenastam wat tans gevestig is te Molepolole is die nasate van hierdie groep wat onder Kgabo van die moederstam weggebreek het.

Die gedeelte wat onder Magôpa teruggekeer het na die ou

---

1. Ellenberger en MacGregor: a.w. p. 17

woonplek in die omgewing van Swartkoppies en wat bekend geword het as die baKwena baMagôpa, sou egter ook nie onverdeeld bly nie. Uit hierdie stam sou later vier baMagôpa-stamme spruit (die moederstam te Rustenburg; twee te Hammanskraal, en een te Ventersdorp); vier baKwena baModimosanastamme (drie te Rustenburg en een te Pilanesberg), asook die baPhalane van Pilanesberg. Ons kom later terug op hierdie vertakking en daarom sal dit nie hier volledig bespreek word nie.[1] Dit blyk dat hierdie laaste en grootste migrasiegroep ook nie die veelvoudige splitsings die hoof kon bied nie en dat die eertydse groot en sterk groep vandag in 'n hele aantal kleiner stammetjies aangetref word. Elke stam het egter 'n bepaalde plek in die senioriteitsorde van die groot geheel en dit is ons taak om in die volgende hoofstuk die posisie van die baPhôgôlê te probeer vasstel in hierdie senioriteitsorde. Ten einde dit te kan doen, is dit noodsaaklik om enkele verwysings te maak ten opsigte van die baFokeng en hulle geskiedenis.

(e) Die baFokeng:

Die herkoms en vroegste geskiedenis van die baFokeng is baie vaag en dikwels teenstrydig. Ellenberger [2] beweer dat die baFokeng vanaf Egipte of Ethiopië suidwaarts migreer het. Dieselfde tradisie wat verhaal van die segmentasie tussen die baRolong en baHurutšhe verhaal ook van die skeiding tussen die baHurutšhe en baFokeng. Tydens die suidwaartse migrasie het die baFokeng en baHurutšhe iewers in die huidige Botswana ontmoet en 'n tydlank vreedsaam saamgeleef. Na 'n onderlinge twis is die twee groepe uitmekaar en het die

---

1. Sien Hoofstuk III p. 40.
2. Ellenberger en MacGregor: a.w. p. 15

baFokeng verder suidwaarts getrek. In Transvaal sou die stam egter in twee verdeel het. Die een het in klein groepies suidwaarts versprei tot aan die Caledonrivier; die ander groep het onder hulle stamhoofde in Transvaal gevestig geraak en is later verstrooi deur die aanvalle van Mzilikazi.

Breutz [1] stel dat die baFokeng Transvaal binnekekom het naby Tweedepoort en in die begin van die agtiende eeu of selfs vroeër gevestig geraak het op Boschpoort. Tydens die agtiende eeu het hulle gevestig geraak by Phokeng. Tydens die aanvalle van Mzilikazi het die grootste gedeelte suidwaarts getrek tot naby Thaba Nchu. Nadat Mzilikazi uit Transvaal verdryf is in 1837, het die grootste gedeelte van die stam egter teruggetrek na hulle woongebied in die omgewing van Rustenburg. Breutz stel verder dat volgens tradisie die baFokeng vanuit die Noorde sou gekom het as deel van die Hurutšhegroep, en dat die segmentasie plaasgevind het in die tyd van Kwena. Dit is egter twyfelagtig waar die segmentasie plaasgevind het. In die bestaande literatuur is daar geen kapteinsgenealogie wat die verband tussen die baKwena en baFokeng bo alle twyfel kan aantoon nie.

E. DIE ONTSTAAN VAN 'N STAM:

Uit die voorgaande blyk dit dat die Tswanamigrasie-groepe verdeel het in 'n hele aantal stamme en daaruit vloei die vraag na die faktore wat meewerk tot die ontstaan van 'n stam. Hierdie vraag kan ook gestel word ter aanduiding van die oorsake wat lei tot die segmentasieproses en dit

---

1. Breutz, P.L: The tribes of Rustenburg and Pilanesberg districts, p. 56 par. 145 - 147

is derhalwe nodig om in kort hierop in te gaan.

Schapera [1] stel dat die oorlewerings oor hoe die stamme tot stand gekom het

> "...... show that it was a marked feature of the Tswana social system for new tribes to come into being through secession from a parent body. Often enough the breach was due to a dispute about succession to the chieftainship; alternatively, some close relative of the ruling chief, influenced by either ambition or a sense of injury, would break away from his rule and move with a following to some other locality. Here they would set up as an independant tribe under the chieftainship of their leader, by whose name they generally came to be known"

Opvallend is die feit dat die leier van 'n wegbrekende groep altyd 'n lid van die kapteinsfamilie was. Sover vasgestel kon word, is daar nie 'n enkele voorbeeld in die Tswanastamgeskiedenis waar 'n stam gestig is deur 'n gewone stamlid nie ------ en dit geld as verduideliking waarom die kapteinsgenealogie teruggevoer kan word tot 'n gemeenskaplike voorvader. Dit is ook 'n aanduiding dat die gewone stamlede geheg is aan hulle koninklike dinastie.

'n Ander opvallende feit is dat so talryk as wat die voorbeelde van segmentasie (fissie) in die Tswanageskiedenis is, net so skaars is voorbeelde van fusie of vereniging. Dit lei tot die gevolgtrekking dat daar beslis baie of gewigtige redes moes wees voordat 'n stam sy onafhanklikheid prysgegee het en onder die vlerk van 'n ander stam ingekruip het. Selfs die vernietigende aanslae van Mzilikazi kon nie 'n blywende Tswana-eenheid bewerkstellig nie. Weliswaar het oorlogsbedreiging, 'n onafwendbare simbiose, grondtekort of geweld as redes gegeld vir vereniging, maar in die meeste

---

1. Schapera, I: Ethnic composition, p. 11

gevalle was dit ook net tydelik. Volkome onafhanklikheid was dus 'n ideaal vir elke stam en is gesimboliseer deur 'n eie stamhoof en grondgebied.

Tussen die pole van segmentasie (fissie) en vereniging (fusie) is daar nog 'n aspek waarop die aandag gevestig moet word, naamlik die kwessie van interstamlike verhoudings en tydelike samewerking tot verwesentliking van 'n gemeenskaplike doel, byvoorbeeld die afweer van 'n dreigende vyand. Die verhouding kon positief of negatief wees. 'n Positiewe verhouding kom neer op die bestaan van vriendskapsbande tussen twee naburige stamme, wat dikwels verstewig is deur 'n huwelik tussen die kapteinsfamilies sodat daar selfs sprake was van 'n bloedband. Sodanige positiewe verhouding het ingehou die bekendmaking van gebeure binne die een stamgebied aan die ander stamhoof, die wedersydse deelname aan feestelikhede, uitlewering van vlugtelinge en selfs onderlinge hulp in tye van oorlog en hongersnood. Dit het ook gebeur dat die hulp van 'n naburige stamhoof ingeroep is om 'n geskil tussen die kaptein en lede van sy stam te besleg, soveel te meer as die twee genealogiese verbintenisse gehad het en die senioriteit van die een bo die ander erken is. 'n Algemene kenmerk van 'n positiewe verhouding, was die oor-en-weer stuur van boodskappers om deurlopende kontak te behou en ook te waarborg.

'n Negatiewe verhouding het gewoonlik gespruit uit een of ander vyandigheid, meestal as gevolg van 'n grensgeskil, veediefstal of die weiering om vlugtelinge uit te lewer. Aanhoudende treitering het gewoonlik op 'n gewapende offen-

sief gedui. Statte is afgebrand, vee en vroue gebuit, terwyl die mans moes vlug vir hulle lewe. Die oorwonne stam sou, indien hy nie daarin slaag om te vlug nie, 'n boodskapper stuur vir vredesonderhandelinge met die implikasie dat tribuut betaal moes word aan die oorwinnaar. Die oorwonne stam is meestal toegelaat om onder sy stamhoof te gaan woon en is 'n redelike mate van outonomie toegelaat. In die verdere verloop van sake is daar 'n besliste patroon te bespeur. Na 'n tyd sou die oorwonne stam net weier om verder tribuut te betaal aan sy eertydse oorwinnaar. In so 'n geval sou laasgenoemde 'n strafekspedisie stuur om die stam weer te onderwerp en die tribuut af te neem. Indien hierdie offensief slaag, is die status quo vir 'n aantal jare verseker; indien die offensief afgeweer kan word, was die eens oorwonne stam weer onafhanklik. Die oorwonne stam kon ook, hoewel verslaan, sy onafhanklikheid behou deur te vlug en agtervolging af te weer. Dit het egter die risiko meegebring dat ander stamme met wie hulle noodwendig in aanraking sou kom, hulle nie goedgesind sou wees nie.

In die lig van voorgaande sou ons die gevolgtrekking wou maak dat die Tswanastamme, voordat die blanke enige rimpel oor hulle staatkundige onafhanklikheid kon stuur, sosiopolities in afsonderlike, selfregerende eenhede of stamme bestaan het, alhoewel hulle kultureel en genealogies verwant was, en dat die neiging tot segmentasie veel sterker was as die tot vereniging, hoofsaaklik as gevolg van die waarde wat onafhanklikheid in hulle lewens ingeneem het.

Nieteenstaande die fissieproses, is die algemene stam-verwantskap tog erken in die sin van erkenning van poli-tieke en/of seremoniële senioriteit, en die erkenning van die geskiedenis wat die verband aandui.

# HOOFSTUK III.

## DIE PLEK VAN DIE baKWENA baMARE -a- PHÔGÔLÊ IN DIE TSWANAGEHEEL.

### A. INLEIDING:

In die vorige hoofstuk is die algemene geskiedenis en verspreiding van die Tswanastamme kortliks aangetoon, sonder dat daar enige verwysing was na die baKwena baMare -a- Phôgôlê, die stam onder studie. Dit is doelbewus en nie sonder rede gedoen nie. Die hoofrede is dat die geskiedenis en verspreiding van hierdie stam so vaag is en dat daar verskeie teorieë bestaan oor die herkoms van hierdie groep, dat dit wenslik geblyk het om dit afsonderlik aan te toon.

Die belangrikste vraag of probleem wat duidelik na vore tree, is die presiese verband wat daar bestaan tussen die stam onder studie en die groot Kwenastam. Dit bring mee dat die tydperk van vertakking vasgestel moet word en ook die omstandighede wat daartoe aanleiding gegee het. Die bepaling van die verband impliseer ook die vasstelling van die senioriteitsposisie van die stam en dit beteken die plekvasstelling van die stam in die breë Tswanaverband.

Dit dien egter hier aan die begin opgemerk te word dat die bronnegegewens wat daar wel bestaan, dikwels baie vaag en soms ook teenstrydig is. Wat die saak verder bemoeilik, is die feit dat die stam self feitlik niks meer weet oor sy vroegste geskiedenis nie, hoofsaaklik as gevolg van 'n verstrooiingstydperk van ongeveer 140 jaar, waarin die tradisies en stamgebruike nie oorgedra is nie,

omdat die stamlede nie in stamverband geleef het nie. Al hierdie dinge noodsaak ons dus om die bestaande teorieë te analiseer en te toets en daaruit sekere gevolgtrekkinge te maak, gegrond op die gegewens wat wel ter beskikking is.

## B. HISTORIESE OORSIG EN VERSPREIDING:

### I. Stamgeskiedenis:

Dit is eerstens nodig om die vertakkingsfase te probeer vasstel en daardeur dus die verband met die Kwenastam, indien enige. Hieroor is daar verskeie opvattings. Breutz [1] stel dat na Kwena, die stam verdeel het as gevolg van 'n groot hongersnood wat die mense verplig het om uitmekaar te gaan en nuwe woongebiede te soek. Die vertakkings sien soos volg daaruit:

Kwena

| Eerste hut | | Tweede hut | | |
|---|---|---|---|---|
| baModimosana | Phôgôlê | Mogôpa | Kgabo | baPhalane of baTlase |
| a. Ramanamêla | a. baKwena | baMogôpa | a. baModibedi | |
| b. Mmatau | b. baKhudu | | b. baMonaheng | |
| c. Maake | b. baKwena baMare-a-Phôgôlê | | c. baMokotedi | |
| d. Mmatlhaku | c. baFokeng | | d. baHlakwana | |
| | | | e. Makhoakhoa | |
| | | | f. baKwena van Molepolole | |
| | | | g. baKwena ba Molotšwane | |
| | | | h. baMoletsi van Pietersburg | |

Breutz maak ook die stelling dat dit nie seker is of die baModimosana 'n hoër rang het as die baPhôgôlê nie, of omgekeerd.

Volgens hierdie vertakking blyk dit dan dat die baPhôgôlê sou stam uit Kwena, 'n stelling wat nie hier bespreek sal word nie. Dit blyk verder dat daar 'n verband tussen die

---

1. Breutz, P.L. Die stamme van die distrik Ventersdorp, p. 114 par. 317

baModimosanastamme en die stam onder studie is, en dat genoemde twee stamme die seniors sou wees van die baMogôpa. In die voorafgaande hoofstuk is daar egter melding gemaak dat die baModimosana sou spruit uit die baMogôpa en dit is daarom nodig om breedvoeriger op die stelling in te gaan.

In die voorafgaande hoofstuk aangaande die nakomelinge van Kwena is gestel dat die stam vir 'n geruime tyd in die omgewing van Swartkoppies gebly het, todat 'n groot droogte hulle genoodsaak het om tot aan die Krokodilrivier te trek. Na die droogte het Mogôpa teruggetrek na Swartkoppies, terwyl Kgabo, die halfbroer van Mogôpa, tesame met die Ngwato- en die Ngwaketse-seksie, agtergebly en later na Botswana verhuis het. Breutz [1] maak melding van 'n twis tussen Modise en Sefofu, twee seuns van Mogôpa. Modise het sy vader vergesel na die stamgebied, terwyl Sefofu agtergebly het totdat sy opvolger, Modimosana, die stam in 'n westelike rigting gelei, die Magaliesberge oorgesteek en gevestig geraak het by 'n plek met die naam Mafatle (Renosterfontein 398). Daar is genoegsame getuienis om te poneer dat die baKwena baMogôpa en baKwena baModimosana verwant is, en dat die baModimosana nie spruit uit die eerste hut van Kwena nie, teenoor die MaMogôpa uit die tweede hut. Die stelling oor die senioriteit van die baModimosana en baPhôgôlê blyk dus nie van toepassing te wees nie, aangesien ons hier te doen het met twee stamme wat uit twee verskillende huise vertak het.

---

1. Breutz, P.L: The tribes of Rustenburg and Pilanesberg districts, p. 427, par. 1199 en ook p.84 par. 218
Vergelyk ook Breutz oor die stamme van Ventersdorp, p. 92 par. 252 en p.94 par.256

Breutz [1] beskryf die vertakking van die baPhôgôlê en baFokeng soos volg:

VI. Kwena

- VII. Phôgôlê
- VIII. Tšhukudu
- IX. Nape
- X. Setšheele
- XI. Mmutle
- XII. Phôgôlê
  - XIII. Khudu
    - a. baKhudu (Heidelberg)
    - b. baKwena baMongatene (Sekhukhuneland)
    - c. baKwena baFokeng baMmutle of baMapeo of Mojapodi.
  - XIII. Mare
    - Ngata
    - Tlhôpô
  - Milwana (Hoof van die baPhoka, baFokeng bagaMotlatla, e.a.

Phoka (baFokeng)

Voordat aandag gegee word aan die verspreidingsgeskiedenis, moet ons eers aandag gee aan die implikasies wat hierdie stelling van vertakking meebring. Eerstelik is daar die stelling van 'n verband tussen die baKwena en baFokeng. Soos vermeld in die voorgaande hoofstuk, is daar die teorie dat die baFokeng 'n baie ou stam is afkomstig uit Egipte of Ethiopië. [2] Weliswaar sou daar 'n kontakfase bestaan het tussen die baFokeng en die Kwene-Hurutšhe in die huidige Botswana wat verbreek is deur 'n twis tussen die twee groepe. Die herkoms en oorsprong van die baFokeng is nog nie bo alle twyfel vasgestel nie, maar dat daar 'n moontlike verband tussen die baFokeng en baKwena kon wees, word ook nie betwis nie, met die voorbehoud egter dat hierdie verband hoogstens met die kontak in Botswana sy ontstaan gehad het.

---

1. Breutz, P.L: Die stamme van die distrik Ventersdorp, p. 114 - 115 par. 318.
2. Ellenberger en MacGregor: a.w. p. 15

Tweedens is daar die vertakking tussen Phôgôlê en Phoka wat aandag verdien. Aan die begin met die vertakkinge volgens die verskillende huise van Kwena is die naam van Phoka verswyg, sonder enige verwysing daarna. By die volgende vertakking onder XII Phôgôlê word daar melding gemaak van Milwana wat hoof is van die baPhoka. Daar is twee moontlikhede, te wete dat die vertakking of toe eers plaasgevind het onder Milwana of dat die groep onder Milwana die groep onder Phoka onderwerp het. Met in agneming van die historiese feite, blyk laasgenoemde moontlikheid die aanneemlikste.

Oorlewering wil dat VII Phôgólê naby die huidige Zeerust gewoon het. Daar word vertel dat daar in die tyd van VII Phôgôlê en Phoka 'n groot hongersnood was wat die stam genoodsaak het om te trek. 1) Hierdie hongersnood blyk saam te val met die droogte wat Mogôpa ook genoodsaak het om te trek uit die stamgebied by Swartkoppies. Dit lei ons tot die moontlike gevolgtrekking dat die vertakking tussen die eerste en tweede huise kon plaasgevind het voor hierdie droogte en hongersnood. Wat hierdie vroeë segmentasie veroorsaak het, is nie bekend nie, maat dit lei onwillekeurig tot die vraag waarom die senior uit die eerste huis die stamgebied verlaat het, terwyl die tweede huis in die stamgebied gebly het. Hierop is daar geen antwoord nie, maar daar is 'n paar moontlikhede. Uit die algemene geskiedenis van die Tswana blyk die gewoonte dat die senior in die stamgebied bly, terwyl die junior broers die gebied verlaat mits hulle nie tevrede is met die regering van die

1. Breutz, P.L: Ventersdorp, p.115, par. 320.
Vergelyk ook Breutz, P.L: The tribes of Marico district, p. 25 - 28, par. 76;
Breutz, P.L: Rustenburg en Pilanesberg, a.w.p.59-60 par.154

senior nie. Dit is ook bekend dat die oudste seun nie noodwendig die opvolger tot die kapteinskap hoef te wees nie, vanweë sekere diskwalifikasies en omdat die finale besluit oor die opvolger in die hande van die kapteinsfamilie lê. Uit hierdie gewoontes spruit die volgende moontlikhede, naamlik dat of Phôgôlê was nie die senior uit die eerste hut nie, maar 'n seun uit een van die ander hutte wat weggebreek het om 'n nuwe stam te stig, of dat hy onterf is as gevolg van een of ander diskwalifikasie met die gevolg dat hy die stamgebied verlaat het met sy volgelinge. Dit is egter onmoontlik om hieroor 'n finale antwoord te gee, hoofsaaklik omrede die gebrek aan voldoende gegewens.

Volgens oorlewering sou VIII Tšhukudu, die opvolger van VII Phôgôlê, op Sekwane, naby Derdepoort (Botswana) gebly het en dat hy hiervandaan later ooswaarts sou trek.
IX Nape, die seun van Tšhukudu, het in die huidige baFokeng-gebied gewoon, in die distrik Rustenburg, waar 'n berg na hom genoem word. Daar is ook 'n berg Nape in die gebied van die baKwena baMongatane in Sekhukhuneland.[1] Van stamhoof X Setšheele is niks bekend nie, maar die naam is nie identies met die Kwena-kaptein Setšhêlê van Molepolole nie. Daar is ook weinig bekend van XI Mmutle behalwe dat van hom verhaal word dat hy die laaste kaptein was wat by Swartkoppies, die gemeenskaplike woonplek van alle Tswana gewoon het. XII Phôgôlê sou by die huidige stasie Meliodora (distrik Klerksdorp, oos van Ottosdal) gewoon het en na sy dood is die stam verdeel onder sy seuns Khudu, Mare en Milwana, hoewel die rede vir die verdeling nie bekend is

1. Ibid, p. 115 par. 320.

nie.

My informate wil egter dat die verdeling na XII Phôgôlê se dood in die omstreke van Rustenburg plaasgevind het. Die vertakking onder Khudu sou getrek het na die omgewing van Potchefstroom en daarvandaan is hulle later na die Vrystaat waar hulle by Thaba Nchu gevestig geraak het. Die trek na die Vrystaat het min of meer plaasgevind in die tyd van Mzilikazi se aankoms in Wes-Transvaal. Die groep onder Mare het na Gatsrand getrek en daarvandaan na Kokosi (Losberg). Die baFokenggedeelte onder Motlatla het die stam verlaat en ooswaarts getrek tot by die huidige Standerton en daarvandaan na die Vrystaat tot by Thaba Nchu. Milwana en sy volgelinge het suidwaarts getrek na die Vrystaat. Hy is gevolg deur Rrotolo en sy groep. Met die stam se verlating van hulle tradisionele woonplek, het 'n groep agtergebly "om die huis op te pas". Hierdie groep het die benaming "Diyale" gekry wat beteken "hulle wat agterbly". Hierdie groep is vandag in die omgewing van Rustenburg, onder stamhoof Edward Lebone.

Uit bogenoemde gegewens blyk dit dat die stam na die dood van XII Phôgôlê versprei het hoofsaaklik na Suid- en Wes-Transvaal en die Vrystaat. Die opmerking dat ook die baFokeng die gebied verlaat het, impliseer dat die stam op daardie stadium nog in die omgewing van Rustenburg was en dat daar dus 'n goeie verhouding tussen die twee groepe moes gewees het. Wat die verdeling en gevolglike verspreiding veroorsaak het, is egter nie bekend nie. Tog kan ons bogenoemde data ook nie sonder meer aanvaar nie. Die geskiedenis van

die baFokeng van Rustenburg asook die baFokeng ba ga Motlatla ondersteun nie al die feite nie. Die geskiedenis van die ba ga Motlatla verhaal van die stam se verblyf by Parys, Kroonstad, Vredefort, Heidelberg en Bothaville.[1] In die ooste van die gebied het 'n deel van die stam gewoon wat vandag bekend is as die baKwena baMare -a- Phôgôlê. Uit hierdie gegewens is daar geen aanduiding van die ooswaartse trek tot by Standerton nie. Uit die geskiedenis van beide stamme is daar geen getuienis dat hulle afgesplits het van die baPhôgôlê nie, sodat ons hierdie vertakking moet bevraagteken.

Oor die baFokeng van Rustenburg stel Breutz [2] dat hulle voor 1830 uit die volgende stamseksies bestaan het in senioriteitswaarde:

a) baKwena baMare -a- Phôgôlê;
b) ba Mogagabe;
c) baKhudu;
d) ba ga Motlatla;
e) ba Mogatla; en
f) ba Thêkwane

By ontleding van hierdie stelling, blyk dat die naam van die eerste stamseksie ook die naam is van 'n hele stam. Die seksies baMogagabe en baMogatla maak vandag deel uit van die stam onder studie en die kaptein is uit die baMogagabe-familie. Die baMogagabe is slegs 'n deel van die huidige Maloka-kgôrô, (terwyl die baMogatla 'n volledige kgôrô is). Dit is ook opmerklik dat die baKhudu nie die senior is nie, terwyl Khudu tog die eersgeborene sou wees. In sy werk oor die stamme van Ventersdorp maak Breutz [3] ook die opmerking

1. Breutz; Ventersdorp, p. 76 par.200
2. Breutz: Rustenburg, p. 60 par. 154.
3. Breutz: Ventersdorp, p. 116 par. 323

dat die baKhudu die hoogste rang van alle baKwena gehad het. Die baKhudu het vandag egter as stameenheid verdwyn en sy aanspraak op senioriteit prysgegee, maar voor 1830 was dit nog 'n selfstandige stameenheid. Die baThêkwane is vandag die baFokeng van Rustenburg, met ander woorde, die "Diyale" groep, volgens my informante.

Oor die baKhudu stel Breutz [1] dat die baKwena ba Mongatane in Sekhukhuneland en die baKwena baFokeng ba Mmutle, ook ba Mapeo of Majapudi, later van baKhudu weggebreek het. Die baKhudu het vroeër by Heidelberg gewoon in hulle stat Dipaleng, wat na bewering vernoem is na een van hulle laaste kapteins, te wete Mpale. Hulle laaste kaptein was Thaabe en na sy tyd het die stam heeltemal verspreid geraak oor die Vrystaat en Sekhukhuneland. Oor die latere afstammelinge van die baKhudu is daar egter ook twyfel uit te spreek. Ellenberger [2] skryf dat Napo, nadat hy die groot baKwenastam verlaat en hom gevestig het in die Vrystaat by Tafelkop, naby 'n baFokengstam gewoon het. Hierdie baFokengstam was die baMmutla (baFokeng ba-mutla-o-yeoa-tala). [3] Die baFokeng baMapea of ook genoem die Mayapudi is 'n vertakking van die baMmutla [4] en het by benadering ontstaan in die tweede helfte van die sewentiende eeu. Dit impliseer dus dat die vertakking van die baKhudu uit die baPhôgôlêstam voor hierdie tyd moes plaasgevind het, heelwaarskynlik aan die begin van die sewentiende eeu of selfs vroeër. Dit is egter opmerklik dat die naam van die kaptein Khudu nie ge-

---

1. Breutz; Ventersdorp, p. 116, par. 323
2. Ellenberger en MacGregor: a.w. p. 17
3. Id: p. 68
4. Id. p. 359

gee word in die kapteinsgenealogie van die baFokeng baMmutla nie. Ellenberger [1] dui wel die naam Khulo aan in die genealogie van die baFokeng en dan moet hier bygevoeg word dat die genealogie in Suid-Sotho gegee word en by vertaling na Tswana Khudo sal wees. Die tydstip wat aangegee word, is 1130 N.C., dit wil sê aan die begin van die twaalfde eeu. Interessant is die feit dat die kapteinsname van die baPhôgôlê voor die vertakking in die baKhudu, baMare en baMilwana in die breë ooreenstem met die name van die vroegste baFokengkapteins soos gegee deur Ellenberger [2]. Dit lei dan daartoe dat daar eerder aansluiting gesoek moet word by die vroeëre baFokengstamme, alhoewel daar geen onbetwisbare getuienis hiervoor gevind kan word nie. Ook my informante verbind die stam aan die groot baKwenastam. Die vergelykende genealogie is soos volg:

| | baFokeng [3] | baPhôgôlê [4] |
|---|---|---|
| ± 980 | Napo | Kwena |
| 1010 | Setsete | Phôgôlê |
| 1040 | 'Mutle | Tšhukudu |
| 1070 | Phôgôlê | Nape |
| 1100 | Mare | Setsheele |
| 1130 | Khulo | Mmutle |
| | | Phôgôlê |
| | | Khudu — Mare — Milwana |

Die verband tussen die baKwena en die baFokeng is egter nie duidelik nie en die beskikbare bronne werp ook geen lig op hierdie aspek nie, sodat hieroor nie 'n uitspraak gegee kan word nie.

Milwana, die jongste seun, het volgens Breutz, [5] die hoof

---

1. Ellenberger: p. 357
2. Id. p. 357
3. Ellenberger en MacGregor: a.w. p. 357
4. Breutz: Ventersdorp, p. 115 par. 318
5. Id. p. 116, par. 324

van die baFokeng baMotlatla en die baFokeng van Rustenburg geword. Milwana het op Gaumakwe, naby Potchefstroom gewoon en sy verpligting teen die baPhôgôlê-kaptein was om die „lekgêtho"(bydrae) in te samel. Uit die beskikbare gegewens blyk dit dat Milwana nie die hoof van die baFokeng van Rustenburg was nie, aangesien hierdie groep hoofsaaklik in die omgewing van Rustenburg gebly het. Dit is reeds genoem dat die bagaMotlatla in die omstreke van Parys gewoon het en dit korrespondeer dus met Breutz se stelling hier. Die verpligtingsaspek is, vanweë die gebrek aan genoegsame gegewens, nog aanvaarbaar, nog verwerplik.

Die eerste hoof van die baPhôgôlê-a-Mare was XIII Mare. Aangaande sy doen en late is min bekend, behalwe dat hy twee seuns gehad het by name XIV Ngata en Tlôpô. Ngata het sy vader opgevolg, terwyl Tlôpô die stam verlaat het met sy volgelinge en suidwaarts getrek het tot in die Vrystaat. Aangaande die afstammelinge van Tlôpô, spreek Ellenberger [1] hom soos volg uit:-

> „Another and more numerous clan (of the baFokeng) [2] was composed of the families and followers of the three sons of Mare, whose father, Tlôpô, either died on the road or before they crossed the Vaal. They settled between Tikoane (Sand River) and Makeleketla (Winburg)"

Ellenberger spreek hom egter nie uit oor die voorvader van Tlôpô nie, sodat daar geen kontrolerende gegewens is of die vertakking deur Breutz genoem wel korrek is nie. Indien dit egter so is, dan bestaan daar feitlik geen twyfel daaroor dat die baKwena baMare -a- Phôgôlê van baFokeng-oorsprong is

---

1. Ellenberger en MacGregor;: a.w. p. 68
2. Gedeelte tussen hakies is eie invoegsel.

nie. My informante wil egter dat hulle van Kwena afstam en dit word verder ook deur Breutz onderskryf soos blyk uit die voorafgaande ontstaansgeskiedenis. Die kapteinsgenealogie van Tlôpô [1] sien so daar uit:

- Tlôpô
  - Mare
    - Komane (baFokeng baMare baKomane)
    - Ntsikoe
      - Kalane (baFokeng baMare ba Dijane)
      - Khapelo
      - Sefiri
    - Phaatsa
      - (a) baMotanayane
      - (b) baMakare
      - (c) Sebetwane se volgelinge
      - (d) baFokeng baPhaatsa.
  - Mallane

Ellenberger [2] stel dit soos volg:

1570 - 1600 Tlôpô
- Mare
- Ntsikoe
- Sefiri
- Kata
- Molise
- Ntahle
- Seephephe
- Matete
- Setha
- Bernard

Breutz stel dat die stam onder die regime van XIV Ngata verdeel is in vier dele, elk onder leiding van 'n seun van die kaptein. Die segmentasie is soos volg: [3]

a. Matsukubjana, Rakwena (koninklike) clan [4]
b. Moraale, baRaale-clan
c. Maloka, baMaloka-clan
d. Mogatla, baMogatla-clan

1. Breutz: Ventersdorp, p. 117 par. 326
2. Ellenberger en MacGregor: a.w. p. 394
3. Breutz: Ventersdorp, p. 117 par. 327
4. Die term „clan" word hier aangewend soos Breutz dit doen. By die Sothovolk is daar egter geen clans as eksogame groepe nie.

My informante wil dat hierdie verdeling plaasgevind het in die tyd toe Matsukubjana kaptein was tussen sy seuns Kwena, Morabo, Maloka en Mogatla. [1] Hierdie seuns het elkeen hoof geword van 'n kgôrô, naamlik die Rakwena-; baRaale-; baMaloka-; en baMogatla-kgôrô's.

Die kapteinsgenealogie gaan aan soos volg: [2]

XII Phôgôlê

Khudu — XIII Mare — Milwana

XIV Ngata — Tlôpô

XV Matsukubjana

XVI Kwena = Lefukumetsi

XVII Mabatlane

XVIII Titê = Dite

XIX Masilo

XX Kokosi

XXI Mpônê

XXII Mpudi = Mampoli = Mŏsate

XXIII Thekiso

Die geskiedenis van al bogenoemde kapteins is nie baie duidelik nie en selfs my informante kon nie lig werp op die woonplekke van die stam nie. Die enigste leidraad wat daar wel is, blyk uit die name van die kapteins wat korrespondeer met plekname. Die naam Matsukubjana korrespondeer met die naam van 'n rivier in die distrik Rustenburg, wat moontlik daarop dui dat die stam op daardie stadium hulle in die omgewing van Rustenburg bevind het. Volgens

1. Hierdie gegewens is verkry uit notules van vergadering van komitee, gestig tydens verblyf van 'n gedeelte van stam op Klipgat onder leiding van Markus Ngakane.
2. Breutz: Ventersdorp, p. 118, par. 328

Breutz [1] is Mabatlane 'n ander pleknaam vir Gwathe in die baFokeng-gebied van Rustenburg wat miskien 'n aanduiding kan wees dat die stam toe nog in die baFokeng-gebied was. Die trekrigting daarvandaan was heelwaarskynlik na Kliprivier, naby Orlando, want die rivier is vernoem na XVIII Dite. Daar is niks bekend van XIX Masilo nie. Onder kaptein XX Kokosi het die stam by Kokosi, dit is Losberg by Fochville, gewoon wat ook die laaste bekende hoofstat van die stam was. Die stam het vir 'n geruime tyd in hierdie omgewing vertoef, want die laaste kaptein was XXIII Thekiso wat ook in hierdie omgewing gevestig was.

In die tyd van XXXII Thekiso was die grense van die stamgebied meer of min soos volg: [2] In die weste, van die Odirivier (Krokodil) by Krugersdorp en die Mooirivier naby Boons tot by Potchefstroom en die Vaalrivier. Die noordelike grens was Boons, Krugersdorp en Boksburg. In die ooste het die grens gestrek vanaf Boksburg tot by 'n plek tussen Wolwehoek en Oranjeville in die Vrystaat. Die suidelike grens was van laasgenoemde plek tot 'n punt effens wes van Parys. Die stam se bure, die baKhudu, het op Heidelberg en Stoffberg [3] in die Vrystaat gewoon. Volgens my informante het die stam op daardie stadium nog nie die Vaalrivier oorgesteek nie en was die suidelike grens derhalwe die Vaalrivier. Te oordeel aan die groot gebied wat die stam bewoon het, skyn dit asof die stam numeries groot was.

In die geskiedenis van die baKwena baMare -a- Phôgôlê vind ons ook die Tswanagewoonte waarvolgens 'n stamhoof die stam

---

1. Breutz: Ventersdorp, p. 118 par. 329
2. Breutz: Ventersdorp, p. 119 par. 330
3. Id. " p. 119 par. 330

verdeel onder sy seuns met die oudste seun die moes senior en die ander as sy ondergeskiktes. Hierdie aanvanklik ondergeskiktes het soms weggebreek en onafhanklike stamme geword, soos aangedui is in die vorige hoofstuk oor die ontstaan van 'n stam. Die seuns het elkeen hoof geword van 'n kgôrô en het sekere pligte gehad wat hulle moes vervul teenoor die kaptein. Soos reeds vermeld, is die stam in vier dele verdeel. Die kgôrô's en sub-kgôrô's met hulle pligte was soos volg:

1. <u>Rakwena-kgôrô</u>:[1] Die kaptein het tot hierdie kgôrô behoort. Die sub-kgôrô's was (a) Thekiso
(b) Motitswe
(c) Kgaile

Hierdie kgôrô was die kapteinskgôrô en dus ook die senior kgôrô. Volgens my informante het die kapteinskgôrô uit die volgende sub-kgôrô's bestaan:[2]

(a) Motitsoe = Motitswe
(b) Lekoapa
(c) Sebogoli
(d) Moithupi

II. <u>baRaale-kgôrô</u> bestaande uit die volgende sub-kgôrô's:

(a) Mafojane
(b) Padi
(Mo Modise

Hierdie kgôrô se plig was om die stamhoof by te staan in die administrasie van die stam en om die voorsitter van die raad (lekgotla) te lewer. My informante kon egter nie die pligte van hierdie kgôrô bevestig nie. Volgens Tswanagewoonte tree elke senior manlike persoon van 'n kgôrô op as voorsitter van die kgôrô se <u>lekgotla</u> en nie as voorsitter van 'n meer senior kgôrô se raad nie, aangesien daardeur 'n presedent geskep

---

1. Breutz: Ventersdorp, p. 120 par. 331
2. Verkry uit 'n geskrewe stuk uit Suid-Sotho van my informant Phantsi Jakob Thekiso op Klipgat.

kan word tot 'n eis om hoër senioriteit. Die stamhoof is gewoonlik bygestaan deur sy eie familielede, terwyl hyself die voorsitter van die stamraad was uit hoofde van sy amp.

III. baMaloka-kgôrô:

(a) Mogagabe

(b) Malefetsi

(c) Motsumi

Hierdie kgôrô sou, volgens oorlewering, die jagters van die stamhoof wees wat op jag moes gaan in die gebied tussen Kokosi en Monanyane, dit is tussen Losberg en Vereeniging.

IV. baMogatla-kgôrô:

(a) Raditlhalo


(b) Ngakane

Hierdie kgôrô sou die stamhoof se beeswagters gewees het.

Dit dien hier opgemerk te word dat oor hierdie vertakking daar nie baie duidelikheid en sekerheid bestaan nie, veral nie ten opsigte van die pligte van elk van hierdie kgôrô's nie. Die latere stamgeskiedenis sou 'n besliste invloed uitoefen op die gegewens van hierdie fase. Die rede vir hierdie stelling is dat daar vandag onenigheid bestaan oor die kapteinskap en dat daar twee partye is wat wedywer om hierdie posisie, selfs nadat die Regering aan 'n kaptein erkenning verleen het en laasgenoemde ook ingehuldig is. Die gevolg is dat beide partye gegewens verstrek om hulle eie posisie te begunstig en daardeur feite verswyg wat belangrik mag wees.

II. Verstrooiing van die stam:

Tot op hierdie stadium was die stam se geskiedenis sonder




VERSPREIDING VAN DIE BAKWENA BAMARE-A-PHÔGÔLÊ

veel intriges en het die stam vreedsaam geleef, maar nou het daar 'n tydperk van onrus aangebreek vir bykans al die Bantoestamme in Suidelike-Afrika. Onder die Suid-Sotho het hierdie tydperk bekend gestaan as lifaqane en het 'n besliste wending in die gang van sake teweeggebring met 'n diepgaande betekenis vir bykans alle Bantoestamme. Dit het byvoorbeeld bygedra tot die ontstaan van die Basoetonasie waardeur feitlik al die stamme in die Vrystaat verenig is. Die baKwena baMare -a- Phôgôlê sou ook nie die gevolge van hierdie tydperk ontkom nie.

Die baPhôgôlê het onder kaptein XXIII Thekiso, wat omtrent 1730 - 1750 gebore is, die stamgebied bewoon soos tevore gemeld. [1] Die tydperk 1800 - 1830 sou verreikende gevolge vir hierdie stam hê. Oorleweringe verhaal van 'n Zoeloeaanval in die tyd van Thekiso waarin die grootste gedeelte van die kapteinsfamilie na Zoeloeland geneem is. Vandaar sou hulle later ontvlug en na Thaba Nchu gegaan het. Thekiso se seun, Sebogodi, is in 'n aanval van Mzilikazi naby Randfontein gedood. Dit is nie bekend of hy stamhoof was nie, hoewel bykomstige gegewens daarop dui dat hy nooit stamhoof sou word nie. My informante uit die baMaloka- en baMogatla-kgôrô verhaal egter van 'n veel tragieser lot wat die stam getref het. Volgens hulle sou XXIII Thekiso die stam mishandel het sodat daar ontevredenheid ontstaan het in genoemde twee kgôrô's wat uitgeloop het op 'n bloedige opstand waarin die Rakwena- en baRaale-kgôrô verslaan en verdryf is. As rede vir die verdrywing van laasgenoemde kgôrô word aangevoer dat hulle die stamhoof ondersteun het.

---

1. Vergelyk Hoofstuk III, Afdeling B, p. 52.

Na die onttroning van XXIII Thekiso het die baMaloka-kgôrô die kapteinskap oorgeneem op grond van hulle senioriteit bo die baMogatla-kgôrô. Mogagabe, ook genoem Kwena, het stamhoof geword.

Voorgaande gegewens moet egter beskou word in die lig van die onderlinge wedywering wat daar vandag bestaan. Beide partye poog om 'n gunstige indruk te skep en alles te swyg wat hulle in 'n ongunstige lig kan stel. Die verhaal van 'n Zoeloe-aanval is nie ongegrond nie, want dit is bekend dat Mzilikazi na so 'n ekspedisie van Tsjaka weggebreek het. Dit is egter nie bekend of die aanvalle van die Zoeloes so diep die binneland in was nie. Net so is die verhaal van die „burgeroorlog" ook nie onmoontlik nie, aangesien daar geen rede is waarom dit nie in genoemde omstandighede moontlik was nie. Die enigste maatstaf is daarom die omstandighede en daaroor bestaan geen gegewens behalwe die wat verstrek is deur die informante nie. Wat ook al die geval mag gewees het, feit is dat die stam en stamstruktuur tot 'n sekere mate ontwrig is.

Die stam is egter nie veel tyd gegun om die ontwrigting te bowe te kom nie, want nie baie later nie is die stam aangeval deur Mzilikazi en moes haastiglik vlug. Baie het in hierdie aanval omgekom en dit is bekend dat Sebogodi, seun van XXIII Thekiso, ook tydens hierdie aanval gesterf het. Die oorlewendes het in alle rigtings gevlug om die dood te ontkom, sodat die stam sedert daardie stadium nie meer as 'n eenheid bestaan het nie en in der waarheid 'n stam in ballingskap was.

# SAAMGESTELDE KAPTEINSGENEALOGIE

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | I | MOGALE | | |
| | III | MHETE | | |
| | III | MELORE | | |
| | IV | MASILO | | |
| | V | MALOPE | | |
| MOHURUTŠHE | VI | KWENA | NGWATO | E.A. |
| | VII | PHÔGÔLÊ I | MAGOPA | KGABA PHALANE |
| | VIII | TŠHUKUDU | | |
| | IX | NAPE | | |
| | X | SETSHEETE | | |
| | XI | MMUTLE | | |
| | XII | PHÔGÔLÊ II | | |
| KHUDU | XIII | MARE | | MILWANA |
| | XIV | NGATA | TLOPO | |
| | XV | MATSUKUBJANA | | |
| | XVI | LEFUKUMETSI | | |
| | XVII | MABATLANE | | |
| | XVIII | TITÊ | | |
| | XIX | MASILO | | |
| | XX | KOKOSI | | |
| | XXI | MPÔNE | | |
| | XXII | MPUDI | | |
| | XXIII | THEKISO | | |
| | XXIV | MOGAGABE | | |
| | XXV | MOTHUPI | | |
| | XXVI | PULE | | |
| | XXVII | NOTSE | | |
| | XXVIII | SETLHAKE | | |

Die volledige genealogie van die kapteins na Pule gaan soos volg:

(1)

GENEALOGIE VAN KAPTEINSFAMILIE (vervolg)

XXVI PULE @ RADIRA

- x O Madira
  - A Dire +
    - x O Manotse
      - A XXVII NOTSE +
        - x O ?
          - A Oratamang +
          - A Gaborone
          - A Rankokone @ Kok
      - A Paulus +
      - A Frank +
      - A Shasha +
  - A XXVIII SETLHAKE+
- x O Mamogapi
  - A Mogapi +
    - x O Maje
      - A Makgale +
        - x O Letta
          - A **STEPHEN** (XXIX)
            - x O Irene
              - A Pieta
              - A Jafta
          - A Tsele +
          - A Bos
      - A Ismael
      - A Mofonyoko
  - A Ramokadi +
    - x O Rachel
      - A Mokadi +
      - A Solomon +
      - A Alfeus +
      - A Hendrik +
      - A Mashack
    - x O Mamusi
      - A Muši +
      - A Ramoatse +
      - A Panana +
      - A Perisi
      - A Kalebone
  - A Šaodi +
    - x O Masofania
      - A Sofania +
      - A Simi
        - x O ?
          - A Sam
          - A Makokontela
          - A Madolo
      - A Tjoko +
        - x O ?
          - A Boitjie
          - A Girlie
      - A Abram (huidige Ntona)
      - A Radira +
      - A Buti

x
0 Mamatlatsi ┬ A Matlatsi +
x
0 ? ── A Johannes
- A Noag
- A Rapula +
- A Bogodi

- A Ramokone
- A Ramontso +

x
0 Mamogare ┬ A Tšhukudu @ Andries +
- A Tšhoko

x
0 Mosai ┬ A John Ramabanye +
x
0 ? ── A Paul
- A Vivian

- A Jacob +

x
0 Masalapa

---

A = Manlik

x = getroud met

0 = vroulik

@ = ook bekend as

\+ = reeds oorlede

## C. VERSTROOIINGSTYDPERK:

Die gevolge van die tragiese rampe wat die stam getref het tussen die jare 1820 - 1830 het verreikende gevolge gehad. Om die betekenis van die gebeure volgende op die verstrooiing in die regte perspektief te sien, is dit eerstens nodig om die lot van die vlugtelinge na te gaan.

### I. Verspreiding:

Uit die voorgaande geskiedenis blyk dit dat stamhoof XXIII Thekiso, wat ook al sy lot was, nie die aanval van Mzilikazi deurgemaak het nie. Die kaptein XXIV Mogagabe het met die grootste gedeelte van die baMaloka-kgôrô ontvlug na die huidige Lesotho. Die baMogatla-kgôrô het egter in die stamgebied rondgeswerf en slegs gesorg om buite die bereik van Mzilikazi te bly. 'n Deel van laasgenoemde kgôrô het later gevestig geraak op Misgund,[1] langs die Kliprivier. Misgund is geleë nie ver ten suide van die huidige Baragwanath-Bantoehospitaal nie. 'n Ander gedeelte van hierdie kgôrô het op Vlakplaas,[2] in die distrik Vereeniging, gewoon het totdat hulle, saam met die groep op Misgund, in 1913 Klipgat, in die distrik Ventersdorp, aangekoop het en hulle daar gaan vestig het. Ander lede van hierdie kgôrô het hulle op Blanke plase in die nabyheid gevestig. Die lot van die Rakwena- en baRaale-kgôrô is nie bekend nie, maar oorleweringe wil dat 'n gedeelte van die Rakwena-

---

1. Die plaas Misgund is in 1895 aan die Misgund Estate and Gold Mining Company, Ltd. verkoop. Dit beteken dus dat hierdie stamgedeelte sedert 1895 op myngrond gebly het. Dit was miskien ook die bron wat hulle in staat gestel het om later grond te kon koop
2. Volgens Mnr. H.P. Kloppers het die gedeelte op Vlakplaas daar diamante gedelf vir die eienaar. Dit verklaar ook die bron wat hulle in staat gestel het om later die plaas Klipgat te kon koop.

kgôrô na Sekhukhuneland gevlug het en andere na Lesotho en die Oos-Vrystaat. Die meeste lede van die baRaalekgôrô is vandag in Orlando, Johannesburg, terwyl daar ook nog sommige by Thaba Nchu is. Daar kan dus aangeneem word dat hulle ook die Vrystaat en Lesotho as ontvlugtingsoord beskou het.

Die rede waarom die grootste gedeelte van die stam na die Vrystaat en Lesotho uitgewyk het, lê na alle waarskynlikheid opgesluit in die feit dat Mzilikazi die aftog moes blaas teen Moshesh, en sy strooptogte verder noordwaarts gerig het. Daar moes dus by die stam die vermoede bestaan het dat Mzilikazi nie weer vir Moshesh sou lastig val nie en daarom seker kon wees van 'n redelike mate van veiligheid in die nabyheid van Moshesh. Die oogmerke van die baMogatla-kgôrô met 'n swerwersbestaan in die stamgebied is nie bekend nie, maar dit mag wees dat hulle gehoop het om die gebied te behou as Mzilikazi verder noordwaarts sou trek.

Die lotgevalle van die stam gedurende hierdie tydperk was nie voorspoedig nie, soos blyk uit die geskiedenis van die kapteins. In Lesotho is XXIV Mogagabe opgevolg deur sy seun, XXV Mothupi. Die feit dat opvolging wel plaasgevind het, bewys egter nie die onafhanklike voortbestaan van die stam nie. In Lesotho was al die hoofde van die vlugtelingstamme aan Moshesh onderhorig, alhoewel hulle toegelaat is om hulle eie mense te regeer. Hierdie onderhorige kapteins moes egter gereeld belasting betaal aan Moshesh.
Na Mothupi, ook bekend as Nkokoto, se dood was sy seun,

XXVI Pule, nog minderjarig en kon hy nie die kapteinskap oorneem nie. Daar is derhalwe besluit dat 'n regent sou waarneem tot tyd en wyl Pule die kapteinskap kon oorneem. Malefetse is aangewys as regent en het die stam regeer, maar toe Pule oud genoeg was om die kaptein te word, het Malefetse geweier om die „stoel" af te gee. Hierdie gebeurtenis het die ore van Motshume, hoofman van die Mogatla-kgôrô op Misgund bereik via ene Ngakane wat uit die Vrystaat teruggekeer het. Motshume was toe reeds besig met planne om die stamlede bymekaar te bring en die stam weer tot 'n eenheid saam te voeg. Op die lekgotla van die Mogatla-kgôrô is daar besluit om die Pule in Lesotho te gaan haal. In 1897-98 het XXVI Pule, die wettige opvolger van Mothupi, dan ook as kaptein van die stam op Misgund gevestig geraak. My informante vertel dat op die tydstip toe Pule gaan haal is, hy reeds drie vrouens gehad het wat wys op sy bevoegdheid om die kapteinskap oor te neem. XXVI Pule, ook genoem Radira, is in 1915 oorlede en het sy oudste seun, Dire, oorleef wat dan ook nooit self kaptein was nie. In 1919 is XXVII Notshe, die oudste seun van Dire, deur die stam as kaptein erken, maar hy is in die daaropvolgende jaar oorlede. Sy oudste seun, Oratamang, was op daardie stadium nog minderjarig en daar is gevolglik besluit om die broer van Dire, XXVIII Setlhake, aan te stel as regent totdat Oratamang die kapteinskap kon oorneem. Oratamang is egter sonder nakroos oorlede voordat hy deur die stam as kaptein erken is. Na XXVIII Setlhake se dood was die stam dan ook kapteinloos totdat latere gebeure die stam sou dwing om 'n kaptein aan te wys.

Vir die stam se verblyf in die Vrystaat en ook in Lesotho is daar genoegsame bewyse. Breutz [1] skryf ten opsigte van die baFokeng ba ga Motlatla dat die stam sedert ongeveer 1660 of 1690 gevestig was in die Vrystaat en Suidelike Transvaal. In die ooste van die gebied het 'n deel van die stam gewoon wat vandag bekend is as die baKwena baMare -a- Phôgôlê. Hierdie gedeelte verwys na die stam se verblyf in die omgewing van Losberg. Breutz [2] skryf ook dat Malefenyane, stamhoof van die baKwena ba Molotšwane eers in die huidige Lichtenburgdistrik, toe op Motsuane (by Klerksdorp) gewoon het en daarvandaan na Thaba Nchu getrek het, waar die stam die bure van die baKwena baMare -a- Phôgôlê was. Volgens oorleweringe het die baMolotšwane aan die noordekant van die berg gewoon, terwyl die baPhôgôlê ten ooste van die berg gevestig was, met 'n deel van die ba-Kwena ba Modimosana ten suide daarvan. Schüler [3] skryf dat die meeste van Moroka se volgelinge eintlik vreemde „Tswana" was, woonagtig te Thaba Nchu onder hulle onderskeie kapteins wat Moroka as hulle opperhoof erken het. So was daar oorblyfsels van die Rrapulanagroep onder Seatlholo, 'n jonger broer van Matlaba; oorblyfsels van die Rratlou onder Sebeco; 'n Molotjana-groep van die Kwena onder Letlojane; 'n Motlatlagroep onder Nyokong, en 'n groep van die Phôgôlêstam (Baga-Phôgôlê) onder Mma-Mare. Die naam Mma-Mare wys daarop dat dit baMare -a- Phôgôlê was, aangesien dit bekend is dat die stam nie 'n kaptein Mare in daardie tydperk gehad het nie. Dit lyk dus asof die groep hulle

---

1. Breutz: Ventersdorp, p. 76 par. 200
2. Id: a.w. p. 104, par. 287
3. Schüler, G.M.K: a.w. p. 53

onder Moroka geskaar het en nie onder Moshesh nie, maar daar moet in gedagte gehou word dat Moroka aanvanklik ook ondergeskik aan Moshesh was en later eers weggebreek het.

II. Koms van die Blanke:

Dit is bekend dat die Voortrekkers kort na hierdie tydperk van oorloë en stamverskuiwings, in die Vrystaat aangekom het. Selfs hulle moes 'n aanval van Mzilikazi trotseer en in die gevolglike twee strafekspedisies deur die Voortrekkers is Mzilikazi verdryf. Na die verdrywing van Mzilikazi is die orde herstel in die binneland van Suidelike-Afrika, maar hiermee is ook die tydvak van blanke beheer - en Tswana afhanklikheid - ingelui.

Die koms van die blanke en die gevolglike kontak tussen blank en nie-blank sou nie sonder belangrike gevolge wees nie. In die eerste plek het dit die afhanklikheidsera van veral die Tswana ingelui. Dit moet egter hier opgemerk word dat die meeste Tswanastamme, na hierdie tydperk van oorloë en stamverskuiwings, nie meer as onafhanklike eenhede bestaan het nie en dat daar 'n grootskaalse onderlinge assimilasie aan die gang was. Die terugkerende Tswana het die blanke oorwinnaars oor Mzilikazi as eienaars van die land beskou en hulle is deur die blankes toegelaat om hulle ou woonplekke te betrek op voorwaarde dat hulle ordelik sal lewe. Die Tswanastamme het teruggekeer na hulle gebiede, maar veeroof van mede-Tswana en ook blankes het so 'n omvang aangeneem dat die vestiging van blanke gesag oor die Tswana noodsaaklik was. Onder hierdie omstandighede het die blanke beheer verbrei oor bykans al die Tswanastamme waarmee die blankes in aanraking gekom het. Daarom is dit

nodig om kortliks te wys hoedanig die baPhôgôlê deur die koms en vestiging van die blankes geraak is. Daar moet egter in gedagte gehou word dat die stam op daardie tydstip verstrooi was en in hoofsaaklik twee gebiede gevestig was, naamlik by Thaba Nchu en in die suidelike Transvaal sodat dit wenslik is om beide groepe afsonderlik te beskryf.

Soos reeds gemeld, het die kapteinsfamilie asook die grootste gedeelte van die stam na Thaba Nchu gevlug waar hulle hulle gevestig het as ondergeskiktes van Moshesh. Laasgenoemde het aan baie vlugtelingstamme asiel verleen en hulle toegelaat om in sy gebied te woon. In 1843 is Moshesh se jurisdiksie oor die gebied tussen die Oranje- en Caledonriviere amptelik erken deur 'n verdrag met die Kaapse Goewerneur, Sir George Napier. [1] Kort hierna het sommige van die kapteins wat met spesiale toestemming van Moshesh toegelaat is om in die gebied te bly, hulle regte opgeeis op grond wat, volgens hulle, hulle eiendom sou wees. Die belangrikste kapteins was Moroka en Gert Taaibosch en hulle is ondersteun deur Wesleyaanse sendelinge. [2] Soos gemeld was die baPhôgôlê onder die gesag van Moroka en het dus deelgeneem aan die poging om hulle los te maak van Moshesh.

In 1848 word die gebied tussen die Oranje- en Vaalrivier onder Britse beskerming geplaas en het die Britse Regering soewereiniteit verkry oor al die inwoners in die gebied. [3] Dit was egter nie lank voordat die Britse amptenare te staan gekom het voor die probleem van die posisie van die onder-

---

1. Ellenberger, V: A century of mission work in Basutoland, 1833 - 1933; 1938, p. 53.
2. Id. a.w. p. 54.
3. Id. a.w. p. 73

geskikte kapteins aan Moshesh wat nou hulle onafhanklikheid van Moshesh eis nie. Op 'n arbitrêre wyse in onafhanklikheid aan hulle toegestaan, maar hulle sou Britse onderdane bly. Daar het dus nou 'n probleem van grense ontstaan, nie net tussen die onderskeie stamme nie, maar ook tussen die stamme en die Blankes, sodat 'n grens as skeidingslyn vasgelé moes word wat aanleiding sou gee tot herhaalde botsings totdat Moshesh se gebied in 1868 tot 'n Britse Protektoraat verklaar is. 1)

Belangrik vir ons is egter dat stamhoof Moroka onafhanklik van Moshesh geword het en dat die baPhôgôlê onder sy jurisdiksie gestaan het. Die verhouding tussen Moroka en die Blankes was een van samewerking en vreedsaamheid en daar was nie sprake van enige onrus nie. Daarom kan met redelike sekerheid gestateer word dat vanaf omstreeks 1850 die ba-Kwena baMare -a- Phôgôlê in die Vrystaat 'n vreedsame bestaan gevoer het as ondergeskiktes van stamhoof Moroka.

Die baMogatla-kgôrô het, soos gemeld, in die Suidelike-Transvaal rondgeswerf na die verstrooiing van die stam totdat hulle later gevestig geraak het op Misgund en Vlakplaas. Die koms en vestiging van die Blankes sou ook hierdie groep nie onaangeraak laat nie, maar 'n bepaalde invloed op hulle hê. Dit is egter baie moeilik om presies vas te stel hoedanig hierdie invloed sou wees, aangesien min gegewens aangaande hierdie fase bekend is. Met in agneming egter van die gebeure in die betrokke gebied, is dit tog moontlik om enkele afleidings te maak.

---

1. Ellenberger, V: a.w. p. 73.

Die verdrywing van Mzilikazi deur die Blankes het vir hierdie groep ook die einde van hulle swerwersbestaan beteken. Dit moes na alle waarskynlikheid na hierdie tydperk gewees het dat hulle hulle gevestig het op die genoemde plase. Gegewens dui daarop dat die verhouding tussen hierdie groep en die Blankes vreedsaam was. Latere gebeure en omstandighede sou egter ook hierdie groep meesleur en sy stempel op hulle laat. Dit kan aanvaar word dat lede van hierdie groep hulle arbeid aan Blankes uitgehuur het wat hulle in noue kontak met die Blanke gebring het en wat 'n verdere verspreiding geimpliseer het.

Seker die belangrikste gebeurtenis wat 'n invloed nie net op die stamme in die gebied, maar ook op die Blanke sou hê, was die ontdekking van goud aan die Witwatersrand in 1886. Nie alleen is die gebied sodanig bevolk dat die ruimtelike aspek in gedrang gekom het nie, maar ook die arbeidsgeleenthede verhoog sodat 'n verdere verspreiding van Bantoestamme, ook die baPhôgôlê, in die hand gewerk is. Baie stamlede is meegesleur in die stroom van nywerheidsontwikkeling, terwyl andere verspreid begin raak het op Blanke plase. Hierdie verspreiding van die stamlede het tot gevolg gehad dat daar geen sprake was van stamgewoontes en -tradisies nie. Die tradisionele is verander in ooreenstemming met die omstandighede waarin die groep hulle bevind het. In hierdie veranderingsproses het dit die lede dus ontbreek aan die kollektiewe stamoptrede hetsy tot behoud van die tradisionele of ten opsigte van die wyse waarop die nuwe aanvaar sou word.

Onder hierdie omstandighede het hoofman Motshumê besluit

om Segano te stuur om die kapteinsopvolger van die stam uit die Vrystaat te gaan haal. In 1897-98 is Pule gevestig op Misgund as kaptein. Dit was terselfdertyd die eerste stap in die poging om die stam te verenig, want by Thaba Nchu sou die stam altyd 'n ondergeskikte posisie beklee en vreemdelinge wees. Met die kaptein gevestig, was die eenheidsimbool herstel en kon oorgegaan word tot daadwerklike hereniging. Dit was Pule se taak om die stam weer op 'n vaste basis te plaas. Benewens die gebrek aan ruimte, was daar ook nog die wette en regulasies van die blankes wat eerbiedig moes word. Daarom is dit verstaanbaar dat daar gedurende die eerste paar jaar nie veel gevorder is met die herenigingspoging nie, want dit was in die eerste plek 'n periode van aanpassing wat dikwels gegrens het aan verwarring. Die tradisionele gewoontes en gebruike het geen krag gehad nie, aangesien baie daarvan onderhewig was aan goedkeuring van 'n ander gesag.

Met die uitbreek van die Anglo-Boere-oorlog, 1899-1902, is die rus en orde versteur, en dit het ook die stam geraak. Dit is bekend dat van die stamlede ook aan die oorlog deelgeneem het, want Mogotsi, seun van Segano, het in die oorlog omgekom. Sy taak en funksie in die oorlog is egter nie bekend nie. Na beëindiging van die oorlog in 1902 het al die provinsies van die huidige Republiek van Suid-Afrika onder gesag gestaan van die Britse regering, alhoewel selfregering later toegestaan is. Eers in 1910 is die vier provinsies verenig as die Unie van Suid-Afrika. Dit het dus beteken dat al die inwonders van die gebied vanaf 1902 Britse onderdane was en dus ook die lede van die stam. In 1910 het

hulle deel uitgemaak van die Unie en het dus onder die wette van die Unieregering gestaan. So is die stam, hoewel verstrooid, dan vanaf 1902 onder dieselfde gesag gebring.

Die eerste wet na Uniewording wat die Bantoe ten nouste geraak het, was die Naturellen Grond Wet van 1913, ingevolge waarvan grond afgesonder is vir die uitsluitlike okkupasie deur Bantoes. Hierdie wet het die terrein voorberei vir die uitvoering van 'n segregasiebeleid en die skepping van Bantoebestuursliggame in landelike gebiede waar Bantoes in groot getalle aanwesig was, maar waar, benewens die kaptein, geen erkende Bantoebestuursliggame was nie. Die wet het dit ook vir die Bantoe onmoontlik gemaak om op Blanke plase te vergader. Dit het dus beteken dat die stam op hierdie stadium sonder grond gelaat is, behalwe waar hulle gevestig is in die gebied om die Witwatersrand, goedgekeur vir okkupasie deur Bantoes, en dit was hoofsaaklik gebiede wat later sou ontwikkel tot Bantoedorpe ( vroeër lokasies). Die posisie van die kaptein is in hierdie geval ingrypend verander, in so 'n mate dat hy gesag gevoer het oor onderdane wat verspreid gewoon het en die moontlikheid van vreemdelinge tussenin was nie uitgesluit nie. Dit het ook beteken dat die kaptein gesag gevoer het oor sy stamlede sonder dat sy gesagsgrense territoriaal vasgelê kon word ---- iets vreemd aan die Bantoekonsep van gesagsuitoefening.

In 1920 is kaptein Notshe egter oorlede en moes 'n regent waarneem. Na XXVIII Setlhake, die regent, se dood is die stam kapteinloos gelaat en het die gevaar bestaan dat die stam, wat op hierdie stadium nog nie gegroei het tot 'n er-

kende stameenheid nie en ook nie 'n erkende stamgebied besit het nie, as 'n eenheid sou verdwyn. Nog steeds verstrooid en sonder 'n kaptein om leiding te neem, moes die stam die nuwe omstandighede aandurf en probeer om hulle posisie soos voor die tyd van Mzilikazi en die koms van die Blanke te herstel.

## D. STAMHERLEWING:

Dit is gemeld dat hoofman Motshumê reeds in 1897 pogings aangewend het om die stam te herenig, sodat daar sprake was van 'n bewuste strewe na die opbou van die stam. Ons sal nou die faktore probeer aantoon wat bygedra het om hierdie strewe te verwesentlik en ook wys op die veranderde posisie vandag.

### 1. Faktore wat meegewerk het tot stamherlewing:

In die voorafgaande gedeelte het ons die verspreidings- en verstrooiingsgeskiedenis van die stam probeer aantoon en daarop gewys dat daar 'n strewe was om te verenig. Die kontak met die blanke het 'n aanpassing vereis wat meer intens geword het met die industriële ontwikkeling van die Witwatersrandkompleks en die gevolglike bevolking van die gebied wat in vervloë dae die stamgebied was. In al hierdie omstandighede het 'n gedeelte van die stam rondgeswerf en gevestig geraak, maar sonder enige sekuriteit vir die toekoms. Hulle toekoms was in die hande van die blankes op wie se grond hulle hulle bevind het. In hierdie onsekere atmosfeer het hierdie stamgedeelte die leemte van 'n kaptein se afwesigheid aangevoel en hom gaan haal, om nie net as spreekbuis na buite te dien nie, maar veel eerder om die stam

op te hef tot 'n selfstandige entiteit wat erkenning sou geniet van die Blanke regering.

In die volgende jare is die stam se geskiedenis dan ook regstreeks beïnvloed deur die gebeure in die gebied waarin hulle hulle bevind het tot met Uniewording in 1910. Hierna was hulle onderworpe aan die gesag van die Unieregering. Die Naturellen Grond Wet van 1913 het voorsiening gemaak vir grond vir die uitsluitlike okkupasie deur Bantoes. Dit het indirek daartoe aanleiding gegee dat 'n groep van veertien huisgesinne 1019 morg 77 vk. roede [1] gekoop het op Klipgat No.14,[2] in die distrik Ventersdorp. Een van die informante het gestel dat ingevolge genoemde wet hulle nie meer toegelaat is om vir 'n deel op die blanke plase te werk nie [3] en dat hulle dus genoodsaak was om grond te koop. Hierdie grond het hulle dan in veertien onverdeelde aandele besit en het onder leiding gestaan van 'n gekose hoofman, Paulus Dikobe, seun van Motshumê. Hierdie hoofman is in 1920 of 1921 dood en opgevolg deur sy broer Thèbê Markus Ngakane, wat 'n belangrike rol sou speel in die latere geskiedenis van die stam. Hoewel privaatgrond, blyk hieruit duidelik die stam se behoefte aan 'n stuk grond vir die stam, wat hulle as 'n belangrike vereiste beskou het vir die heropbou van die stam. Hier sou die kaptein gesag uitoefen op die inwoners binne 'n bepaalde gebied soos die tradisionele patroon was en nie oor verspreide stamlede sonder bepaalde of vasgestelde

---

1. Administratiewe lêer no. 2496/308/IA, f. 73
2. Klipgat is van James Stewart Campbell gekoop deur die 14 Bantoes. As regspersoon het opgetree Mnr. F. Hopley van die prokureursfirma Neser en Hopley, Pretoria. (Akte No. 7241/1913 van 29/8/1913)
3. Segsman Frank Raditlhalo op Uitkyk

territoriale grense nie.

Nie lank na die vestiging op Klipgat nie, is die stam kaptein-loos gelaat en het die pogings om die stam te laat herlewe, 'n ernstige knou gekry. Behalwe vir die hoofman op Klipgat, was daar nie 'n leier wat die pogings tot stamherlewing kon voortsit aan die Witwatersrand nie, met die gevolg dat 'n groot aantal stamlede verswelg is in die proses van industriële ontwikkeling aan die Witwatersrand. Dit laat dan net die gedeelte op Klipgat oor as kern van die stam, aangesien die ander stamlede sodanig van die stam losgeraak het dat hulle geen invloed uitgeoefen het op die gang van sake nie.

Die gemeenskap op Klipgat het sodanig gegroei dat daar, ten spyte van die feit dat dit privaateiendom was, aan die einde van 1955 reeds twintig gesinne gevestig was. Die grond het dus te klein geword vir almal en daar is reeds in die veertigerjare pogings aangewend om nog grond aan te koop. In die tussentyd het vier van die oorspronklike kopers egter die edelgesteenteregte te Klipgat verruil aan 'n blanke vir 1000 morg op Vlakpan in die distrik Lichtenburg. Hierdie transaksie het nie die hele Klipgat ingesluit nie, maar slegs die gedeelte waarop hierdie genoemde lede aanspraak gehad het. Hierdie gesinne het hulle dan ook op die plaas Vlakpan gaan vestig, waar hulle vandag nog is. Dit impliseer dus dat die groep nogeens versprei het.

Die aangeleentheid om bykomende grond aan te koop, is deur die Departement van Bantoeadministrasie en -ontwikkeling ondersoek en daar is bevind dat die stamgedeelte gevestig

was buite 'n oopgestelde gebied. In die tussentyd is daar deur Phantsi Jakob Thekiso, selfaangestelde hoofman op Klipgat, 'n aansoek tot die Departement gerig waarin gevra is dat die Bantoegemeenskap op Klipgat No. 14 as 'n stam saamgestel word en dat daar vir hulle 'n kaptein aangestel word. Die Departement het die geleentheid aangegryp om hierdie aansoek te gebruik as 'n hefboom om die swartkol op Klipgat op te ruim.

Nou moet hier opgemerk word dat, veral sedert 1948, dit die beleid van die Regering is om stamme op te spoor en op te bou en hulle te vestig, maar dat die vestiging plaasvind in ooreenstemming met die bestaande wette in hierdie verband. Dit is egter noodsaaklik dat gedeeltes van stamme saamgevoeg word in groter eenhede, maar dat samevoeging nie kan geskied sonder raadpleging met die betrokke partye nie, aangesien die kanse tot samewerking andersinds vertroebel kan word. Hierdie grondkoopkwessie het dus die saak van verskuiwing na vore gebring en die regering het deur middel van die Departement met die betrokke party --- dit is die stamgedeelte by Klipgat ---- onderhandel.

Reeds in 1952 toe die opruiming van die swakgeleë Klipgat ter sprake gekom het, is 'n komitee in Johannesburg in die lewe geroep om die stam weer te laat herleef, grond te koop waarop stedelike stamlede hulle kon vestig en stappe te doen om die kaptein van die stam aangestel te kry. Hierdie komitee het gestaan onder die voorsitterskap van Thêbê Markus Ngakane. Onderhandelinge is met hierdie komitee en ook met die bewoners van Klipgat aangeknoop om die groep te verskuif.

## 2. Hervestiging van die stam op Uitkyk[1]

Die reël by die verskuiwing of opruiming van 'n swartkol is dat vergoedende grond verky moet word in dieselfde distrik as die swartkol. In hierdie geval moes daar dus grond gesoek word in dieselfde distrik, maar vanweë die swak ligging van die klein Bantoegebiede in die distrik Ventersdorp, wat later moontlik ook verwyder moet word, is na vergoedende grond in 'n ander distrik gesoek waar daar 'n groot Bantoegebied is. In die soeke na vergoedende grond is vasgestel dat die stam vroeër aan die Maricorivier in die omgewing van Uitkyk gewoon het en dat hulle vanweë droogte en hongersnood die omgewing verlaat het. Die plaas Uitkyk is dan ook geleë in 'n oopgestelde gebied en bestaan uit 1556 morg wat aan die Suid-Afrikaanse Naturelletrust (S.A.N.T.) behoort, terwyl die restantgedeelte 1515 morg groot is en later ook deur die S.A.N.T. aangekoop is. Die ander moontlikheid wat genoem is, is die plaas Vlakpan waar 'n klein groepie reeds gevestig was.

Die hele aangeleentheid van verskuiwing asook die alternatiewe vergoedende grond te Uitkyk of Vlakpan is aan die stam verduidelik en dit is aan hulle oorgelaat waarheen hulle verkies om te gaan. Tweespalt binne die stam het ontstaan en uitgeloop op twee uiteenlopende strominge. Aan die een kant was daar die Thekiso-huis wat verwant was aan die groep wat reeds te Vlakpan gevestig was en afstammelinge van die eertydse onttroonde kaptein voor die aanvalle van Mzilikazi. Aan die anderkant was daar die Ngakane-huis uit die Mogatlakgôrô wat die meerderheid gevorm het. Die tweespalt het

---

1. Administratiewe lêer No. 188/1716/9 Deel I, II en III.

gelei tot verwydering tussen die twee groepe wat 'n verdere verswakking van die stam in die hand gewerk het. In die volgende hoofstukke sal meer aandag gegee word aan hierdie verwydering.

Die meerderheid van die stamgedeelte op Klipgat, dit wil sê die Ngakane's, het verkies om na Uitkyk te gaan, terwyl die Thekiso's aanvanklik ingewillig het om na Vlakpan te verhuis, maar later van besluit verander het en geweier het om te trek. Op 26 Julie 1961 ontvang die Departement die som van R3000 van W.B. Ngakane, seun van Thêbê Markus Ngakane, vir grond op Uitkyk. Tesame met die vergoedende geld wat hulle vir die plaas Klipgat gekry het, kon vir hulle 1528 morg teen R20 'n morg op Uitkyk aangekoop word. Die 1556 morg op Uitkyk is van die S.A.N.T. gekoop en daar is besluit om die oorblywende 28 morge aan die groep te skenk. Daar is verder besluit dat wanneer die restant van 1515 morg van Uitkyk deur die S.A.N.T. aangekoop is, dit vir toekomstige gebruik vir die stam geoormerk sal word.

In 1962 word die Ngakane-gedeelte van die stam na Uitkyk verskuif tesame met sodanige stamlede wat hulle op die restantgedeelte wou gaan vestig. Ons kry dus hier die besondere posisie, naamlik dat die plaas Uitkyk die stamgebied van die baKwena baMare -a- Phôgôlê word deur die toedoen van die Departement van Bantoeadministrasie en -ontwikkeling, maar dat meer as die helfte daarvan privaateiendom van die Ngakane-gedeelte van die stam is. Die privaateienaars het onder hoofmanskap van William B. Ngakane,

seun van die vorige hoofman Thêbê Markus Ngakane gestaan. Die stamlede op die restantgedeelte, hoofsaaklik Mogagabe's van die baMaloka-kgôrô en Raditlhalo's van die baMogatla-kgôrô, het sonder versuim begin werk om 'n kaptein vir die stam aan te wys en op 24 Augustus 1968 is die kaptein dan ook ingehuldig. Dit impliseer dat die stam en kaptein van owerheidsweë erken is.

Die Thekiso-gedeelte, wat aanvanklik ingestem het om na Vlakpan, distrik Lichtenburg, te verhuis, maar later geweier het, kon met die geld wat hulle vir Klipgat ontvang het sowat 750 morg teen R40 per morg op Vlakpan koop, terwyl die Regering bereid was om hulle 'n verdere 250 morg te skenk. Aangesien hulle egter geweier het om na Vlakpan te verskuif, en nie binne drie maande aansoek gedoen het vir ander vergoedende grond nie, het hulle hulle reg verbeur op vergoedende grond. Die 1000 morg op Vlakpan is beplan en vandag is dit 'n nedersetting. Die moontlikheid om die Thekiso's te verskuif na 'n Bantoedorp, byvoorbeeld De Hoop, het ook misluk aangesien hulle geweier het om daarheen te gaan. Hulle het verder geweier om na Uitkyk te gaan en ook om enige verdere besluite te neem. Dit blyk dat hulle, nadat die ander stamlede van Klipgat verskuif is, van plan was om daar te bly in die hoop dat die grond aan hulle toegeken sou word, wat sou beteken dat hulle 'n groot stuk grond sou bykry.[1)]

Aangesien die Thekiso-gedeelte herhaaldelik geweier het om te trek en ook om enige besluite te neem, was die enigste

---

1. Vir hulle motiewe vergelyk Afdeling III hieronder.

alternatief vir die Departement om hulle grond te onteien kragtens die Bantoetrust en Grondwet No. 18/1936, artikel 13(3)(a) om sodoende die „swartkol" te kon opruim. Op 25 Maart 1966 is Klipgat finaal onteien [1] en is die Bantoes tyd gegee tot 4 Oktober 1968 om die plaas te verlaat. Indien hulle sou weier om dit te doen, sal hulle beskou word as oortreders op die plaas en vervolg en verwyder word. [2] Na 1966 was enige verdere onderhandelinge feitlik onmoontlik, aangesien die Bantoes onder leiding van Phantsi Jakob Thekiso, hulle selfaangestelde hoofman, 'n uiters aggresiewe houding ingeneem het.

3. Enkele tendense ten opsigte van verskuiwing:

Die tweespalt tussen die groepe op Klipgat het veel dieper gegaan as die blote verskuiwingskwessie. Dit het teruggegaan tot met die onttroning van die kaptein XXIII Thekiso, kort voor Mzilikazi se aanvalle. Die rede hiervoor was dat die kaptein die stam mishandel het en dat hy met geweld uit die stam verdryf is tesame met sy volgelinge. [3] In ooreenstemming met Tswanareg en -gewoonte kon so 'n verslane kapteinshuis alleen sy posisie in die stam herower deur geweld of diplomasie, maar in die geval van hierdie stam is daar geen sprake van sodanige herowering nie. Alhoewel die Thekiso's saam met die stamlede gebly het, het die Ngakane's aan hulle geen magsposisies toevertrou nie. Reeds voor die verskuiwingskwessie was daar reeds al onenigheid in die sin dat Thebe Markus Ngakane van die baMogatlakgoro die verkose hoofman van die groep op Klipgat was,

---

1. Administratiewe leer no. 188/1716/9 Deel II, folio 330.
2. " " " " " " " III, folio 127.
3. Vergelyk Hoofstuk III, p. 55.

maar dat daar wedywering was om hierdie posisie deurdat Phantsi Jakob Thekiso van die Rakwena-kgôrô selfaangestelde hoofman was, veral ondersteun deur die Thekiso-lede van die groep. Die hele aangeleentheid van verskuiwing het hierdie onderlinge gevoelens na die oppervlakte gebring en samewerking bemoeilik.

Die weiering van die Thekiso-gedeelte om te trek, het dan ook gespruit uit hierdie tweespalt en die valse hoop wat hulle gekoester het om die plaas Klipgat alleen te besit. Uit die aard van die saak sou hulle weier om na Uitkyk te verhuis, aangesien hulle daar onder die gesag van die Maloka-kgôrô sou staan, terwyl hulle hulleself beskou het as die huis waaruit die kaptein gekies moes word. Daar is dus sprake van 'n onderlinge wedywering en jaloesie en hierdie feit het ook die versameling van gegewens bemoeilik en tot 'n sekere mate beïnvloed. Beide partye is bewus van mekaar se aansprake en gegewens is op so 'n wyse verstrek dat dit hulle eie saak tot voordeel sou strek. Onder hierdie omstandighede was dit dan ook moeilik om altyd te kon deurdring tot die werklikheid en die ware feite.

Die verskuiwing van die stam het die verhouding tussen die twee groepe sodanig beïnvloed dat daar vandag geen sprake van enige samewerking is nie. Die stamlede te Uitkyk is egter nie ongeneë daartoe dat die Thekiso-gedeelte hulle op Uitkyk kan vestig nie, maar dan in 'n ondergeskikte posisie. Die Thekiso se voorwaarde is egter dat hulle die kapteinshuis vorm en dat hulle dus die kaptein uit hulle geledere moet aanwys. Dit impliseer dus dat hulle die erkende kaptein

nie aanvaar nie en verder nie bereid is om in 'n ondergeskikte posisie hulle te gaan vestig in die stamgebied nie, sodat dit voorkom asof die verwydering tussen die twee groepe sodanig gegroei het dat die Thekiso's van die stam vervreem is. Wat hulle toekoms is, is nie duidelik nie, maar buite stamverband is daar twee moontlikhede, naamlik absorbsie of verlies van identiteit.

## E. SAMEVATTEND:

Uit die geskiedenis van die baKwena baMare -a- Phôgôlê blyk die volgende:

(1) Aangesien hulle oorsprongsgeskiedenis so vaag is, is dit nie moontlik om hieroor uitspraak te gee nie. Die struikelblok in hierdie geval is dat die voorgeskiedenis van die baFokengstamme enigsins vaag is en dat die gegewens nie baie betroubaar is nie. Dit is opmerklik dat Breutz [1] die stam verbind aan die groot Kwena-Hurutšhemigrasiegroep en dan weer stel dat die stam die senior stam is in die rye van die baFokengstamme. Dit impliseer dus 'n verband tussen die baKwena- en baFokengstamme, maar hierdie verband is nie duidelik nie.

(2) Net soos die geskiedenis van die Tswanastamme, word die geskiedenis van die baKwena baMare -a- Phôgôlê ook gekenmerk deur herhaalde stamsplitsings met 'n gevolglike verswakking van die eenheid. Interessant is egter die verskynsel dat na die verstrooiing van die stam as gevolg van Mzilikazi,

---

1. Breutz, P. L: Ventersdorp, p. 114-115 par. 317 - 318.

die stam vir 'n geruime tyd ondergeskik en verstrooid gebly het, maar dat daar vanuit die stam na byna anderhalfeeu self pogings aangewend is om dit weer te verenig ---- 'n proses wat vandag nog aan die gang is, maar wat reeds met 'n mate van sukses bekroon is.

(3) Te midde van die industriële ontwikkeling van die Witwatersrand, tesame met die probleme van kultuurkontak en -aanpassing, het die stam nie ondergegaan nie, maar staande gebly. Hierdie industriële ontwikkeling kan in 'n sekere mate gesien word as die motivering tot vereniging.

(4) Die verskuiwingskwessie het 'n onderlinge jaloesie en wedywering na die oppervlakte gebring en hierdie wedersydse beligting het ook die dataversameling beïnvloed, aangesien beide partye gepoog het om hul eie saak te begunstig.

## HOOFSTUK IV

## KAPTEINSKAP EN POLITIEKE ORGANISASIE VAN DIE BAKWENA BAMARE -a- PHÔGÔLÊ

### A. INLEIDEND:

In die lig van die voorafgaande historiese oorsig van die baPhôgôlê blyk dit dat die instelling van 'n kaptein nie sonder probleme binne die stam is nie, maar dat juis daardeur 'n onderlinge ontevredenheid ontstaan het, wat tot op hede uitgeloop het op 'n verwydering tussen die twee groepe. In die volgende hoofstukke sal daar gepoog word om lig te werp op hierdie verwyderingsaspek.

Die hervestiging van die stam bring ook 'n ander vraag na vore, naamlik in welke mate die stam reeds 'n eenheid vorm en hoedanig die vestiging van 'n gedeelte van die stam op privaatgrond en die ander gedeelte op stamgrond, dit wil sê in gemeenskaplike besit onder beheer van die kaptein, die politieke organisasie en -struktuur enigsins beïnvloed. Om lig hierop te werp, is dit eerstens nodig om die tradisionele politieke organisasie tesame met die veranderinge wat ingetree het onder Blanke administrasie kortliks te skets en teen die agtergrond hiervan die vrae te beantwoord.

In hierdie hoofstuk sal aandag gegee word aan die algemene tradisionele politieke stelsel onder die Tswana, maar met inagneming van die moontlikheid van kleiner afwykings by indiwiduele stamme. Ons sal dus let op die grondslae van die algemene tradisionele politieke struktuur en poog om 'n uiteensetting van die stamstruktuur te gee met verwysing na die gesagsdraers binne die stam en ten slotte sal aange-

toon word hoedanig die Blanke administrasie die tradisionele beïnvloed en gewysig het. Teen die agtergrond van die algemene sal die problematiek van die baPhốgốlê in die volgende hoofstuk geprojekteer word en sal gepoog word om enigsins lig op genoemde sake te werp.

## B. POLITIEKE ORGANISASIE IN DIE STAMSTRUKTUUR:

### 1. Wat is politieke organisasie:

Teggart [1] skryf dat

> „Political organisation is an exceptional thing, characteristic only of certain groups, and ... all people whatsoever have once been or still are organized on a different basis."

Met politieke organisasie bedoel hy „state systems like those found in the modern Western world". [2] As die staat dan gedefenieer word as „a body of people occupying a defined territory and organized under a sovereign government," [3] dan blyk dit dat die territoriale aspek die „exceptional thing" is wat Teggart beklemtoon.

Morgan [4] stel dat alle regeringsvorme vereenvoudig kan word tot twee algemene opvattinge, te wete sosiale organisasie en politieke organisasie en van laasgenoemde sê hy:

> „it is founded upon territory and property, and the government deals with people in their residential capacity, as inhabitants of a regional unit,.."

MacIver [5] skryf verder dat

> „Tribal government differs from all other political

---

1. Teggart, F.J.: The processes of history, (1918) p. 79 in Schapera, I: Government and Politics in tribal society, 1956, p. 1.
2. Schapera, I: Government and Politics in tribal society, 1956, p. 1.
3. Shorter Oxford English Dictionary.
4. Morgan L.A: Ancient Society (1877) p.6 cv., p.61 in Schapera I: Government and Politics in tribal society, p.3.
5. MacIver, R.M: The web of Government (1947) p.158 in Schapera, I. p.3

> forms in that the territorial basis is not sharply defined. In its primary sense a tribe is a community organized on the basis of kinship......."

Op grond van die verskille wat bestaan, onderskei Fortes en Evans-Pritchard [1] drie tipes van politieke stelsels, naamlik:

> "Firstly, there are those very small societies, .... in which even the largest political unit embraces a group of people all of whom are united to one another by ties of kinship, so that political relations are co-terminous with kinship relations and the political structure and kinship organization are completely fused.
> Secondly, there are societies in which a lineage structure is the framework of the political system...
> Thirdly, there are societies in which a administrative organization is the framework of the political structure."

Bogenoemde tipes deel hulle verder in twee kategorieë, naamlik:

> "One group, .... consists of those societies which have centralized authority, administrative machinery, and judicial institutions - in short, a government - and in which cleavages of wealth, privilege, and status correspond to the distribution of power and authority ...... The other group, ...... consists of those societies which lack centralized authority, administrative machinery, and constituted institutions -- in short, which lack government --- and in which there are no sharp divisions of rank, status, or wealth." 2)

Die stamme wat tot die Sotho-Tswanagroep behoort, val beslis in die eerste kategorie; hulle beskik met ander woorde oor administratiewe masjinerie, judisiële instellings en 'n sentrale gesag. Die politieke struktuur van 'n eenvoudige gemeenskap is geleë in die territoriale, saamgebind deur die "rule of law".[3] By die Tswana is die wydste sosio-politieke groeperingsbasis waarbinne die regering kan bestaan, die stam (morafe) wat in 'n gemeenskaplike grondgebied gevestig is,

---

1. Fortes, M. en Evans-Pritchard, E.E: African political Systems, (1940), 1964, p. 6-7.
2. Ibid, p. 5.
3. Ibid, p. (xviii)

onder die gesag staan van 'n kaptein (Kgosi) en 'n wisselende ledetal het. Die sosio-politieke is dus nie afhanklik van die numeriese stamgrootte nie. Lestrade [1] omskryf 'n stam soos volg:-

> "..... the tribe, in the political sense, is a local community, ethnically essential homogeneous more or less concentrated in one area, and owing direct allegiance to the person of one chief, whether or not that chief in turn owes allegiance, politically if not otherwise to another chief in whose territory the tribe is located."

## 2. Die Kgôrô:

Alhoewel daar genealogiese verbintenisse bestaan tussen die verskillende Tswanastamme, is elke stam onafhanklik onder sy eie kaptein en word die stam saamgestel uit verskillende kgôrôs, elk onder 'n eie kgôrôhoof (kgosana a kgôrô). Die term kgôrô word in verskillende konnotasies gebruik deur verskillende skrywers. Bruwer [2] beskou dit as 'n staatkundige eenheid wat gedeeltelik berus op verwantskap, dit wil sê 'n territoriale eenheid wat in 'n mate erkenning verleen aan verwantskap. Volgens Bothma [3]

> "A kgôrô consists of a group of agnatically related people with their wives, and a few others, living together in a dwelling unit, or a few dwelling units which may or may not be situated together. Primarily, it means the enclosed circular gathering place in front of a number of households (malapa) grouped in a semicircle. Secondly, it denotes the entrance to the gathering place. Thirdly, it denotes the dwelling unit, consisting of gathering place and households ...... Fourthly, the word is used by extension for the group of people occupying such a unit (or several such units but decended from a group which at some time in the past lived together in one such unit).... a kgôrô is not always the equivalent of a lineage group, for example where two different lineage groups together form one kgôrô or corporate body."

---

1. Lestrade, G.P: Some notes on the political organisation of the Bechwana S.A.J.S., December 1928, p.428 - 429.
2. Bruwer, J.P: Die Bantoe van Suid-Afrika, p. 53.
3. Bothma: Ntshabeleng Social Structure, 1962 p. 14 par. 25

Alhoewel dit aanloklik is om 'n kgôrô te sien as 'n territoriale eenheid, is dit nie noodwendig die geval nie. Die term dra, na ons mening, 'n veel sterker verwantskaps- as territoriale betekenis.

3. Die Totemgroep:

Normaalweg word daar binne die stam 'n hele aantal verskillende totemgroepe aangetref en lede van dieselfde totemgroep kan ook verspreid voorkom in verskillende stamme. Die totemgroep kan daarom beskou word as snydend oor alle onderafdelings van 'n stam en dikwels ook oor stamgrense en hang ten nouste saam met die verskynsel van „vreemdelinge" binne 'n stam. Omdat die totem vandag geen praktiese funksie meer vervul nie, dra dit ook weinig gewig as 'n groeperingsbasis. Gewoonlik is die totem 'n bepaalde dier ten opsigte waarvan sekere taboe's geld. Die totemgroep is nie eksogaam nie en die totem is oordraagbaar langs die patrilinie. Die totemdier is deur mites ten nouste vervleg met die voorgeskiedenis van die groep, hoewel totemverandering kan plaasvind by segmentasie, maar dit is nie noodwendig nie. Die hele stam gaan egter deur onder die totem van die stamhoof, met ander woorde die eenheidsimbool. Dit geld ook ten opsigte van die kgôrô. Dat daar in die normale gang van 'n stamtotem gepraat word asof die hele stam slegs die een totem sou hê, is nie korrek nie. Weliswaar is hierdie een totem die eenheidsimbool, maar dan nie tot uitsluiting van ander totems nie, soos in die geval met „vreemdelinge" nie.

4. Die stam:

Die stam is 'n oop eenheid, sodat „vreemdelinge" in elke stam kan voorkom, wat of 'n eie kgôrô vorm of in die kapteinskgôrô opgeneem kan word. [1] 'n Stam bestaan dus uit „nobles" en „commoners". [2] Eersgenoemde groep bestaan uit alle persone van dieselfde afkoms as die kaptein, terwyl laasgenoemde term al die ander gewone stamlede, ook vreemdelinge, insluit. 'n Stam bestaan dus nie noodwendig uit 'n groep verwante nie, maar stamlidmaatskap word eerder bepaal deur lojaliteit aan die kaptein as deur geboorte, en die stameenheid steun op die gemeenskaplike lojaliteit van alle stamlede aan die kaptein wat simbool is van die stameenheid en -solidariteit. [3] Maar dit wil nog nie sê dat die samestellende groepe absoluut homogeen moet wees nie, aangesien variante van dieselfde kultuurgebruik nie noodwendig 'n teken van stamverbrokkeling hoef te wees nie. Daarom moet Lestrade se defenisie, veral die opmerking „ethnically essential homogeneous", as baie plooibaar beskou word.

Daarom blyk dit dat die stam die wydste sosio-politieke groeperingsbasis is, en hoewel ons kan onderskei, is dit egter nie moontlik om die sosiale, ekonomiese, rituele, politieke en ook verwantskapsaktiwiteite te skei nie. „For in any social system the political institutions, the economic institutions, the kinship organisation, and the ritual life are intimately related and interdependent. [4] Daarom stel

---

1. Breutz, P.L. Tswana tribal government today. Bantu, Mei 1959.
2. Schapera, I: Government and politics in tribal society, (1956) p. 56
3. Schapera, I: A handbook of Tswana law and custom, 1938 (1955) p. 5.
4. Fortes, M. and Evans-Pritchard: African Political Systems, p. (xii)

Fortes en Evans-Pritchard dat

> "In studying political organization, we have to deal with the maintenance or establishment of social order, within a territorial framework, by the organized exercise of coercive authority through the use, or the possibility of use, of physical force." 1)

Dit bring ons dan by die administratiewe indeling van die stam wat grootliks gebaseer is op die sosiale struktuur wat die lede afsonder in onderskeibare groepe, en elke groep is in 'n sekere mate onafhanklik en behartig sy eie sake onder leiding van die genealogies-senior persoon binne die betrokke onderafdeling van die stam wat beklee is met judisiële, administratiewe, ekonomiese en religieuse magte. Dit is derhalwe nodig dat ons kortliks aandag wy aan die samestellende onderafdelings van die stam.

## C. OPBOU VAN DIE STAMSTRUKTUUR:

### 1. Die gesin:

Die kleinste sosiale eenheid wat ook die kern van die stam se politieke struktuur vorm, is die gesin waaruit alle groter sosio-politieke groepe of direk of indirek ontstaan. 'n Gesin word saamgestel uit 'n man, 'n vrou en enige kinders gebore uit die verbintenis. Hieruit volg dat die man die bron van die patriargale gesagspatroon van die stam is. 'n Uitbreiding van die gesin is die saamgestelde gesin wat bestaan uit 'n man, sy vroue en kinders gebore uit die verbintenis; met ander woorde, in gevalle van 'n poligame huwelik.

### 2. Die huishouding:

Volgende op die gesin is die huishouding as groter eenheid,

---

1. Fortes, M. and Evans-Pritchard: African Political Systems, p. xiv.

wat bestaan uit 'n man en sy vrou, enige onafhanklike kinders en ander verwante wat tot die groep mag behoort. Die grootte en omvang van hierdie eenheid berus op die rykdom, status en ouderdom van die hoof van die huishouding. Getroude onafhanklikes soos die man se seuns, broers, susters en dogters tesame met hulle kinders en mans of vroue vorm gewoonlik die ander verwante wat tot hierdie eenheid behoort. Die huishouding is 'n duidelike onderskeibare groep en die hutte van 'n monogame huishouding word verbind deur 'n gemeenskaplike lapa omring deur 'n kleiringmuur. Aan 'n lapa word 'n land toegedeel en 'n vrou kan nie sonder 'n lapa wees nie. Die hoof van hierdie eenheid is dan ook die rituele leier van die huishouding en is verantwoordelik vir die goeie verhoudings tussen die lede daarvan. Hy fungeer ook as skakel tussen die huishouding en die volgende groter eenheid, die familiegroep.

### 3. Die Lešika:

Op die huishouding volg die familiegroep of lešika bestaande uit verskeie bloed- en aanverwante huishoudings wat dieselfde wyk of afdeling kan bewoon, hoewel dit nie 'n vereiste is nie. Aan die hoof van die lešika staan die geneologies senior manlike persoon wat, alhoewel van minder belang, die kleinste administratiewe eenheid vorm en waarna verwys word as kgôrwana of lekgotlana. Net soos by die huishouding verskil ook die mašika in grootte en omvang en word dit bepaal deur die rykdom, status en ouderdom van die hoof, wat ook bekend is as mogolwana.[1] Die posisie van 'n mogolwana is huishoudelik

---

1. Schapera, I: A handbook of Tswana law and customs p. 16.

van aard en hy word nie van buite die eenheid aangestel nie.

'n Lešika word gevorm deur 'n aantal persone wat volgens die patrilinie van 'n gemeenskaplike voorvader afstam tesame met hul vroue, kinders, susters, broers, neefs, niggies en moontlik 'n paar vreemdes wat met hulle gesinne deur die groep geabsorbeer is. Alle gebeurtenisse en sake wat nie net een huishouding nie, maar die hele lešika raak, word deur die kern van hierdie eenheid gereël onder leiding van die mogolwana en bygestaan deur 'n los-georganiseerde raad van huishoudingshoofde. Hierdie eenheid het, indien groot genoeg sy eie kgotla waar uitspraak oor botsings binne die groep gegee word. Waar 'n geding ontstaan tussen lede van 'n mašika, tree die mogolwana as tussenganger op vir die beslegting van die geskil.

Verdere funksies van die mogolwana is sy verantwoordelikheid vir die gedrag en optrede van sy ondergeskiktes, die skakeling na bo (die kgôrô- en stamhoof) en na buite (ander mašika). Hy is die spreekbuis van sy mense in die hof van die kgôrô- of stamhoof, reël vir betaling van boetes en dien verder as raadgewer van die kgôrôhoof. Sy vernaamste funksie is egter om leiding te neem in samesprekings van die lešika, wat in die familiekgotla plaasvind en toeganklik is vir alle mans, hoewel vroue ook dikwels toegelaat word.

Die lede van die lešika onderwerp hulle in die reël gewilliglik aan die nie-afdwingbare gesag van die mogolwana, maar het die reg tot appél na die kgôrôhoof indien 'n onbevredigende uitspraak gegee word of onregverdige straf voorsien word. Ernstige klagtes word voorlopig deur die mogolwana

verhoor waarna dit na die hoof van die volgende gesagsvlak verwys word. Die mogolwana is derhalwe hoofsaaklik 'n arbiter met morele gesag, en sy belangrike funksie is dan ook om die versoening van lede van die lesika.

4. Die kgôrô of wyk:

Die groepering van 'n aantal mašika onder 'n erflike hoofman vorm 'n kgôrô, ook genoem 'n kgotla. 'n Kgôrô kan op verskillende maniere ontstaan. Die stamhoof kan byvoorbeeld die seuns uit een van sy huise groepeer onder die senior seun as hoofman (kgošana), daaraan 'n aantal stamlede toedeel en so 'n nuwe kgôrô stig. Die kern van die kgôrô bestaan dan uit die seuns van die kapteinshuis. Sou so 'n kgôrô later te groot word, kan 'n persoon uit die kerngroep wegbreek en met sy volgelinge 'n afsonderlike kgôrô stig, maar onderhewig aan erkenning deur die stamhoof en indien die nie verkry word nie, word so 'n kgôrô steeds beskou as deel van die senior kgôrô en onderworpe aan die jurisdiksie van die hoofman van die senior kgôrô. 'n Vreemdelingsgroep mag ook vergunning verkry om 'n eie kgôrô te stig onder hulle leier as hoofman.

'n Kgôrôhoof is verantwoording verskuldig aan die stamhoof en vorm terselfdertyd die kanaal vir amptelike skakeling tussen die stamhoof en lede van die kgôrô. 'n Kgôrôhoof of hoofman het nie, in teenstelling met 'n stamhoof, 'n amptelike raad wat hom bystaan nie en kgôrôvergaderings word deur hulle byeengeroep waar sake bespreek en beslissings bekend gemaak word. Hy beskik wel oor 'n informele raad wat hom bystaan in die uitvoering van sy pligte, bekend as

bagakolodi (geheueverfissers), bathusi (helpers) of slegs banna ba lekgotla (manne van die raad). Hierdie persone word nie benoem nie, maar as sodanig erken vanweë hulle afkoms, posisie, ouderdom en ervaring. Indien 'n hoofman nie op hulle raad ag gee nie, kan hy, deur hulle toedoen, uit sy amp onthef word deur die stamhoof in welke geval 'n opvolger deur die mees senior lešika voorsien word. Waar samewerking tussen stamhoof en hoofman nie vlot nie, kan die stamhoof van die betrokke kgôrô eis om 'n ander persoon te voorsien met wie hy en sy raad kan saamwerk.

Die kgôrôhoofde of kgošana's is van besondere betekenis in die stamadministrasie. Hulle dien as raadsmanne van die stamhoof, amptelike kanale na die stam, en verteenwoordigers van die stam en stammening by die stamhoof; met ander woorde hulle is die skarniere waarop die stamadministrasie draai en as sodanig die bewaarders van die magsbalans tussen die openbare mening en die stamhoof se gesag. Kgošana's het, omdat afkomslinies nooit gelyk kan wees nie, ook nie gelyke status binne die stam nie. Van Warmelo [1] stel dit so:

> "Bantu social structure knows no equals, as with whole sibs, so with individuals. The first born of the same parents is always the superior of those born after him"

Dit blyk dus duidelik dat kgôrôs nie dieselfde status kan hê nie. Vooraan kom die kapteinskgôrô, daarna in rangorde die hoofmanne uit die kapteinshuise en hulle kgôrôs, en laastens, die vreemdelingskgôrôs -- ook in rangorde afhangende van die tyd wanneer aansluiting plaasgevind het. Dit moet ook opgemerk word dat die hoofman wat die naaste ver-

---


1. Van Warmelo, I: Kinship terminology of the South African Bantu, Government Printer, (1931) p.11

want is aan die stamhoof, na laasgenoemde die belangrikste kgorohoof in die stam is.

5. Leeftydsgroepe:

'n Laaste aspek van die stamstruktuur is die leeftydsgroep wat oor alle linies sny. Weliswaar is dit nie 'n samestellende eenheid nie, maar eerder 'n verdelende eenheid, maar wat 'n sterk saambindende invloed op die stam het. Inisiasiegroepe word elke 5 tot 7 jaar gevorm onder 'n lid uit die kapteinsfamilie. So 'n groep, en die lede, ontvang 'n naam waaronder dit bekend staan. Vroeër was leeftydsgroepe gemobiliseer as oorlogseenhede, maar vandag vorm hulle eerder 'n arbeidsliggaam waar hulle nog bestaan. Tussen lede van dieselfde groep bestaan daar 'n gevoel van eenheid en wedersydse verpligting wat 'n innerlike bindkrag aan die stam verleen. Dit kan hier gemeld word dat hierdie aspek by die stam geheel en al verdwyn het sedert die verstrooiing van die stam deur Mzilikazi.

Stamstruktuur



Die stam as die grootste eenheid, word dan gevorm deur die som van die aantal kgôrôs. In die voorgaande het ons die stam opgebou vanaf die kleinste eenheid tot die grootste, met uitsondering van die leeftydsgroep wat oor alle linies heen sny as 'n saambindende faktor. Die stam is egter meer as net die somtotaal van die kleiner eenhede, want dit vorm 'n geïntegreerde en geordende geheel met sy eie kenmerkende eienskappe wat tweërlei van aard is. Eerstens is daar enersyds 'n sentrale gesag wat verantwoordelik is vir die reëling van die onderlinge verhoudinge tussen die lede daarvan en andersyds die gesamentlike trou en onderwerping van die lede aan die sentrale gesag. Die tweede kenmerk is die bewoning van 'n gemeenskaplike grondgebied waaruit die stam 'n bestaan maak asook die gesamentlike verantwoordelikheid van die stam, as natuurlike uitvloeisel, vir die beskerming en verdediging van die grondgebied.

Samevattend moet ons nou nagaan hoe lidmaatskap van 'n stam verkry word. Schapera [1)] stel dat

> "membership of the political community is determined primarily by descent: a man, no matter where he is born, belongs to the same band or tribe as his father."

Maar geboorte is nie die enigste wyse waarop lidmaatskap verkry kan word nie. Deur huwelike kan stamlidmaatskap verkry word, alhoewel die stam nie 'n eksogame eenheid is nie. Langs hierdie weg word vroue van ander stamme in die stam gebring. Vroeër was onderwerping ook 'n manier waardeur stamlidmaatskap verkry kon word. Voorheen was oorloë tussen stamme 'n algemene verskynsel waardeur gevangenes geneem word asook

---

1. Schapera, I: Government and politics in tribal Societies, (1956) p. 20.

vlugtelinge wat in die stam opgeneem word. Segmentasie was ook 'n algemene verskynsel en hoewel dit meestal gelei het tot die ontstaan van 'n nuwe stam het dit tog soms gebeur dat hierdie wegbrekende groep asiel by 'n ander stam gaan soek en daardeur dan later deur die ander stam geabsorbeer word. Onder Blanke gesag was interstamlike oorloë nie meer moontlik nie, maar dit het gelei tot immigrasie. 'n Laaste moontlikheid waardeur 'n persoon lidmaatskap van 'n stam kan verkry, is deur tydelike of permanente verbanning uit sy eie stam en so 'n persoon hom dan by 'n ander stam gaan voeg. Verwantskap is dus nie die enigste basis van stamlidmaatskap nie en 'n stam kan dus bestaan uit hoogstens 'n oorwegende aantal verwante lede, terwyl nie-verwante lede ook in 'n stam voorkom. Die stam is dus nie 'n geslote homogene eenheid nie.

Wat ons hier egter wil beklemtoon, is dat die politieke organisasie fungeer binne 'n territoriale raamwerk, met ander woorde, binne 'n bepaalde gebied. Elke politieke gemeenskap het nie net sy eie gebied nie, maar besit daardie gebied tot uitsluiting van alle ander stamme. Die inwoners deel in die regte van die ontwikkeling van die besondere gebied, terwyl buitestaanders geen deel daarin kan hê behalwe met spesiale vergunning van die stamhoof nie. Die inwoners van die gebied handel ook as 'n eenheid ter beskerming van daardie regte. Dus, alhoewel verwantskap dien as oorwegende groeperingsbasis van die politieke gemeenskap, dit is die stam, tree die politieke funksies in werking binne 'n bepaalde gebied wat gemeenskaplik besit word, terwyl die funksies buite die territoriale grense geen krag het nie.

## D. DIE TRADISIONELE POLITIEKE ORGANISASIE:

In die voorgaande is aangetoon dat die stam die politieke eenheid vorm wat, binne die grense van 'n territoriale raamwerk, gebaseer is nie soseer op verwantskap nie, maar op die gemeenskaplike onderhorigheid aan 'n gesagsinstansie. Die ordening van 'n gemeenskap as 'n afsonderlike politieke eenheid het dus te doen met die reëling van die verhoudinge tussen owerheidsgesag en onderdaan asook die reëling van verhoudinge tussen die outonome owerheidsinstansies van verskillende politieke eenhede.

### 1. Die stamhoof as politieke hoof van die stam:

Aan die hoof van die stam staan die stamhoof of kaptein (kgosi) as simbool van stameenheid en -solidariteit. Alle gesag is in die stamhoof gesentraliseer wie se woord wet was en wat selfs die reg van lewe en dood oor sy onderdane gehad het.

> "...... but the government of the tribe as a whole is concentrated in the hands of the chief and his personal advisers. The chief is the central figure round whom the tribal life revolves, and through whom the activities of the tribe are ordered and controlled." 1)

Tradisioneel het die kaptein sy posisie deur geboorte verkry; hy word dus nooit verkies nie, en dit word tereg aangedui deur die Tswanagesegde "Kgosi ke kgosi ka a tsetswe". 2) Hierdie gesegde impliseer dan ook dat die opvolgingsprosedure bepaald is en lê dus 'n beperking op die persone wat kan kwalifiseer vir hierdie posisie. Opvolging tot die kapteinskap geskied langs die patrilinie en die oudste seun van die kaptein se hoofvrou sal die opvolger wees. Die kaptein se hoof-

---

1. Schapera by Fortes en Evans-Pritchard: African political systems, p. 64
2. "'n Kaptein is kaptein deur geboorte".

vrou is egter nie noodwendig die vrou met wie hy eerste getroud is nie, maar die een wat die stam vir hom „gebogadi" het. Indien daar egter geen manlike kind in die kapteinshuis gebore is nie, moet die kaptein se jonger broer of sy oudste seun opvolg, aangesien die posisie altyd oorgaan na die senior bloedverwant langs die patrilinie. Weliswaar kan die opvolgingslyn verander word, maar dan slegs deur geweld of knoeiery, maar dan is die senioriteit van die onterfde lyn tog wel erken in rituele gebruike. In hierdie verband word die spreuk „kgosi a maphutse" [1] gebruik wanneer verwys word na die onterfde linie wat voorrang geniet by die seremonie van die eerste vrugte. So 'n onterfde linie kan sy vorige posisie alleen herwin of deur geweld of deur diplomasie.

Nou ontstaan die vraag waarop die gesag van die stamhoof rus en watter faktore in werking is om sy posisie van mag en gesag te handhaaf. Die posisie wat 'n persoon inneem in die sosiale en politieke lewe van die stam is afhanklik van sekere kwaliteite soos sosiale senioriteit, rykdom en persoonlike bekwaamhede, soos wysheid, dapperheid, ens. en hierdie kwaliteite besorg aan hom aansien binne die stam. In kort gestel, hang sy posisie af van sy persoonlike status. Status word primêr bepaal deur afkoms sodat verklaar kan word dat die posisie van 'n stamhoof berus op sy afkoms, wat erflik is. Soos aangedui, het die persoon wat die naaste verwant is aan die stamhoof in die patrilinie, dan ook op die stamhoofskap aanspraak wat slegs deur geboorte verkry kan word.

Die posisie van die stamhoof word verder religieus gesank-

---

1. „Kaptein van pampoene"

sioneer daarin dat die gewone stamlede glo dat die stamhoof die lewende verteenwoordiger van die voorvadergeeste is. Op grond van sy geboorte vorm die stamhoof dus die skakel tussen sy mense en die voorvadergeeste. Daar word geglo dat die voorvaders die stam beskerm en bystaan in alle gevare en daarom word daar tydens belangrike geleenthede tot hulle geoffer. Hierin speel die stamhoof dan 'n belangrike rol omdat hy die direkte skakel tot hulle uitmaak en daarom word die stamhoof ook gehou as stampriester, waardeur sy gesagsposisie in 'n groot mate verstewig word. By sy afsterwe word die stamhoof opgeneem in die geledere van die voorvadergeeste. Ten einde die kontinuiteit te behou, moet hy dus opgevolg word deur sy naaste bloedverwant. Enige versteuring van die reëlmatige kontinuiteit deur verandering van die genealogie, beteken ook 'n versteuring in die geesteswêreld sodat die versoeke van die stam aan die opperwese, Modimo, dan nie deur die hiërargiese orde van die voorvaders oorgedra kan word nie, omdat kommunikasie as gevolg van die versteuring, nie moontlik is tussen die voorvadergeeste en die aardse nasate nie. Vandag egter is daar die vraag in hoeverre die religieuse sanksionering geraak is deur die kerstening van die stamlede.

Die stamhoofskap word verder ekonomies gesanksioneer waarskynlik op grond van die fundamentele behoefte aan voedsel en onderhoud. Daarby het die ekonomiese funksies 'n dubbele werking daarin dat dit beide die oorsaak en gevolg van die stamhoof se posisie is. Die stamhoof was in beheer van bykans alle produksiemiddele sodat die stamlede van hom afhanklik was vir hulle bestaan en moet hulle derhalwe aan sy

gesag onderwerp. Die stamhoof se reg tot oplegging van boetes en belasting, het vir hom 'n nimmereindigende bron van inkomste beteken. Maar aan die ander kant is hy verplig om, veral in tye van nood, hierdie rykdomme ten behoewe van die stamlede aan te wend, want die Tswana sê ook „<u>kgosi ke mosadi wa morafe</u>".[1] Omdat die stamlede dus van hom afhanklik is, moet hulle hom onderdanig wees en hy kan die onderdanigheid afdwing deur van sy regimente gebruik te maak.

Vroeër was die stamhoof ook die hoof van die stam se leër. Hy kon sy regimente instuur om oorloë te voer of om rebelle te onderwerp en te dwing tot onderdanigheid. Die leër kon dus ook gebruik word as finale instrument om sy gesag as stamhoof af te dwing en te bevestig, en is die stamleër dus nie te onderskat nie. In 'n sekere sin was die leër dus die uitoefening van gesag na buite en die aard van die gesagsbeoefening was gewelddadig of potensieel gewelddadig.

Verder was die stamhoof in die tradisionele politieke struktuur die hoogste wetgewende gesag, finale regspreker en hoof uitvoerende beampte.

> „He is at once its (die stam s'n) ruler and judge, maker and guardian of its law....." 2)

Dit was sy reg en plig om wet en orde te handhaaf in die stamgebied en hy het die middele ter beskikking aangewend om hierdie funksies af te dwing. Weliswaar het hy gesag gedelegeer, maar hy het die finale gesag in sy hande gehad. Hy kon nuwe wette maak en ander vervang, maar misbruik van hierdie regte deur hom het dikwels gelei tot segmentasie indien die stamhoof


---

1. „Stamhoof is vrou van die stam"
2. Schapera by Fortes en Evans-Pritchard: a.w. p. 64.

nie na sy raadsmanne wou luister nie.

Die stamhoof het ook patriargale funksies om te vervul, veral omdat sy moeder se bogadi deur die stam bygedra is en hy daardeur vader van die stam is. Daardeur het hy onder verpligting gestaan teenoor die stamlede en moes hy omsien na die welsyn van sy volgelinge, hulle bystaan in moeilike tye en toeganklik wees sodat die nederigste onderdaan by hom kan "kom huil" oor 'n onreg. Dit het egter meegebring dat die stamhoof geëer en gerespekteer moes word en dus 'n ware patriarg was.

Uit die voorgaande bespreking van die posisie en funksies van die stamhoof as politieke hoof, moet die organiese verband tussen die verskillende funksies beklemtoon word. Die een vloei voort uit, en is onlosmaaklik verbind aan die ander sodat ons kan onderskei, maar nie kan skei nie. Die funksies kan ook gesien word as 'n funksionele samehangende kringloop: van die genealogies-funksionele waaruit voortvloei die religieuse-, seremoniële-, ekonomies-, militere-, staatkundige-, en patriargale funksies wat weer terugvoer na die genealogies-funksionele. 1)




---

1. Labuschagne, J. M. T: Blanke bestuurstelsels en hulle invloed op die tradisionele politieke instellinge van die Transkei, p. 46.

2. Die Raadstelsel:

Deurgaans is van die stamhoof verwag om sy onderdane met behulp van sy raad te regeer. Alhoewel die stamhoof se woord wet was, beteken dit egter nie dat hy 'n outokraat was nie; die „woord" word hom in die mond gelê deur sy raad en sy uitspraak is dus net 'n amptelike erkenning van die wil van die onderdane. Die sentrale regering bestaan uit die stamhoof, bygestaan deur verskeie soorte rade. Daar moet dus onderskeid gemaak word tussen die verskillende raadgewende instansies.

Eerstens is daar die geheime familieraad of khuduthamaga. wat hoofsaaklik bestaan uit nabye bloedverwante van die stamhoof soos sy ooms en broers, en dan die NTONA wat die eweknie van 'n Eerste Minister is. Die aantal lede van hierdie raad is onbeperk en bestaan gewoonlik uit tussen 2 en 7 lede, hoewel dit groter ook kan wees. Vergaderings van die raad is nie „oop" nie, en slegs die persone wat deur die stamhoof genooi of gelas word om sitting te neem, kan die vergadering bywoon. Raadmanskap word bepaal deur die genealogiese verband met die stamhoof, maar dit is ook vanselfsprekend dat die stamhoof nie alle verwante op sy raad sal wil hê nie; trouens, persone wat die stamhoof as gevaarlik vir sy posisie beskou, kan hy, in oorleg met 'n paar senior ooms (dirrangwane), uitskakel. Genealogiese verbintenis met die stamhoof is egter nie die enigste kwalifikasie vir raadmanskap nie. Verdere kwalifikasies is kennis, lojaliteit en politieke invloed binne die stam, maar indien 'n stamhoof alle bloedverwante sou uitskakel, sou sy familie hom beskuldig van onregmatige optrede. Teenstand in so 'n geval word gegrond op die bloed-

verwante se <u>reg</u> om die stamhoof te adviseer oor belangrike stam- en familiesake waarop inbreuk gemaak word. Die stamhoof kan met die volle raad vergader of hy kan individueel opinies verneem afhangende van die aard van die saak. Vergaderings word op afgesonderde plekke gehou en gewoonlik in die nag.

Die belangrikste funksies van hierdie raad was om te besluit oor die opvolging van die stamhoof; die stamhoof te help met die formulering van sekere beleidsaspekte van die stambestuur, om enige ondermyning van sy gesag onder sy aandag te bring; griewe teen hom voor hom te lê en om hom op hoogte te hou van enige ander verwikkelinge binne die stam. Die raad vorm dus eintlik 'n veiligheidskanaal, en indien iets nie na wense verloop nie, sal die stamlede die raad blameer, omdat hulle versuim het om die stamhoof in te lig oor die ware toedrag van sake. 'n Persoon wat deur die stamhoof gegrief is,stuur sy klag nie langs die amptelike kanale nie, maar lê dit vertroulik by 'n oom van die stamhoof met die wete dat dit aan die kaptein oorgedra sal word. Weliswaar is die stamhoof nie gebonde aan die menings van die khuduthamaga nie, maar hy sal tog ag gee daarop.

In die tweede plek is daar die stamraad, die mees prominente raad wat die stamhoof bystaan in die stamadministrasie. Hierdie raad staan bekend as die <u>lekgotla la dikgošana</u> en word saamgestel uit die hoofde van kgôrôs, 'n paar senior ooms van die stamhoof, die <u>Ntona of moetapele wa lekgotla</u>, en die stamhoof. Al die sleutelfigure in die stamstruktuur het dus sitting op die raad en alle besluite wat hier geneem word, is

bindend op die stam. Hierdie raad het 'n sterk remmende invloed op die stamhoof, aangesien hy afhanklik is van die goedkeuring van die raad vir sy planne oor die administrasie van grond, weiding, landbou, die aanstelling van addisionele raadsmanne, geldelike stambydraes vir openbare belang, toelating van nuwe intrekkers, ensovoorts. Die stamhoof lei die onderwerp van bespreking in tydens vergaderinge en sluit die byeenkoms af deur die menings van die raadsmanne kortliks op te som en te bevestig. Die besluite wat hier geneem word, word dan uitgedra na die onderafdelings van die stam waar die kgôrô's deur die kgôrôhoofde byeengeroep word.

Hier dien opgemerk te word dat die stamraad en stamhof nie identies is nie. Oorvleueling tussen die twee liggame bestaan wel, maar in die reël is die stamhof heelwat kleiner as die stamraad en hoef nie noodwendig te bestaan uit die kgôrôhoofde nie. Die stamhoof is ook hoof van die stamhof en hy benoem sy adviseurs wat hom bystaan op grond van bevoegdheid soos regskennis, redenasievermoë, ensovoorts. Hierdie adviseursposte is nie erflik nie. Die stamhof is 'n ope liggaam en alle geïnisieerdes kan dit bywoon en aan die verrigtinge deelneem.

As aanvullende politieke instelling is daar verskeie soorte stamvergaderings (*pitso's*) waartydens belangrike aankondigings gemaak word en soms raadpleging oor sake waaroor reeds 'n groot mate van sekerheid bestaan. Hierdie vergadering moet bygewoon word deur alle geïnisieerde mans van die stam. Die heffing van die stambelasting noodsaak byvoorbeeld so 'n vergadering wat bekend staan as 'n pitso (*pitso < go bitsa* = om te roep), waar stamlede teenwoordig moet wees. Sake van

minder belang wat slegs 'n gedeelte van die stam raak, byvoorbeeld die hoofstat alleen, word op 'n phutego (go phuta = om bymekaar te maak) bespreek, terwyl vergaderings van besondere belang, byvoorbeeld waar 'n moontlike oorlog, stamsplitsing, ensovoorts bespreek word, bekend staan as 'n leshôlo (stamjag), en in die veld plaasvind. Bywoning van laasgenoemde vergadering is verpligtend vir alle mans. Vandag bestaan hierdie soort vergadering egter nie meer nie, aangesien sake van sodanige belang deur ander kanale geloods word.

Die sosio-politieke strukturele opset wissel egter van stam tot stam. In sommige stamme is die interne politieke organisasie gebaseer op verwantskap sodat daar geen territoriale grense binne die stamgebied bestaan waaroor 'n kgôrôhoof gesag voer nie en voer die hoof dus primêr gesag oor mense. Soms is die stamgebied egter verdeel in territoriale eenhede sodat gesagsuitoefening dus primêr geskied oor 'n gebied. Dit is egter moontlik dat daar binne dieselfde stam 'n dubbele basis kan voorkom: sommige kgôrô's het territoriale grense wat jaarliks „gedokter" word om die heil van die inwoners te verseker, terwyl ander kgôrôhoofde weer gesag voer oor hulle mense, ongeag waar hulle in die stamgebied woon. Die algemene tendens is egter die territoriale grondslag waardeur mense saamgegroepeer word omdat hulle dieselfde gebied bewoon en nie omdat hulle verwant is nie. Sodanige basering is ook meer insluitend as die verwantskapsbasis, aangesien „vreemdelinge" hierin opgeneem kan word; weliswaar met toestemming, terwyl dit nie moontlik sou wees waar die verwantskapsbasis geld nie, aangesien groepering geskied op grond van hul bloedverbintenis met mekaar.

### 3. Die invloed en verandering deur Blanke beheer:

Met die uitbreiding van blanke beheer in Suid-Afrika het die Tswanastamme hulle onafhanklikheid verloor en bevoogdes geword. Dit sou dan die taak van die blanke voogde wees om hierdie bevoogdes te lei tot etno-politieke volwaardigheid en selfbeskikking. Die taak van verantwoordelike voogskap is egter tweeledig, naamlik beskerming en weerbaarmaking. [1] Dit is opmerklik dat die klem in die afgelope tyd verskuif het van beskerming na weerbaarmaking sodat weerbaarmaking beteken dat die gemeenskap in eie krag kan staan wanneer die beskermende koepel deur die voog verwyder word met die toekenning van volle onafhanklikheid. Weerbaarmaking gaan dus gepaard met die proses van ontwikkeling en opleiding van die groep tot 'n eventueel selfstandige volk sodat hierdie proses begin by die verskillende Tswanastamme as samestellende dele van die eventuele volk. Hier sal kortliks aandag gegee word aan wetgewing wat bygedra het tot bogenoemde ontwikkeling met die klem op die invloed van hierdie ontwikkeling op die stam.

Na Uniewording in 1910 was die belangrikste wette

(1) Die Naturellen Grond Wet van 1913 ingevolge waarvan grond afgesonder is vir die uitsluitlike okkupasie deur Bantoes. Hierdie wet het direk aanleiding gegee tot die skepping van Bantoebestuursmasjinerie in landelike gebiede waar groot getalle Bantoe gevestig was sonder enige erkende bestuursliggame, behalwe die stamhoof.

---

1. Die Kat Angelino, A.D.A: Staatkundige beleid en bestuurzorg in Nederlandsche Indië, Deel 1,

(ii) Die Naturelle Zaken Wet (Wet No. 23/1920) het voorsiening gemaak vir die instelling en funksionering van 'n Bantoeraadstelsel.

(iii) Die Naturelle-administrasie Wet (Wet No. 38/1927) het by implikasie erkenning verleen aan kapteinsgesag oor stamme enersyds en andersyds ook die beperking van daardie gesag, veral t.o.v. die judisiële magte van die kaptein wat gelei het tot gebrek aan orde en dissipline binne die stam.

(iv) Die Naturelle Trust en Grond Wet (Wet No. 18/1936) het indirek bygedra tot die ontwikkeling van die Bantoe van Suid-Afrika, waaronder ook die Tswana.

Na 1948 is 'n nuwe fase in die beleid met betrekking tot die Bantoestamme en -volke betree, gekenmerk deur pogings om gestalte te gee aan die beginsel van segregasie. Die klem het verskuif van die distrik as administriewe eenheid na die stam as organiese eenheid, en die Wet op Bantoe-owerhede van 1951, (Wet No. 68/1951) het voorsiening gemaak vir 'n bestuurstelsel, met as basis die tradisionele politieke instellings van die Bantoe. Hierdie politieke instellings, dit wil sê die kaptein-in-rade, moes die basis vorm vir die bestuursopset wat bevrug sou word met elemente uit Westerse bestuurstelsels en hierdie opset moet in staat wees om onder meer uit die verskeidenheid 'n Tswananasieskap te skep.

Nadat die Tswanastamme hulle politieke onafhanklikheid moes inboet, is die magsewewig in die stam grondig versteur as gevolg van magsbotsing en -neutralisering tussen die magte wat verantwoordelik is vir die opperheerskappy van die stamhoof asook die verantwoordelikheids-, regverdigheids- en moraliteits-

opvattinge en die eise van die stamlede. Die stamhoof kon nou alleen die magte gebruik wat die Blanke administrasie hom sou toesê, en wat finaal vervat is in die Naturelle-administrasie Wet van 1927, en verdere regulasies daaronder uitgevaardig.

## (a) Invloed op die genealogiese funksies:

Tradisioneel geld die spreuk "kgosi ke kgosi ka a tsetswe" wat impliseer dat geboorte alleen die kwalifiserende faktor is vir die kapteinsamp. Ingevolge die Naturelle-administrasie Wet wan 1927 het hier 'n geringe wysiging gekom met 'n betekenisvolle implikasie, naamlik dat die erkenning van die kaptein onderhewig is aan die goedkeuring van die blanke voog. Die blanke staatshoof is hiervolgens die opperhoof van alle Bantoestamme in die Republiek van Suid-Afrika met die bevoegdheid om kapteins aan te stel, af te sit, stamme saam te smelt en te verdeel en om sekere Bantoes uit 'n stamgebied te verwyder. Hierdie bevoegdheid impliseer 'n mate van willekeurigheid ten opsigte van die kapteinsamp, want waar die kaptein tradisioneel slegs deur geweld of knoeiery sy aanspraak op die amp van kaptein kon verloor, kan die blanke voog dit nou ook doen. Dit lei daartoe dat die genealogiese sanksionering van die kapteinsamp nie meer dieselfde gewig dra as tradisioneel die geval was nie en dat die gesag van die kaptein daardeur beperk word en wel in die sin dat die kaptein verantwoording verskuldig is aan die blanke voog vir sy doen en late. Die kaptein het nie meer onverdeelde gesag oor die stamlede nie, maar dit is verdeel tussen die stam en die blanke regeringsdepartemente, aan wie hy sy posisie te danke het sodat hy gedegradeer is tot 'n rat in die blanke masjien wat die orde reël binne die stamgebied.

(b) Invloed op die religieuse en seremoniële funksies:

Die sending, onderwys en geldekonomie het die religieuse tint en sanksie van kapteinskap in twyfel getrek en die reg van die individu om self die vrug op sy arbeid te geniet, beklemtoon. Die kaptein is nie meer die religieuse hoof van die stam nie en sy skakeling met die voorvaders het onder invloed van die sending geen krag nie. Hiermee saam hang die kaptein se seremoniële funksies, wat ook feitlik geheel en al opgehef is deur die veranderingsproses. Die meerderheid seremonies het in onbruik geraak soos byvoorbeeld die seremonie waar die kaptein die saad "dokter" om 'n goeie oes te verseker. Die enigste seremonie waar die kaptein nog enigsins 'n funksie te vervul het, is die seremonie van die eerste vrugte en dan bloot deur toestemming te gee dat van die opbrengs gebruik mag word. Die kaptein se religieuse en seremoniële funksies is grondig versteur onder invloed van die blankes, sonder 'n kompensering daarvan in 'n ander vorm. Hierdie versteuring het dan ook 'n beperking geplaas op die gesag van die kaptein wat 'n versteuring van die magsewewig beteken het.

(c) Invloed op die ekonomiese funksies:

'n Besondere kenmerk van die stam was die kommune-gerigtheid met die kaptein as die trustee van die stamgrond. Die kaptein het dan ook die beheer gehad oor die gebruik en aanwending van die grond, sodat hy hierdeur tot 'n groot mate die samewerking van die stam gekry het. Onder blanke administrasie het individue egter die reg verkry om grond te

koop [1] waaroor die kaptein geen jurisdiksie het nie. Lede van die baPhôgôlê het van hierdie geleentheid gebruik gemaak, maar nie om die kaptein se gesag te ontduik nie. Die gedeelte van die plaas Klipgat, in die distrik Ventersdorp, was bedoel om die stamtuiste te word van die stam in verstrooiing, maar ongelukkig is dit nooit sover gevoer nie.

Tradisioneel kon die kaptein belastings hef binne die stamgebied asook boetes oplê vir oortredings, sodat die kaptein gewoonlik die mees welgestelde persoon in die stam was. Onder Blanke administrasie is hierdie reg hom ontneem, en waar dit wel toegelaat is, moes die opbrengs gaan na die stamfonds. Dit het ook die patriargale funksies aangetas, waarby ons later kom. Tesame hiermee het die oorskakeling na die geldekonomie 'n groter mate van individualisme laat ontstaan waardeur die kapteinsgesag tot 'n groot mate ingekort is en wat 'n versteuring in die totaliteit van die kapteinsfunksies beteken het.

<u>(d) Invloed op die militêre funksies</u>:

Tradisioneel was die kaptein die hoof van die impi's en het die beslissing van oorlog in sy hande gelê. Onder Blanke administrasie is daar 'n beperking geplaas op interstamlike oorloë waardeur die kaptein se reg om tot oorlog toe te gee, opgehef is. Die Naturelle-administrasie Wet van 1927 het egter voorsiening gemaak vir die aanstelling en erkenning van kapteins sodat die kapteins moes handel in ooreenstemming met die regulasies van die Blanke voog, wat enige vorm van oorlog verbied het.

---

1. Ingevolge Art. 1 van die Naturellen Grond Wet van 1913 en Art.11 en 12 van die Naturelle Trust en Grond Wet van 1936

Hieruit volg dat die woonwyse en nedersettingspatroon ook 'n verandering ondergaan het, want waar vrees vir oorlog en strooptogte sametrekking genoodsaak het, het hierdie vrees nou verdwyn met die gevolg dat die stamlede verspreid gaan woon het binne die stamgebied. Dit het enersyds die kontrole-uitoefening deur die kaptein op die stam bemoeilik en andersyds aanleiding gegee tot groter individualisme met 'n gevolglike beperking op die kaptein se gesag.

(e) Invloed op die staatkundige funksies:

In hierdie verband het daar belangrike wysigings plaasgevind. Ingevolge die Naturelle-administrasie Wet van 1927 is die Blanke staatshoof die opperhoof van alle stamme en is aan hom die bevoegdheid verleen om kapteins aan te stel. Verder reël genoemde wet die aanstelling van Hoof-Bantoesakekommissarisse en Bantoesakekommissarisse en word hulle beklee met sekere magte met betrekking tot Bantoes. Aangesien die aanstelling van die kaptein onderhewig is aan die goedkeuring van die Staatspresident, het die kapteins ook 'n salaris van die Blanke administrasie ontvang wat daarop neergekom het dat die kaptein nou 'n besoldigde amptenaar is. Waar die kaptein in die verlede onverdeelde gesag oor sy stamlede gehad het, is dit nou verdeel tussen die Blanke administrasie en die stam en is hy dus gedegradeer tot 'n rat in die Blanke masjien wat kontrole uitoefen en die orde reël binne die stamgebied. Nie alleen is die kaptein se gesag ingekort nie, maar is hy verder belas met nuwe take, veral in die veld van onderwys, gesondheid en landbou.

Aan die ander kant het die inkorting van die kaptein se gesag

daartoe gelei dat die vryheid en onafhanklikheid van die gewone stamlid toegeneem het sodat die kaptein nie doeltreffend kon optree vir die handhawing van die orde nie, aangesien hy gebind is deur Blanke beheer. Daarbenewens het die stamlid die reg tot appél na die Bantoesakekommissaris indien hy ontevrede sou voel oor die uitspraak van die kaptein, of selfs laasgenoemde by eersgenoemde gaan aankla wat daartoe kan lei dat die twee gesagsdraers teen mekaar afgespeel word. Die gesagsverdeling tussen kaptein en Bantoesakekommissaris, en daarby 'n ander ordende gesag as die tradisionele, naamlik die Polisie, het die bebestuur en sosiale organisasie onthef van die verantwoordelikheid om orde en dissipline te handhaaf binne die stam en sodoende die geleentheid geskep vir losbandigheid.

Die feit dat die kaptein 'n salaris ontvang het, het hom verhef bo die stambestuur en is daar van hom samewerking verwag in die uitvoering van, vir die stamlede, onpopulêre maatreëls soos landboubeplanning, veevermindering, ensovoorts terwyl die stam aan die ander kant van die kaptein verwag het om die Blanke owerheid teen te staan. Die kaptein staan daarom eintlik tussen twee vure, naamlik die stam en die Blanke owerheid. Die kaptein is egter dikwels geneig om sy rug op die stam te keer en die Blanke administrasie, wat hom betaal, te steun. Hierdie neiging spruit indirek uit die wysiging van die sanksionering van sy gesag sodat sy amp en posisie nie meer 'n statusposisie is nie. In der waarheid is die kaptein nie meer „kgosi ke kgosi ka morafe" nie, maar eerder „kgosi a maphutse".

Aan die ander kant is die kaptein se gesag in 'n sekere sin

verstewig, want die vrees dat hy ontsetel sou word, het nie meer bestaan nie. Alleen die Blanke administrasie het daardie reg gehad. Die gevolg was dat die kaptein geneig was om die Blanke administrasie te beskou as die bron waaruit hy sy gesag om te regeer, ontvang en dat die stam weinig sê oor hom het. Die tradisie is geen beperking meer nie, die Blanke administrasie word gebruik as hefboom tot eie voordeel, en die neiging ontstaan om die verantwoordelikhede van leierskap te plaas op die skouers van die Blanke voog. Die resultaat hiervan is die ontstaan van 'n kloof tussen die kaptein en sy stam.

(f) Invloed op die patriargale funksies:

Die versteuring van die ekonomiese funksies het ook die patriargale funksies van die kaptein beïnvloed. Tradisioneel het die verpligting op die kaptein gerus om sy rykdomme aan te wend tot voordeel van die hele stam. Hy is beskou as die vader van die stam en moes in tye van droogte en hongersnood hulp verleen, hy moes toesien dat reg geskied binne die stam tussen die stamlede. Onder invloed van Blanke administrasie en die toenemende individualisme is die kaptein van hierdie funksies onthef. In tye van nood is daar nou hulp gesoek by die Blanke owerheid, alhoewel die kaptein die amptelike spreekbuis is.

Die belasting wat die kaptein nou hef asook die boetes wat opgelê word, word in die stamfonds gestort wat aangewend word vir algemene stambehoeftes, sodat die kaptein nie meer die patriarg van die stam in tradisionele sin is nie.

Samevattend kan dus gestel word dat die invloed van Blanke beheer 'n strukturele wysiging in die stambestuur te weeg gebring het. Weliswaar is daar gehou aan die tradisionele vorme, maar die funksies van stambestuur het 'n verandering ondergaan ten einde aan te pas by die heersende beskawingsorde. Die faktore wat kapteinskap tradisioneel gesanksioneer het, is vervang deur die Blanke administrasie en gevolglik het daar 'n waardeverandering ingetree ten opsigte van die verhouding tussen die kaptein en die stamlede en omgekeerd.

<u>(g) Invloed op die raadstelsel</u>:

Ingevolge artikel 2 (1)(a)(i), gelees met die voorbehoudsbepaling van artikel 2(i) van die Wet op Bantoe-owerhede van 1951 (Wet No. 68 van 1951) kan die Staatspresident, nadat die Minister van Bantoeadministrasie en -ontwikkeling die betrokke Bantoes geraadpleeg het, 'n stamowerheid ten opsigte van 'n Bantoestam instel. 'n Stamowerheid word ingestel ten opsigte van 'n gebied toegewys aan 'n Bantoekaptein of -hoofman. Soos aangedui het die stam 'n stamraad en by implikasie het genoemde artikel slegs erkenning verleen aan die stamhoof en sy raad (die stamhoof-in-rade) sodat die stamhoof-in-rade dan die stamowerheid sou vorm. Die instelling van 'n stamowerheid was dus niks nuuts nie.

Die samestelling van 'n stamowerheid is nader gereël deur art. 3(1)(a) gelees met art. 3 (2) van die Wet op Bantoe-owerhede, soos gewysig deur art. 79 van Wet no. 42 van 1964. Hiervolgens sou 'n stamowerheid bestaan uit 'n kaptein of hoofman en soveel raadsmanne as deur die Staatspresident bepaal. Die aanstelling van raadsmanne geskied

ooreenkomstig die naturellereg en -gewoontes wat in die stam geld. Dit bring dus mee dat die kaptein of hoofman nie na willekeur raadsmanne kan aanstel nie, aangesien die tradisionele reg nog gegeld het. Raadsmanne is raadsmanne uit hoofde van die feit dat hulle of erflike kgôrôhoofde is, of vanweë hulle genealogiese posisies binne die stam, en kan dus hoogstens as raadsmanne <u>statutêr erken</u> word. Addisionele raadsmanne, aangestel deur die Bantoesakekommissaris, word aangestel op grond van persoonlike bekwaamheid, en indien die indruk by stamhoofde geskep word dat hulle na willekeur persone as raadsmanne kan aanstel, kan dit daartoe lei dat die tradisionele raadsmanne wat in onguns by die stamhoof is, uitgeskakel word en kan lei tot wanadministrasie.

Die tradisionele stamraad bestaan gewoonlik uit die stamhoof, die <u>Ntona</u>, die kgôrôhoofde en twee of drie persone uit die <u>khuduthamaga</u>, plus enkele ander persone wat op grond van besondere bevoegdheid deur die stamhoof met die goedkeuring van die stamraad benoem mag word. Die reg wat die Bantoesakekommissaris het om ook raadsmanne aan te stel, kan lei tot ontevredenheid binne die stamraad, en blyk nie wenslik te wees nie.

'n Ander aspek wat hier beklemtoon moet word, is dié van verteenwoordiging wat 'n besondere rol speel in Bantoebestuursliggame. Raadsmanne is nie raadsmanne as persone nie, maar as verteenwoordigers van eenhede of van genealogiese posisies wat erflik is. As 'n raadsman te sterwe kom of afwesig is, tree sy plaasvervanger outomaties in sy plek op. Dikwels is die verteenwoordiger slegs die oë en ore van

'n kgôrôhoof sonder 'n stem. Dit is ook waarskynlik dat 'n kgôrôhoof nie persoonlik vergaderings bywoon nie, maar 'n gevolmagtigde in sy plek stuur wat nie impliseer dat hy nie belangstel nie. In die meeste gevalle is dit juis vanweë sy belangrikheid dat hy slegs die belangrikste vergaderings in persoon bywoon, terwyl hy die gevolgmagtigde stuur na gewone vergaderings. In die regulasies vir stamowerhede is egter nie erkenning verleen aan hierdie beginsel van verteenwoordiging nie, want Regulasie 7 bepaal dat 'n raadsman se setel vakant raak indien hy sonder verskoning drie agtereenvolgende vergaderings nie bywoon nie of indien hy vir 'n tydperk langer as ses maande die gebied verlaat.

Die miskenning van die verteenwoordigingsbeginsel het dan ook gelei tot ernstige probleme. Vanweë die feit dat kgôrôhoofde dikwels ongeletterd is en daar op die vergaderings moeilike sake bespreek word, het hulle soms geletterde persone benoem om hulle op die vergaderings te verteenwoordig. Ingevolge die regulasies word die verteenwoordiger as raadsman aangestel, terwyl die kgôrôhoof sy raadsmanskap verloor. So ontstaan daar dan twee stamowerhede: een aangestel ingevolge die regulasies en die tradisionele stamraad wat in botsing sal kom sodra die stamowerheid ingevolge die regulasies werklik wil regeer oor die hoof van die tradisionele stamraad.

Ingevolge artikel 8 van die Wet op Bantoe-owerhede van 1951 is daar voorsiening gemaak vir die instelling van 'n tesourie vir die stamowerheid wat sou aanpas by die verandering na 'n geldekonomie. Normaalweg verkry 'n stamowerheid sy in-

komste uit boetes en hofgelde, wat voorheen die kaptein toegeval het; die heffing van enige spesiale stambelasting ingevolge artikel 15 van die Naturellebelasting en -ontwikkeling Wet van 1925, asook boetes opgelê vir die wanbetaling daarvan; inisiasiefooie; fooie betaalbaar deur nuwe intrekkers in die stamgebied; skenkings uit die Trustfondse vir die onderneming van ontwikkelingsdienste. Uit die stamfonds word dan 'n toelae aan die kaptein betaal, 'n salaris aan die Sekretaris of Tesourier, koste verbonde aan onderwysgeriewe, grondherwinning en -verbetering, paaie ensovoorts. Dit kan gemeld word dat die stamowerheid deurgaans op 'n Trustrekening werk onder beheer en toesig van die Bantoesakekommissaris.

Een van die funksies van 'n stamowerheid is om die kaptein by te staan in die uitvoering van sy funksies soos neergelê in Proklamasie No. 110/1957. Verder moet die stamowerheid ook toesien dat uitvoering gegee word aan alle wette en bevele, opdragte en vereistes van die Regering betreffende die administrasie en beheer van die Bantoes in sy gebied in die algemeen. Die stamowerheid is dus primêr 'n administratiewe eenheid en vanweë die strukturele verband wat daar tussen die stamowerheid en stamlede bestaan, vorm dit ook 'n hegte basis waarop bestuursmasjinerie kan rus.

## E. SAMEVATTEND:

Uit die voorgenoemde blyk dit dat die tradisionele politieke organisasie 'n ingrypende verandering ondergaan het. Dit is daarom begryplik dat ons by die baKwena baMare -a- Phôgôlê te doen het met 'n besondere aanpassing, veral as in gedagte

gehou word dat die stam sedert omstreeks 1920 kapteinloos was. Die instelling van 'n kaptein vereis daarom 'n besondere aanpassing en so ook die politieke organisasie, aangesien die funksionering van die politieke organisasie vir hulle in 'n sekere mate vreemd is,omdat hulle vir etlike jare nie 'n eenheid was nie en nie 'n politieke gesagsinstelling gehad het nie. In die volgende hoofstuk sal ons dan die aandag bepaal by die ordening van die politieke organisasie asook enkele probleme daaraan verbonde.

# HOOFSTUK V.

## DIE POLITIEKE STRUKTUUR VAN DIE baKWENA baMARE -a- PHÔGÔLÊ EN DIE FUNKSIONERING DAARVAN

### A. INLEIDEND:

In die voorafgaande bespreking oor die tradisionele politieke struktuur, is daar twee sake wat duidelik na vore tree, naamlik die besit van 'n gemeenskaplike gebied en 'n ordende gesag wat binne die gebied funksioneer as bindende stamfaktore. Dit is naämlik die twee pilare waarop die politieke organisasie rus en kan, tesame met 'n oorwegend gemeenskaplike kultuurbesit, beskou word as die basiese vereistes vir die sosio-politieke ordening van 'n stam. Uit die historiese oorsig van die baPhôgôlê blyk dit dat die stam aan hierdie vereistes voldoen, maar in besondere omstandighede. Voordat ons egter daarop ingaan, moet ons ook rekening hou met die feit van verandering in die sosiale struktuur van die stam, wat ook 'n verandering tot gevolg het ten opsigte van die lewensaspekte van die stam.

### B. DIE STAMSTRUKTUUR TEEN DIE AGTERGROND VAN DIE TRADISIONELE:

Blykens die historiese oorsig, was Mzilikazi se aanvalle op die stam die direkte oorsaak van die verstrooiing daarvan en dus indirek verantwoordelik vir die veranderde stamstruktuur wat daarop gevolg het. Wat ons hier sterk wil beklemtoon, is die feit dat die verstrooiingsfase ook die fase in die stam se geskiedenis is waartydens die stamgewoontes en -tradisies in verval geraak het omdat die eenheid versteur is. Tesame hiermee het die koms van die Blanke en die gevolglike kultuurkontak verder bygedra tot die kultuurverandering.

1. Opbou van die stam:

(a) Die gesin:

Die gesin, as kleinste sosiale eenheid, het uit die aard van die saak geen samestellingsverandering ondergaan nie, hoewel sekere funksies 'n noemenswaardige verandering ondergaan het, veral wat betref die ekonomiese aspekte. Die uitbreiding van die gesin na 'n saamgestelde gesin is vandag egter 'n seldsame verskynsel, hoofsaaklik onder invloed van die sending, en die kerstening van 'n groot gedeelte van die stam, asook om ekonomiese redes.

(b) Die huishouding:

Hierdie eenheid vorm vandag nie meer 'n duidelik onderskeibare groep nie, wat hoofsaaklik toe te skryf is aan die besondere omstandighede waarin die stam hom bevind het en nog bevind. Onder Blanke administrasie kon die stam hom nie volgens die tradisionele woonwyse vestig nie, vanweë die feit dat hulle oorwegend in 'n stedelike gebied is en volgens die regulasies van die Blanke owerheid moes handel. Die stamlede op blanke plase moes hulle ook skik na die wil van die eienaars. Waar stamlede egter privaatgrond besit het, kon hulle hulle tradisioneel vestig, maar in die meeste gevalle was die onafhanklike kinders en hul gesinne elders werksaam. Ten spyte van al hierdie dinge bestaan die tradisionele lapa nog, maar met die betekenis van 'n eie, individuele werf, waardeur individualisme grootliks bevorder is.

Waar die stam op Uitkyk gevestig is, is die posisie tans so dat nog net enkele gesinne hulle op die stamgrond gevestig het, terwyl die meerderheid wat tot die tradisionele huishoudingseenheid sou behoort, nog elders werksaam is. Aan die ander

kant het die mate van individualisme onder die besitters van die privaatgrond so gevorder dat dit onwaarskynlik is of die lapa ooit weer sy beslag sal kry.

(c) Die lešika:

Volgende op die huishouding, is die familiegroep of lešika wat bestaan het uit verskeie bloed- en aanverwante huishoudings wat dieselfde gebied kan bewoon. Vandag is die posisie enigsins anders gesien in die lig daarvan dat die meerderheid van die stamlede hulle nog in stedelike Bantoedorpe bevind. Die familiegroep bestaan vandag hoofsaaklik uit bloed- en aanverwante persone, en nie meer uit verskeie huishoudings nie, aangesien laasgenoemde eenheid ook 'n ander betekenis gekry het. Aan die hoof van die familiegroep staan die genealogies senior manlike persoon en sy posisie is huishoudelik van aard en word nie van buite bepaal nie. Die respek en eerbied vir die senior manlike persoon het dus te midde van alles nog nie verstomp geraak nie.

Die lešika word nog altyd gevorm deur die aantal persone wat volgens die patrilinie van 'n gemeenskaplike voorvader afstam, tesame met hulle afhanklikes en bloedverwante en ook vreemdelinge wat met verloop van tyd in die groep opgeneem word. Op Uitkyk woon die lešika min of meer in dieselfde afdeling. Sake wat net die lešika raak, word deur die kern van hierdie eenheid onder leiding van hul hoof, die mogolwana, behartig wat bygestaan word deur 'n los-georganiseerde raad van senior persone uit die groep. Waar 'n geding ontstaan tussen lede van die mašika (=meervoud van lešika), tree die hoof op as tussenganger. Die lešika besit nog sy eie kgotla waar uitsprake gegee word ten opsigte van sake rakende die groep, maar die magte hiervan

is aansienlik ingekort deur die feit dat die lede direk na die Bantoesakekommissarishof kan gaan waar die saak besleg word. In so 'n geval word daar deur ander kanale as die tradisionele gewerk.

Die <u>mogolwana</u> is nog verantwoordelik vir die gedrag en optrede van sy ondergeskiktes, maar hierin is hy ook enigsins beperk deur die Blanke administrasie aan die een kant en die groter mate van individualiteit van sy ondergeskiktes aan die ander kant. Verder word sy taak bemoeilik deurdat al die lede van die eenheid hulle nie in die stamgebied bevind nie, sodat sy aanspreeklikheid vir hulle dade in hierdie geval eintlik nie meer van krag is nie.
Die verantwoordelikheidskwessie het dus eintlik meer 'n tradisionele skyn geword, aangesien die individualisme die verantwoordelikheid vir enige stamlid se dade en optrede op sy eie skouers plaas en hyself die aanspreeklikheid daarvoor moet aanvaar.
Die <u>mogolwana</u> se funksies na buite, dit wil sê die skakeling met ander <u>mašika</u>, het behoue gebly terwyl sy skakeling na bo, dit wil sê na die kgôrô en stamhoof, in 'n groot mate geraak word deur die daarstelling van die stamraad op ander grondslae as die tradisionele. In die reël onderwerp die lede van 'n <u>lešika</u> hulle gewilliglik aan die nie-afdwingbare gesag van die <u>mogolwana</u>, hoewel daar ook ander kanale tot hulle beskikking is, danksy die Blanke administrasie.

(d) <u>Die kgôrô</u>:

Die baKwena baMare -a- Phôgôlê bestaan, vir sover dit die stamlede op Uitkyk aangaan, net uit twee <u>kgôrô's</u>, te wete die <u>Maloka-kgôrô</u> waarin die kapteinsfamilie is, en die <u>Mogatla-kgôrô</u>. Hieruit blyk dit dat, volgens die geskiedenis van die stam, die twee uitgedrewe kgôrô's, die <u>Rakwena- en baRaale-</u>

kgôrô nie weer by die stam aangesluit het nie en streng gesproke ook nie meer enige verband met die stam het nie. Die samestelling van 'n kgôrô uit 'n aantal mašika geld vandag nog en staan onder leiding van 'n kgôrôhoof, bekend as kgosana. By hierdie stam bestaan die Maloka-kgôrô uit die volgende mašika: Mogagabe, wat hoofsaaklik op Uitkyk is en die kapteinsfamilie uitmaak; Malefetse en Motsumi, wat hoofsaaklik in Orlando en Thaba Nchu is. Die Mogatla-kgôrô is saamgestel uit die Raditlhalo en Ngakane-families. Eersgenoemde familie bevind hulle in die stamgebied en Orlando, terwyl laasgenoemde familie die eienaars van die privaatgrond op Uitkyk is, terwyl andere ook in Orlando is. Van die ander kgôrô's is dit bekend dat die Thekiso-familie aanspraak maak op die kapteinskap uit hoofde daarvan dat hulle van die Rakwena-kgôrô is. Van die ander families is vandag niks bekend nie.

Die stamowerheid, saamgestel op grond van goedkeuring van die Bantoesakekommissaris en die Staatspresident, het die funksies van die kgôrôhoof ten nouste geraak. Alhoewel hy nog verantwoording verskuldig is aan die stamhoof, is die posisie nie meer dieselfde as vroeër nie, aangesien die verhouding tussen stamhoofde en kgôrôhoofde onder Blanke beheer versteur is en erflikheid nie meer as kwalifikasie dien om opgeneem te word in die stamraad nie. Weliswaar beskik die kgôrôhoof nog oor 'n informele raad wat hom bystaan en hierdie raad bestaan uit persone wat op grond van hulle afkoms, posisie en ouderdom daarvoor geskik is. Die feit dat 'n kgôrôhoof tradisioneel deur sy raadsmanne ontsetel kon word, is nie meer vandag so sterk beklemtoon nie, aangesien die verhouding tussen kgôrôhoof en ondergeskiktes 'n losser voorkoms het vanweë die feit

dat die kgôrôhoof vandag nie meer die enigste kanaal tot reg en geregtigheid uitmaak nie. Tog bly die kgôrôhoofde nog die stamhoof se amptelike kanale na die stam, sodat hieruit 'n mate van verwarring kan ontstaan. Aan die een kant is dit nie meer vanselfsprekend dat die kgôrôhoof lid sal wees van die kaptein se raad nie, aangesien hierdie posisie nou van buite bepaal word, en tog bly die kgôrôhoof die belangrikste skakel tussen kaptein en die lede van sy kgôrô.

Die funksies van die kgôrôhoof is, net soos die kaptein s'n, beperk in die opsig dat hulle moet handel volgens die eise van die Blanke voog en daaruit volg dit dat die ondergeskiktes 'n groter mate van vryheid verkry, wat hulle ook grootliks benut deur gebruik te maak van die Blanke hulpmiddele om die gesag van die kgôrôhoof en die kaptein te ontkom. Kortliks gestel is die funksies van die kgôrôhoof tans bloot administratief van aard en beskik hy oor geen afdwingbare gesag nie. Dit wat sy posisie tradisioneel gesanksioneer het, het vandag nie meer dieselfde krag nie. Ons kan stel dat al die samestellende eenhede waaruit 'n stam opgebou word vandag bloot op administratiewe funksies gerig is en dat die gesagsordening binne die stam geplaas is in die hande van die kaptein as instrument van die Blanke voog.

(e) <u>Die leeftydsgroep:</u>

Tradisioneel het hierdie eenheid oor alle linies heengesny sodat dit beskou kan word as die duidelikste bewys van stameenheid. Waar ons die voorgenoemde eenhede kan onderskei van die kleinste tot die grootste, het ons hier eerder te doen met 'n gelaagdheid as met 'n uitkringende hiërargie. Met die kultuurverandering het hierdie eenheid egter verdwyn.

Die feit dat die stam nie as 'n eenheid gefunksioneer het nie asook die kapteinloosheid was faktore wat hiertoe meegehelp het. Sendingwerk en kerstening asook die oorskakeling na 'n geldekonomie was die belangrikste faktore in hierdie verband.

My informante beweer egter dat hierdie beginsel van leeftydsgroepe as onderskeidende groep binne die stam nie totaal verdwyn het nie, maar dat dit voortleef in die huidige onderwysstelsel. Dit is in 'n mate wel waar, maar daar is 'n paar aspekte waarop gewys moet word. Eerstelik is daar wel 'n beginselooreenstemming, maar nie 'n onveranderde voortlewing van die leeftydsgroepe nie. Tradisioneel het die indeling van leeftydsgroepe gepaard gegaan met die inisiasieseremonies wat daarop gerig was om die inisiante gehard te maak en besondere tradisies oor te dra. Tans is daar slegs sprake van opvoeding en ontwikkeling van die kind, wat daarop gerig is om die stam gaandeweg op te hef om makliker te kan aanpas by die huidige lewensomstandighede. Daar is dus 'n verskil in die leerplan en in die gerigtheid van toe en nou ------ die oue was gerig op die verlede terwyl die nuwe gerig is op die toekoms.

Tradisioneel moes die inisiante aan 'n sekere kwalifikasie, naamlik puberteit, voldoen om in aanmerking te kom vir die seremonies, terwyl die kinders vandag aangemoedig word om die skool by te woon. Die opleiding begin vandag op 'n redelike jong ouderdom. Daar is verder nog die posisie dat waar seuns en dogters vandag saam die skoolopleiding ontvang, hulle tradisioneel afsonderlike seremonies gehad het. Verder verval die periode van afsondering, terwyl die seremoniële en rituele gesagsaspekte wat hiermee saamhang grondig versteur is. Ons kan stel dat waar daar tradisioneel 'n geslagsonderskeiding

was, dit nie meer die geval is nie.

Samevattend kan ons stel dat ten spyte van die ooreenkoms in beginsel, daar tog 'n diepgaande verskil is in hierdie verband en dat die verandering merkbaar is in vorm sowel as funksie. Daarom is dit twyfelagtig of ons die huidige skoolopleiding kan beskou as 'n uitbreiding en aanpassing van die leeftydsgroep. Weliswaar is daar ooreenkomste, maar daar is ook verskille wat diepgaande is sodat, in teenstelling met die beskouing van die informante, ons eerder sou wou stel dat onderwys en skoolopleiding 'n heeltemal nuwe aspek is en nie sonder meer geknoop kan word aan die funksionering van die tradisionele leeftydsgroep nie. Die oue het deur gesags- en diensintensies, status, ensovoorts bindend gebly, terwyl die nuwe hoogstens sosiaal- psigiese bindkrag het.

(f) <u>Die stam:</u>

Die stam word dan gevorm deur die som van die aantal kgôrô'e, maar dit is veel meer as net die blote somtotaal daarvan. Daar is reeds aangetoon [1] dat die stam 'n geïntegreerde geheel vorm met sy eie kenmerkende eienskappe wat tweërlei van aard is; enersyds die sentrale gesag verantwoordelik vir die onderlinge verhoudinge binne die stam en andersyds die gesamentlike trou en onderwerping van die stamlede aan hierdie gesag; die tweede kenmerk is die bewoning van 'n gemeenskaplike gebied enersyds en andersyds die beskerming daarvan deur die stamlede. Genoemde kenmerke is aanwesig onder die baKwena baMare -a- Phôgôlê, maar daar is 'n geringe mate van komplisering daarvan. In die eerste plek is dit so

---

1 Hoofstuk IV, p. 90.

dat die stamgebied nie gemeenskaplik besit word nie, maar slegs gedeelte daarvan terwyl die res privaat besit word deur stamlede. Tweedens is daar die toestand dat die meerderheid stamlede hulle nog nie in die stamgebied gevestig het nie, maar elders werksaam is, sodat die jurisdiksie van die sentrale gesag eintlik verder strek as net die stamgebied. Laasgenoemde stelling is egter alleen van krag op voorwaarde dat die uitbreiding van die sentrale gesag buite die stamgebied aanvaar word as 'n tydelike maatreël.

Die territoriale aspek verdien meer aandag in tweërlei opsig, naamlik die afwesigheid van die meerderheid uit die stamgebied onder Blanke jurisdiksie en tweedens die verdeling van die grondgebied in twee, te wete die stamgrond en privaatgrond.

(g) <u>Die afwesigheid van die meerderheid:</u>

Die posisie in die stamgebied is tans so dat die meerderheid van stamlede buite die stamgebied werksaam is. Dit is toe te skryf aan die lang tydperk van verstrooiing en kapteinloosheid van die stam wat eers in 1962 die stamgrond op Uitkyk gekry het. Aangesien vestiging verband hou veral met ekonomiese oorwegings, is dit onrealisties om te verwag dat al die stamlede reeds in die stamgebied gevestig moet wees. Hierdie stand van sake hou verband met die gesag van die kaptein.

Die kapteinsgesag strek net so ver as die grense van die stamgebied, maar daar is in sy aanstelling voorsiening gemaak vir uitbreiding om hom te help om die afwesige stamlede in die stamgebied te kan verenig; met ander woorde, bloot as 'n tydelike maatreël wat impliseer dat die afwesigheid van die

stamlede as tydelik beskou word. Uit bostaande mag dit lyk asof al die stamlede wat hulle nog elders bevind, van voorneme is om hulle in die stamgebied te gaan vestig. Dit is egter nie die geval nie, aangesien ander faktore as net die politieke hierby betrokke is. In die eerste plek hang die mate van vestiging af van die graad van verankering in die huidige gebied. Hierdie verankeringsaspek is baie belangrik, aangesien hierdie stamlede hulle al vir 'n hele aantal generasies in die huidige gebied bevind en die natuurlike neiging van die mens is om te veranker waar hy woon en sy brood verdien. Dit is daarom te betwyfel of 'n grootskaalse verhuising na die stamgebied sal plaasvind, want behalwe verwantskapsbande, is daar geen ander bande wat hierdie stamlede aan die stamgebied bind nie.

'n Tweede belangrike faktor is die ekonomiese. Die stamgebied as woonplek vergelyk swak met die huidige, veral diegene wat hulle in Orlando, Johannesburg, bevind. Die stamgebied bied geen sekuriteit nie. Dit is ook nie genoeg om op landbou alleen of hoofsaaklik te konsentreer om daardeur die ekonomiese vooruitsigte te verbeter nie. Alle stamlede wil en kan nie boere wees nie en diegene in die stede het waarskynlik ook nie meer die kundigheid en/of die kapitaal om te boer nie. Nog belangriker is die feit dat die Bantoe ten opsigte van sy boerdery traag is om te moderniseer, want dit gryp tot in sy godsdiens in. Die verbetering van die ekonomiese faktor verg dan ook die skepping van werkgeleentheid en verkryging van verdienstes met bygaande statusgeleentheid.

'n Verdere faktor is dat die vestiging in die stamgebied op

die oomblik grootliks gebaseer is op politieke oogmerke met die verwagting om daardeur die afwesige lede te trek en sodoende die stameenheid weer op te bou. In die tradisionele ontwikkelingspatroon sou hierdie oogmerke genoegsaam gewoes het om aan die verwagting te voldoen, maar in die huidige omstandighede is die politiek ondergeskik aan die ekonomiese oogmerke. Hiermee word bedoel dat die stamlede onder invloed van die verstrooiingsfase en die kultuurkontak weggegroei het van die tradisionele en dat in die huidige omstandighede selfs die stam se geskiedenis sodanig vervaag het dat dit feitlik geen bindkrag meer het nie. Die kultuur van die stam het 'n verandering ondergaan sodat die gerigtheid van elke stamlid verander het met die klem op die ekonomiese as behoudsfaktor. Dit het aanleiding gegee tot 'n groter mate van individualisme sodat die tradisionele nie meer so 'n belangrike plek in hulle lewe inneem nie.

Die vraag ontstaan nou van watter wesentlike betekenis dit is om te deel in die grondbesit van die volksgemeenskap. Die individu kan slegs in voorregte en regte deel indien hy lid van 'n volk is en hierdie regte en voorregte is nie los te maak van volksgemeenskap nie. So het lede van 'n volk 'n deel in die grondbesit van die volksgemeenskap; 'n deel in die politieke ontwikkeling asook in die ekonomiese ontwikkeling.[1)] Die vraag is egter of dit van veel waarde is as daardie grond nie vir hulle brood en welvaart kan gee nie. Is hierdie regte en voorregte van so 'n aard dat dit die trekkrag van die verblyf in die Blanke gebiede kan neutraliseer of oortref? Die volksidentiteitsdokument is 'n goeie administratiewe middel, maar dit alleen is egter nie genoeg om die krag van

---

1. Botha, M. C: Perspektief op die Bantoetuislande, Koers p.308.

die verblyfplek te neutraliseer nie.

Dit lyk asof hierdie andersins stamintegrerende faktor - territoriaal residensiële eenheid - sodanig verswak is, sonder dat daar ander faktore is wat hiervoor kompenseer. Dit gaan gepaard met verswakking van die kapteinskap in die sin van mindere persoonlike lojaliteit. Daar bestaan, wat die kapteinsposisie betref, 'n dualisme in die gemoed van die stamlede - 'n dualisme ten opsigte van lojaliteit en sekuriteit en dit skyn asof laasgenoemde die swaarste weeg ten opsigte van die stamlede in die Blanke gebied.

2. Grondbesit:

Soos reeds aangetoon, word die stamgebied nie gemeenskaplik besit nie. Die plaas Uitkyk in die distrik Marico; dit is die stamgebied, is in twee dele verdeel, naamlik gedeelte A, wat privaateiendom is van 'n paar stamlede, hoofsaaklik uit die Ngakanehuis, en die restantgedeelte van die plaas wat deur die stam gemeenskaplik besit word onder trusteeskap van die kaptein. Gedeelte A behoort aan die stamlede wat grond op Klipgat, in die Ventersdorpdistrik, besit het en as gevolg van die opruiming van die swartkol op Klipgat - dit was nie 'n ingelyste gebied nie - gedeelte A van Uitkyk gekoop het as vergoedende grond vir Klipgat. Hierdie grond besit hulle in onverdeelde aandele en staan onder die jurisdiksie van 'n eie hoofman. Die kaptein het nie seggenskap op die privaatgrond en die gebruik daarvan nie, maar sodanige privaateienaars is tog onderworpe aan die jurisdiksie van die kaptein vir alle ander aangeleenthede, behalwe ten opsigte van die gebruik, aanwending en opbrengs van hulle grond,

gegrond op die feit dat die kaptein van owerheidsweë erken word as kaptein van die stam, terwyl die hoofman nie sodanige erkenning geniet nie. Die kapteinsgesag strek in hierdie geval net so ver as die persoon van die privaateienaars en nie ten opsigte van hulle grond nie.

Genoemde situasie kan in 'n sekere opsig vergelyk word met die tradisionele wykstelsel van die Tswana, wat later verdwyn het vanweë die beperkte ruimte en vervang is deur die kgôrôstelsel. Gedeelte A kan beskou word as 'n wyk in tradisionele sin, maar verder kan die vergelyking nie getrek word nie aangesien die kaptein geen seggenskap oor die grond het nie. Weliswaar is dit gegrond op 'n kgôrôbasis vir so ver daar net 'n bepaalde familie is wat dit bewoon, naamlik die **Ngakane's** wat saam met die Raditlhalo's die Mogatlakgôrô uitmaak. Dit beteken dus dat die grense van die Mogatlakgôrô verder strek as die grond wat gemeenskaplik besit word onder jurisdiksie van die kaptein. Dit is nie 'n vreemde verskynsel nie en in die voorgaande hoofstuk is aangetoon dat gesagsuitoefening kan geskied ten opsigte van mense of ten opsigte van 'n bepaalde gebied of soms ten opsigte van beide. By die Mogatla-kgôrô het ons te doen met die duale verskynsel, waar die gesag van die kgôrô verder strek as die van die kaptein. Ons moet egter in gedagte hou dat die gesagsgrense van die kgôrô bepaal word deur verwantskap, terwyl die gesagsgrense van die kaptein bepaal word deur die lojaliteit van sy onderdane. Dit wil egter nie sê dat die betrokke privaateienaars dislojaal teenoor die kaptein staan nie. Hulle is wel lojaal, maar sonder afstand van hulle regte as privaateienaars, dit is ten opsigte van hulle

grond.

Dat hierdie stand van sake 'n beperking is op die kapteinsgesag, is nie aan te twyfel nie. In soverre dit die algemene belange van die stam raak, voer die kaptein ook jurisdiksie oor die privaateienaars, maar waar dit die belange raak van hulle grond, tree hulle self op. Dit beteken 'n komplisering van die taak van die kaptein en dit kan verwag word dat hierdie stand van sake aanleiding kan gee tot ernstige geskilpunte, veral waar dit gaan om die implementering van byvoorbeeld 'n onpopulêre landboubeleid deur die kaptein op aandrang van die Blanke administrasie. Sodanige probleme wat direk die regte van die privaateienaars ten opsigte van hulle grond aantas, kan lei tot ernstige verskille wat in uiterste gevalle kan lei tot 'n verwydering tussen die kaptein en die privaateienaars. Dit is dus 'n moontlike splitsingsfaktor wat altyd in gedagte gehou moet word.

Die feit dat die privaatgrond aangrensend is aan die stamgebied, is nie sonder betekenis nie en is op sigself al 'n stap in die rigting van toenemende individualisme waar die gesag van die kaptein eintlik oorbodig geword het, aangesien hulle oor 'n eie hoofman beskik as 'n spreekbuis na buite. Daarby moet die moontlikheid gevoeg word dat hulle direk tot die Blanke administrasie kan nader om leiding te gee in sekere sake, sodat die kaptein en die stamraad oor die hoof gesien word en nie meer dien as skakel tussen die stam en die hoëre gesag nie. Dat hierdie privaateienaars vir 'n geruime tyd reeds grond besit, eers op Klipgat toe daar geen kaptein was nie en ook op Uitkyk voordat die kaptein aangestel is, beklemtoon die feit dat die gesag van die

kaptein oor hulle 'n verandering in die gesagsverhouding meebring waaraan hulle vir 'n lang tyd gewoond was, aangesien hulle gedurende hierdie tydperk onder gesag van 'n eie hoofman gestaan het.

Hierdie besondere opset bring die vraag na vore, naamlik in hoeverre daar sprake is van werklike eenheid. Hierdie vraag is moeilik te beantwoord, want dit raak die intensionele in die stam aan. Noudat daar nog gewerk word om die stamlede van oral af bymekaar te bring en hulle bewus te maak van 'n eie stamidentiteit, maak dit moeilik om vas te stel watter gewig die tradisionele gewoontes en gebruike in hulle lewe inneem. Hierdie vraag kan eers beantwoord word wanneer die herenigingsproses voltooi is en die ideaal van die stam verwesentlik is, want gewoonlik verslap die eenheidstrewe sodra die ideaal bereik is. Enige wrywing wat tussen hierdie twee groepe binne die stam mag ontstaan, kan hierdie ideaal verongeluk indien 'n bevredigende oplossing nie gevind word nie.

Samevattend sou ons wou stel dat hierdie stand van sake die moontlikheid inhou van splitsing en dat met die gang van jare hierdie twee groepe al hoe verder van mekaar weg sal beweeg as gevolg van die verskil in regte ten opsigte van die grond.

3. Die Kapteinsgesag:

In die historiese oorsig is daar aangetoon dat die stam vir 'n geruime tyd kapteinloos was en dat hulle later by die Departement Bantoeadministrasie en -ontwikkeling aansoek gedoen het om 'n kaptein vir die stam te erken. Hierdie versoek het daartoe gelei dat die Regering aandag aan die saak verleen het ten einde 'n kaptein aan te stel en der-

halwe die geskiedenis moes nagaan om aan hierdie versoek te voldoen en op 24 Augustus 1968 is Kaptein Stephen Mogagabe op Uitkyk ingehuldig as die kaptein van die stam. Ons moet dus aandag skenk aan die instelling van die kapteinskap as tradisionele verskynsel.

(a) Instelling:

Aan die hoof van die stam staan die kaptein of stamhoof wat tradisioneel die simbool van stameenheid was. Daarom is dit nie vreemd dat die stam, toe nog verspreid sonder identiteit, die regering versoek het om 'n kaptein vir hulle aan te stel nie. Die aanstelling en erkenning van 'n kaptein sou ook impliseer dat die stamidentiteit erken word en dat daar sprake was van 'n eenheid, wat bevestig sou word deur die kaptein as simbool daarvan. Dit was en is nog steeds elke stam se strewe om 'n kaptein te hê sodat die instelling van 'n kaptein as sodanig geen vreemde verskynsel is nie.

Volgens die Tswanagesegde is 'n kaptein kaptein uit hoofde van sy geboorte. Die afkomsposisie is dus van besondere belang en hierdie beginsel is gehandhaaf by die aanstelling van 'n kaptein vir die stam soos aangetoon in die kapteinsgenealogie. Op grond van sy geboorte emaneer sy gesag as kaptein dan ook op verskillende terreine. Sy gesag is egter grootliks aangetas deur die Blanke voog, sodat sy gesagsposisie in so 'n mate beperk is dat sy verantwoordelikheid tot handhawing van wet en orde oor sy onderdane, grootliks toegeneem het. Die mate waartoe die baPhôgôlê verwesters het as gevolg van 'n noue kultuurkontak met die Blanke, het gelei tot 'n groter besef van individuali-

teit wat die intensiteit van die kaptein se verantwoordelikheidsverpligting grootliks laat toeneem het.

Die vraag ontstaan dan nou oor die wenslikheid van die instelling van 'n kaptein nadat die stam vir 'n tydperk van ongeveer 40 jaar kapteinloos was. Dat daar teruggegryp is na die tradisionele as aanknopingspunt, is betekenisvol, aangesien die stam self die versoek gedoen het vir die instelling van 'n kaptein,wat die intensionele in die stam beklemtoon. Dit kan dus wees dat die stam, midde in die proses van kultuurverandering, 'n leemte aangevoel het wat gevul sou kon word deur 'n kaptein, wat sou kon bydra tot die herlewing van die eenheidsgevoel. Die instelling van 'n kaptein met die tradisionele as aanknopingspunt is betekenis-vol, omdat dit enersyds inpas by die regeringsbeleid ten opsigte van die Tswanageheel en andersyds omdat dit sou lei tot die bewustheid van 'n eie stamidentiteit wat sou inskakel by die breëre Tswanabeleid.

Die wenslikheidsaspek gaan nog dieper en impliseer dat aan die stam 'n plek gegun word binne die groot Tswanageheel. Hierdie plek kan alleen gehandhaaf word indien hulle 'n kaptein het wat kan optree as 'n spreekbuis na buite; met ander woorde, die politieke funksies na buite wat die behoud van hulle posisie beteken, want die senioriteitsaspek is nog altyd 'n belangrike aspek waaraan vandag nog gehoor gegee word. 'n Negering van die versoek om 'n kaptein sou 'n miskenning van die stam se senioriteit beteken wat sou kan lei tot die algehele verdwyning van die stam, selfs in so 'n mate dat hulle as „vreemde" Tswana bestempel sou kan word, alhoewel dit, soos blyk uit die historiese oorsig, nie moont-

lik is om bo alle twyfel die stam se posisie binne die Tswanageheel aan te toon nie, sou 'n miskenning daarvan tragiese gevolge ingehou het.

Samevattend sou ons kan stel dat die instelling van 'n kaptein vir hierdie stam in die besondere omstandighede nie alleen wenslik was nie, maar ook noodsaaklik, Hierdie stap het nie alleen daartoe gelei dat 'n feitlik verdwene stam weer opgehef is nie, maar ook dat ander stamme bewus geword het van die bestaan van die stam. Dit het verder daartoe gelei dat daar binne die stam selfs 'n eenheidsgevoel ontstaan het en 'n lojaliteit vir dit wat hulle eie was, sodat hulle reeds op hierdie vroeë stadium van ontwikkeling saamwerk tot die bereiking van 'n groter ideaal, naamlik dié van 'n Tswanavolkswording.

(b) Inhuldiging:

Dit was my voorreg om die inhuldiging van die kaptein van die baKwena baMare -a- Phôgôlê te Uitkyk op 24 Augustus 1968 by te woon. Die inhuldiging van die kaptein was geskiedkundig omdat dit die eerste kaptein is wat formeel ingehuldig is deur die Blanke administrasie en wat bygewoon is deur die aangrensende kapteins van ander Tswanastamme, sodat met hierdie inhuldigingseremonie nie net die stam self nie, maar ook ander stamme 'n kykie kon kry in hierdie stam se geskiedenis en hulle hedendaagse posisie.

Opmerklik was die feit dat die seremonie die gees adem van die tradisionele, maar dat dit hoofsaaklik geskied het volgens die Blanke stelsel. Die tradisionele blyk uit die luiperdvel wat die kaptein omgehang is en die oorhandiging van die assegaai en byl aan die kaptein. Tradisioneel was die byl

en assegaai die simbool van die sanksionering van die kapteinsgesag en vandag dra dit nog dieselfde betekenis. Met die oorhandiging van die byl en assegaai, word dit op die hart van die kaptein gedruk dat hy die verantwoordelikheid aanvaar het om om te sien na die belange van die stam en dat die stam van hom verwag om goed te regeer, en dat hy dus ook sy gesag moet handhaaf oor die stam.

Die oorheersende tendens is die formele instelling deur die Blanke voog wat 'n erkenning impliseer van die stam as eenheid en die kaptein as ordende gesag. Van die Blanke voog ontvang die kaptein dan ook sy bekragtigingsbriewe wat hom magtig om wet en orde te handhaaf binne die stamgebied, onderworpe aan die goedkeuring van die blanke voog. Die ontvangs van die aanstellingsbrief, impliseer ook die kaptein se bereidheid om gesag te voer oor die stam - maar gesag wat grootliks beperk is deur die Blanke administrasie wat beteken dat die kaptein nie veel meer is as 'n skakel tussen die stam en die Blanke voog nie.

Hier dien egter nog aandag gegee word aan enkele tradisionele aspekte wat nie in die voorgaande hoofstuk gemeld is nie. Dit kan genoem word dat hierdie aspekte nog nie onder huidige omstandighede nodig was nie, aangesien dit gaan oor die opvolging van een kaptein deur 'n ander. Tradisioneel is die dood van 'n kaptein dadelik bekend gemaak. Die kaptein is begrawe in die beeskraal waar sy graf met medisyne behandel is om moontlike kwaaddoenders af te skrik. Daar is egter geen wagte uitgeplaas om die graf te beskerm nie. Volgens informante word die kaptein tans nie meer in die beeskraal begrawe nie. Die routydperk vir 'n kaptein se dood is 'n jaar

lank en hierna word die opvolger eers ingehuldig. In die tydperk na die afsterwe van die kaptein totdat sy opvolger ingehuldig word, neem die kaptein se broer waar, maar nie as 'n regent nie. 'n Regent word gewoonlik aangewys in gevalle waar die opvolger nog minderjarig is en nie sy amp kan opneem nie. As regent tree die kaptein se broer gewoonlik op en hy beklee dieselfde magte en funksies as 'n kaptein self. Van die regent word dan verwag om terug te staan wanneer die opvolger oud genoeg is om die stoel oor te neem. Vroeër kon 'n regent weier om afstand te doen van die regte en funksies van 'n kaptein wat gewoonlik gelei het tot 'n stamtwis en 'n moontlike stamsplitsing. Onder die Blanke reg is so iets egter nie moontlik nie, omdat die aanstelling van 'n regent onderworpe is aan goedkeuring met bepaalde voorwaardes.

(c) Opvolging:

In die voorgaande is daar gemeld van die kaptein se opvolger. In die huidige omstandighede geld die Tswanaspreuk „kgosi ke kgosi ka a tsetswe" nog sodat opvolging gebaseer is op afkoms. My informante stel dat die opvolgingspatroon nog die tradisionele is, naamlik in die patrilinie van vader na seun. Indien daar egter geen seun is nie, gaan die voorreg oor na die kaptein se broer en sy nasate, met die klem op die eersgeboortereg. Volgens hierdie opvolgingspatroon is dit dus bykans onmoontlik dat daar geen opvolger beskikbaar is nie. Die erfgenaam tot die kapteinskap word egter eers na die dood van die kaptein deur die kapteinsfamilie aangewys.

Die erfgenaam, gewoonlik die oudste seun, word gedurende

sy vader se leeftyd onderrig deur sy vader se raadsmanne. Die feit dat hy onderrig word, impliseer egter nie dat hy sy vader outomaties opvolg nie. Soos aangetoon, word die opvolger eers na afsterwe van die kaptein aangewys, wat kan neerkom op 'n amptelike erkenning van die oudste seun, maar dit kan ookwees dat hy om een of ander rede oor die hoof gesien word en 'n ander erfgenaam aangewys word. Tydens sy onderrig word hy vertroud gemaak met die algemene pligte en funksies van 'n kaptein en in sommige gevalle kan hy waarneem as kaptein in sy vader se afwesigheid of siekte, maar dan bygestaan deur sy vader se raadsmanne. Hy het egter nooit finale gesag tydens sy vader se leeftyd nie, behalwe in buitengewone omstandighede soos sy vader se onbevoegdheid om verder te regeer weens hoë ouderdom.

Vandag is die aanwysing van 'n opvolger egter onderworpe aan die goedkeuring van die Blanke gesag, sodat ons kan stel dat die bevestiging van sy aanspraak op kapteinskap deur die kapteinsfamilie, geen waarde het indien dit nie goedgekeur word nie. Dit bring dus ook die moontlikheid na vore dat in gevalle waar die kapteinsfamilie die erfgenaam onterf, hy kan appélleer na die hoër gesag, en indien die appél gehandhaaf word, beteken dit 'n verontregting van die funksies van die kapteinsfamilie waardeur samewerking tussen die stam en die Blanke administrasie vertroebel kan word.

<u>(d) Regte en verpligtinge van die kaptein:</u>

Uit die aard van die saak beteken kapteinskap 'n verantwoordelike posisie met daaraan verbonde sekere regte en verpligtinge wat onskeibaar daarvan is. Soos tevore opgemerk, was die kaptein ook die simbool van stameenheid en

stamsolidariteit en hierdie simboliek word vandag nog gehandhaaf. Omdat kapteinskap so 'n groot verantwoordelikheid op die skouers van die kaptein plaas, is dit ook vanselfsprekend dat daar faktore moet wees wat hierdie posisie sanksioneer sodat die gesag van 'n kaptein afdwingbaar is. Tradisioneel is die kapteinsposisie gesanksioneer deur faktore wat in die vorige hoofstuk aangetoon is. Vandag egter is die belangrikste faktor die erkenning van die kaptein deur die Blanke administrasie wat indirek impliseer dat die kaptein sy gesag van die Blanke voog ontvang. Weliswaar word die aspek van afkoms nog gehandhaaf, maar die waarde daaraan toegedig is nie meer dieselfde as die tradisionele waarde nie.

Aangesien die kaptein sy gesag ontvang van die Blanke administrasie, wat bevestig word deur die feit dat hy 'n salaris van hulle ontvang, is die grootste verantwoordelikheid van 'n kaptein dan ook ten opsigte van die hoëre gesag. Dit impliseer dat hy in ooreenstemming met die blanke beleid moet handel en toesien dat die wette wat ten opsigte van die stam voorgeskryf word, uitgevoer word. Aan die anderkant het die kaptein ook aanspraak op hulp en bystand van die Blanke gesag.

Die kaptein se posisie geld ten opsigte van die stam waaroor hy aangestel is en het hy 'n verpligting teenoor die stam. Maar hierdie verpligting impliseer ook die kaptein se reg op die stam se samewerking en lojaliteit, wat enigsins ingekort is deur die salaris wat hy van die Blanke voog ontvang met 'n neiging om 'n kloof op te bou tussen kaptein en stamlede. Hierdie kloof word enigsins oorbrug

deur die feit dat die kaptein die stam se amptelike spreekbuis na buite is.

Die kapteinsposisie geld verder ten opsigte van die gebied waaroor hy aangestel is. Hy is dan ook die trustee van die stamgrond en as sodanig verantwoordelik vir die aanwending en die beskerming daarvan. Hy moet omsien na die reëling van die weivelde en lande, en ook grond vir vestiging, sodat geen stamlid hierdeur veronreg word nie. Enersyds beteken dit 'n territoriale begrensing van sy gesag en andersyds sy verantwoordelikheid ten opsigte van die aanwending en beskerming daarvan wat 'n verpligting inhou. Die verdeling van die gebied en die implikasies daarvan is reeds bespreek, sodat ons nou aandag sal gee aan die reëling ten opsigte van die grond wat gemeenskaplik besit word. Hieroor het die kaptein volle seggenskap as trustee en dit is sy plig om toe te sien dat aan elke stamlid binne die gebied reg geskied. Aan die ander kant is die gebruik van die grond deur die stamlede onderhewig aan die goedkeuring van die kaptein wat die stam se afhanklikheid aan die kaptein beklemtoon. Dit beteken dus die versterking van die kapteinsgesag oor die stam.

Die kaptein is ook die spreekbuis van die stam na buite teenoor die Blanke voog enersyds en andersyds teenoor ander Bantoestamme via die Blanke gesag of hoër Tswanagesag. In die vervulling van sy funksies word die kaptein bygestaan deur 'n stamraad en ondersteun deur die samewerking van die stamlede. Aan die ander kant is die kaptein ook die spreekbuis van die Blanke gesag na die stam. Hierin lê opgesluit 'n bron van moontlike ontevredenheid by die

stamlede wat toe te skryf is aan onbegrype van die wedersydse verteenwoordiging van die kaptein.

Na binne is die kaptein verantwoordelik vir die handhawing van wet en orde binne die stam en die bevordering van goeie onderlinge verhoudinge tussen die stamlede. Hierin is die samewerking van die stam 'n noodsaaklikheid. Die mate van individualisme binne die stam bemoeilik egter die uitvoering van hierdie funksies, aangesien die eie belange hoër gestel word as die gemeenskaplike belange van die stam as 'n eenheid.

Ingevolge sy aanstellingsbrief verkry die kaptein ook judisiële magte, maar hierop is daar ook 'n beperking geplaas ten opsigte van die sake wat hy mag verhoor en die boete wat hy mag oplê. Die jurisdiksie van die kapteinshof is in ooreenstemming met die stamgewoontes en -gebruike, maar onderhewig aan appél na die Bantoesakekommissarishof.

In die uitvoering van sy pligte en funksies word die kaptein bygestaan deur raadsmanne wat hom adviseer en help. In hierdie verband het daar ook omvangryke veranderings ingetree, hoewel die kern tog behou is, naamlik die bestaan van so 'n raad wat saam met die kaptein die sentrale gesag van die stam uitmaak.

4. Die Raadstelsel:

Die amptelike instelling van 'n stamraad vir die baKwena baMare -a- Phôgôlê moet nog geskied. Die kaptein is, soos aangetoon onlangs eers in sy amp bevestig nadat die stam vir 'n geruime tyd kapteinloos was en daar nie 'n stamraad bestaan het nie. Tydens die versameling van gegewens is

daar reeds samesprekings gevoer met die Bantoesakekommissaris van Pilanesberg om hierdie aangeleentheid te finaliseer, maar tot op hede is daar nog nie 'n amptelike raad saamgestel nie. Die samestelling en algemene funksies van hierdie raad, ook genoem die stamraad, is in die vorige hoofstuk bespreek sodat dit nie nodig is om verder daarop in te gaan nie.

Tydens die inhuldigingseremonie is die stamraad as 'n belangrike vereiste voorgehou. Sy Edele A.H. Vosloo, Adjunk-Minister van Bantoe-ontwikkeling het dit soos volg uitgedruk:

> „As soon as your (die kaptein s'n) tribal council has been established you should request that your council be recognised as a tribal authority. Only by this step can the baPhôgôlê take up its place again in the Tswana nation and in the running of its government." 1)

Die kaptein saam met die stamraad vorm dan die politieke organisasie van die stam, maar dit wil nie sê dat die gewone stamlid geen deel daaraan het nie. Die stelsel van verteenwoordiging bring mee dat elke stamlid indirek daaraan deel het. Dit is slegs waar raadslede nie op grond van hulle genealogiese verbintenis as senior verteenwoordiger van 'n kgôrô in die stamraad sitting het nie, dat daar sprake kan wees van nie-deelname in die politieke organisasie. Sulke persone word tot die raad benoem deur die Blanke administrasie op grond van hulle meerdere kennis en gevolglik breër horison deur hulle akademiese kwalifikasies. Dit is dan ook in sulke gevalle waar daar botsings is tussen raadslede en stamlede. Sodanige situasie bestaan nog nie onder die baKwena baMare -a- Phôgôlê nie, aangesien 'n formele

---

1. Toespraak gelewer tydens inhuldigingseremonie te Uitkyk op 24 Augustus, 1968 deur Sy Edele Adjunk-Minister, A.H. Vosloo, L.V.

stamraad nog nie benoem is nie.

Die kaptein word verder bygestaan deur 'n familieraad wat volgens tradisie saamgestel word uit nabye bloedverwante van die kaptein en die Ntona. Die stam onder studie beskik ook nog nie oor sodanige raad nie, alhoewel daar reeds 'n Ntona benoem is in die persoon van Abram Mogagabe. Hierdie familieraad is bekend as die khuduthamaga. Die baPhôgôlê het egter 'n raad saamgestel onder dieselfde naam, maar wat nie identies daarmee is nie. Die raad dien as 'n tydelike stamraad om aangeleenthede eers op 'n vaste voetstuk te plaas. Genoemde raad is saamgestel uit die kaptein, die Ntona, twee lede van die Mogagabefamilie, twee lede van die Raditlhalofamilie en twee lede van Ngakanefamilie. Uit hierdie lede is daar 'n sekretaris gekies om die sekretariële werk te behartig. Uit die samestelling van hierdie raad blyk dit dat die raad eintlik die stamraad vorm en nie die khuduthamaga nie, maar volgens die kaptein is hierdie raad die khuduthamaga met die funksies van 'n stamraad. Dit is nie seker of dit net 'n tydelike reëling is en of dit 'n verandering in hierdie opsig gaan teweeg bring waar die stamraad en die familieraad verenig word nie. Dit dien opgemerk word dat die stam in die verstrooiingsfase ook weggegroei het van die tradisionele en dat die tradisionele vir hulle vreemd geraak het. Voor die politieke ordening van die stam, het van die leiers bronne geraadpleeg oor die tradisionele, en hierdie bronne was hoofsaaklik geskryf deur blankes sodat ons kan stel dat die stam van hulle eie kultuuraspekte via die blanke behou het en dat sodanige verandering daarom ook nie vreemd voorkom nie.

Tradisioneel was die funksies van hierdie rade bloot adviserend asook om die gevoelens van die stam aan die kaptein oor te dra sodat hy sy besluite daarvolgens kon rig. Die kaptein was egter nie gebonde aan sodanige advies nie, maar negering daarvan kon hom duur te staan kom. Vandag is die funksies van die raadsmanne meer spesifiek en die kaptein gebonde aan hulle menings. Dit impliseer aan die een kant die gesagsbeperking van die kaptein en aan die ander kant die gesagsuitbreiding van die raadsmanne. Hierdeur word die politieke organisasie op 'n meer selfstandige grondslag geplaas, sodat al die verantwoordelikheid nie net op die skouers van die kaptein rus nie. Dit impliseer dat die aanpassing tot 'n onafhanklike en selfstandige politieke gesag binne die stam nou reeds begin vorm aanneem, sodat met die totstandkoming van die Tswanatuisland al die stamme tot so 'n mate ontwikkel het dat die konstitusie, op blanke lees geskoei, nie 'n heeltemal vreemde element sal wees nie sodat selfstandigwording vinniger kan geskied.

## 5. Die geskilpunt om die kapteinskap:

Na 'n lang tydperk van kapteinloosheid is Stephen Mogagabe op 24 Augustus 1968 amptelik ingehuldig as kaptein van die baKwena baMare -a- Phôgôlê. Stephen Mogagabe is deur die kapteinsfamilie aangewys as die regmatige kaptein en tog is daar stamlede wat nie tevrede is met hierdie aanstelling nie en ander eise stel. Hierdie stamlede is hoofsaaklik die Thekisofamilie wat op Klipgat agtergebly het. Hierdie familie behoort tot die ou kapteinskgôrô wat voor die aanvalle van Mzilikazi op die stam, uit die stam verdryf is vanweë beweerde wanregering.

Die vraag ontstaan nou na die gewig van hierdie eise en die antwoord lê opgesluit in die historiese. Daaruit blyk dit dat hulle wel die afstammelinge van die kapteinsfamilie is wat met geweld ontsetel is. Volgens Tswanareg en -gewoonte kan so 'n uitgedrewe kapteinshuis slegs hulle posisie met geweld of deur diplomatiese optrede herower.[1] Totdat die stam omstreeks 1920 kapteinloos gelaat is, kon hierdie groep nog nie hulle posisie herower nie. Die aanspraak van die Mogagabe-familie op die kapteinskap is gebaseer op die feit dat nadat die Rakwena en baRaalekgôrô's uit die stam verdryf is, hulle die kapteinskap oorgeneem het omdat hulle toe die seniors binne die stam was. Dit impliseer dat daar deur middel van geweldpleging 'n verandering in die kapteinsgenealogie gekom het en dat die regte van vererwing oorgegaan het van die Thekiso's na die Mogagabe's en dat dit vandag nog steeds die geval is.

In 1952, tydens die samesprekings met die stam deur die Departement van Bantoeadministrasie en -ontwikkeling, is die inisiatief om 'n kaptein aan te wys dan ook in die hande van die stam gelaat. Die erkenning van Stephen Mogagabe het 'n verandering in die houding van die Thekiso-familie gebring ten opsigte van die res van die stam en ook die Departement. Die vraag is dus wat hierdie verandering veroorsaak het. In die eerste plek is daar die steun van die Departement aan die Mogagabe-familie, terwyl die Thekiso-familie gehoop het om langs hierdie weg hulle ou posisie terug te kry. Die gevolg hiervan was dat die Thekiso's geweier het om te verskuif en 'n aggressiewe

---

1. Vergelyk Hoofstuk III Afdeling D (III) p.74.

houding ingeneem het, sodat hulle later van hulle grond op Klipgat onteien is sonder aanspraak op vergoedende grond. In die tweede plek het die onderlinge konflik tussen die twee groepe na die oppervlakte gekom en het daar 'n verwydering plaasgevind tussen die twee groepe. Die eis van die Thekiso's is nou naamlik dat hulle as die kapteinsfamilie erken en dat Frank Thekiso as kaptein aangestel word voordat hulle enigsins bereid sal wees om na die stamgebied te verhuis, wat beteken dat hulle alle bande met die stam verbreek het omdat die ander stamlede nooit aan so 'n eis sal en kan toegee nie. Aangesien die Thekiso-familie alle bande met die stam verbreek het en tans by Randfontein, Klipgat en op Vlakpan, in die distrik Lichtenburg, is, dra hulle eise geen gewig nie.

C. SAMEVATTEND:

Uit die voorgaande blyk dit dat die verstrooiingsfase en die latere kultuurkontak 'n diepgaande invloed op die stam gehad het tot so 'n mate dat dit baie moeilik sal wees om die ou eenheid weer te verenig en op 'n vaste basis te plaas. Dat die kaptein aangestel is en daardeur by implikasie ook erkenning verleen is aan die stam en dat die stam in besit is van 'n stamgebied, is weliswaar 'n belangrike stap tot die heropbou van die stam, hoewel daar nog nie sprake is van 'n eenheid nie. Op politieke terrein is 'n kunsmatige politieke eenheid daargestel, maar of die eenheid sal groei, is 'n ope vraag. Daar is soveel stremmende faktore dat dit moeilik is om die uiteindelike resultaat te voorsien.

# HOOFSTUK VI

## ALGEMENE SAMEVATTING.

In die voorgaande hoofstukke is die aandag gewy aan enkele aspekte van die baKwena baMare -a- Phogole met besondere verwysing na die politieke organisasie en wil ons nou puntsgewys enkele samevattings maak.

a) Uit die historiese oorsig van die stam blyk dit dat dit nie moontlik is om die oorsprong van die stam bo alle twyfel vas te stel nie, hoofsaaklik vanweë ongenoegsame betroubare gegewens asook die spanning binne die stam tussen die twee groepe wat kompeteer om die kapteinsposisie, sodat ons hier te doen het met 'n wedersydse begunstiging van die eie posisie. 'n Verdere probleem is die vaagheid aangaande die stam se vroeë geskiedenis by die informante. Dit lyk tog of daar 'n verband is met die Kwenastamme asook met die baFokengstamme.

b) Aangesien die oorsprong van die stam onseker is, is dit ook nie moontlik om die senioriteitsposisie van die stam binne die Tswanahiërargie vas te stel nie. Ons kan net maar die stam se eie mening in hierdie verband noem, naamlik dat hulle hulself beskou as die mees senior stam van al die baFokengstamme, maar dit is egter nie duidelik waar die baFokengstamme hulle oorsprong het nie. Indien hulle wel in 'n betreklik senior posisie is, dan ontstaan die vraag of hulle getalswakte, hulle politieke onstabiliteit, hul beperkte grondgebied en die innerlike verdeeldheid genoegsaam is om hierdie posisie te behou? Dit lyk nie moontlik nie en daarom sal daar in die eerste plek ernstige pogings aangewend moet word om die politieke organisasie op 'n vaste basis te plaas en tegelykertyd ook die getalsterkte van die stam te verhoog.

c) Die stamgeskiedenis getuig verder van herhaaldelike segmentasie soos trouens ook die geskiedenis van al die Tswanastamme. Die oorsaak van hierdie splitsings is nie bekend nie, behalwe die verhaal van die verdrywing van die Rakwena- en baRaale-kgôrô waar laasgenoemde kgôrô vandag grootliks buite stamverband bestaan terwyl eersgenoemde kgôrô onlangs ook alle bande met die stam verbreek het. Aan die begin van die stam se geskiedenis is daar sprake van droogte en hongersnood wat ooreenkom met die droogte wat aangevoer word as oorsaak van die segmentasie van die groot baKwenastam. Die baPhôgôlê wil dan ook hulle oorsprong aan hierdie splitsing verbind.

d) Die verstrooiingsfase blyk 'n diepgaande invloed op die stam te hê sodat die stam versprei het en daar 'n verslapping ingetree het ten opsigte van die tradisionele gewoontes en gebruike. Die rede hiervoor is die gebrek aan eenheid en dus ook kollektiewe optrede en verder dat die grootste gedeelte van die stam 'n ondergeskikte posisie beklee het onder be- beskerming van ander stamme, hoofsaaklik in die Vrystaat. Opmerklik egter is die mate van kontinuiteit in die stamgeskiedenis gedurende hierdie tydperk.

e) Die koms van die Blanke het die vrede in die binneland van die Republiek van Suid-Afrika herstel, maar terselfdertyd die jare van Tswana afhanklikheid ingelui. Die gevolglike kultuurkontak het diep ingesny in alle aspekte van die samelewing, waardeur die tradisionele grondig versteur is. Hierdie versteuring het veral die gesagshandhawing binne die stam ernstig aangetas, aangesien die kaptein-in-rade se magte aansienlik ingekort is, terwyl die gewone stamlid groter vryheid verkry het as gevolg van die nuwe kanale na die Blanke administrasie wat geopen is en wat voorheen nie bestaan het nie. Die historiese

is dus ook 'n getuienis van verandering.

f) Die ondergeskiktheid van die kaptein-in-rade aan die Blanke administrasie het ook die tradisionele politieke stamstruktuur grondig verander. Die kwalifikasies van afkoms, status en rykdom is vervang deur bekwaamheid en kennis aangesien die politieke organisasie op 'n Westers-georiënteerde basis geplaas is, hoewel met behoud van enkele tradisionele beginsels, maar dan net in vorm, terwyl die funksies totaal verskillend is.

g) Die Mogatla-kgôrô het dwarsdeur die geskiedenis die behoefte en strewe getoon na eenheid en het ook 'n daadwerklike bydrae daartoe gelewer deur eers die kaptein in ballingskap te gaan haal en daarna te werk tot 'n gebied waar die stam gevestig kon raak. Hierdie pogings is bekroon met die vestiging van die stam op Uitkyk, distrik Groot Marico, onder gesag van 'n erkende kaptein.

h) Die kapteinsgesag word op hierdie stadium nog bemoeilik deur eerstens die geskil om die kapteinskap en tweedens die posisie van grondbesit. Hierdeur word die gesag van die kaptein gestrem en 'n spoedige oplossing van hierdie probleme is 'n noodsaaklikheid. Verder is die stamlede tot 'n groot mate verwesters vanweë hulle noue kontak met die Blanke in die Witwatersrand-kompleks, en waar daar nou teruggekeer word tot die tradisionele wat vir die stamlede enigsins onbekend en vreemd is, is dit 'n belangrike probleem ten opsigte van die kapteinsgesag. Die stam word nou voor die eis gestel om aan te pas by die tradisionele tesame met die ander noodwendige aanpassings in die nuwe gebied.

i) Die heropbou van die stam is in ooreenstemming met regeringsbeleid om verstrooide stamme te verenig en te vestig, aangesien daardeur die administrasie vergemaklik word. Die vraag gaan

egter na die volkekundige implikasies van die uitbreiding van die kapteinsgesag na die stamlede wat hulle elders bevind. Op die oog af lyk dit asof daardeur die kaptein-in-rade se taak om kontak te maak met sodanige stamlede vergemaklik word, maar dan kan dit alleen 'n tydelike maatreël wees. Die afwesigheid van stamlede toon 'n ooreenkoms met die vroeëre posisie van vlug na 'n gebied van sekuriteit sodat as voorwaarde vir hulle terugkeer ook 'n mate van sekuriteit gestel moet word. Hierdie aangeleentheid hang saam met volksontwikkeling en volkslidmaatskap en patriotisme wat van bo-af opgelê word is kunsmatig en kragteloos. Die oplossing is daarin geleë dat die krag van die verblyfplek geneutraliseer moet word en dit vereis 'n intensiewe ontwikkeling van die tuisgebied, wat nie net op landbou en veeteelt alleen of hoofsaaklik gegrond kan word nie. Die eerste noodsaaklikheid is daarom ekonomiese ontwikkeling en nie politieke ontwikkeling nie, waardeur geleenthede geskep word vir die stamlede om in die stamgebied tot diens van die stam toe te tree, dit wil sê, die skepping van verdienstemoontlikhede. Die skepping van grensnywerhede en tuisnywerhede kan hiertoe 'n bydrae lewer, maar dit hou ook belangrike gevare in. Nywerheidsontwikkeling sal ook groter resultate hê as boerderymeganisasie, aangesien laasgenoemde die aflegging van te veel tradisies, statusbelange en religie van 'n stamlid eis, terwyl die moontlikheid bestaan dat die stedelike Bantoe nie meer die kundigheid het om te boer nie. Die vraag gaan daarom nie in hoeverre hulle onder die gesag van die kaptein staan nie, maar eerder of hulle as emigrante van die stam beskou moet word wat sodanig aan hulle huidige tuistes veranker is sodat daar beswaarlik sprake kan wees van 'n stameenheid wat ook hierdie stedelike stamlede omvat.

Is hulle nie eerder lede van 'n nuwe volk-in-wording nie, naamlik die stedelike Tswana? Ons het hier te doen met 'n sosiale stratifikasie wat veel dieper sny as net die politieke oogmerke.

j) Aan die ander kant kan vestiging ook nie oornag plaasvind nie. Daar moet allereers voorsiening gemaak word vir tydelike verblyf in die stamgebied totdat verankering plaasgevind het, asook die versekering van 'n inkomste gedurende die eerste paar maande na vestiging. Al hierdie dinge het 'n stremmende invloed op die vestiging in die stamgebied, wat alleen geneutraliseer kan word deur intensiewe ontwikkeling van die tuisgebied wat in die noodsaaklike lewensbehoeftes voorsien.

k) Samevattend kan ons verklaar dat die geval van die baPhôgôlê 'n illustrasie is van die opkoms van regeerdershuise en stamsplitsings en dat ons hier te doen het met 'n langsame proses waarin nie alleen die politieke organisasie van belang is as bindingsfaktor nie, maar ook die ekonomiese ontwikkeling van die stamgebied, indien laasgenoemde nie belangriker is nie. Deur die politieke organisasie word 'n kunsmatige eenheid daargestel, terwyl die ekonomiese faktor tesame met die sosio-politieke faktore 'n meer permanente eenheid kan skep. In die opbou van die stameenheid kan die kaptein 'n belangrike rol speel wat hom kan verhef bo die beperkings opgelê deur die Blanke administrasie ten opsigte van die tradisionele politieke gesagstruktuur en daardeur 'n belangrike bydrae lewer tot die totstandkoming van die beoogde Tswananasie/volk.

# B R O N N E L Y S.


BOTHA, M. C. : Perspektief op Bantoetuislande, in Koers No. 5 en 6, April/Junie 1968, Jaargang xxxv.

BOTHMA, C.V. : Ntšhabeleng Social Structure; a study of a Northern Transvaal Sotho tribe, Government Printer, 1962.

BREUTZ, P. L. : Die stamme van die distrik Ventersdorp, Etnologiese Reeks No. 31/1954, Staatsdrukker.

" " : Stone kraal settlements in South Africa, in African Studies Vol. 15/4/1956.

" " : The tribes of Marico district, Ethnological Publication No. 30/1953.

" " : The tribes of Rustenburg and Pilanesberg districts, Ethnological Publication No. 28/1953.

" " : The tribes of Vryburg district, Ethnological Publication No. 46/1959.

" " : Tswana tribal government today, in Bantu, May 1959.

BRUWER, J. P. : Die Bantoe van Suid-Afrika, A.P.B. 1956 (1963).

DE KAT ANGELINO, A. D. A. : Staatkundige beleid en bestuurzorg in Nederlandsch Indië, Deel 1, Den Haag, 1929.

DEPARTEMENT VAN BANTOEADMINISTRASIE EN -ONTWIKKELING: Verskeie lêers oor swartkolopruiming.

ELLENBERGER, D. F.: en MacGREGOR, J.C. History of the Basuto: ancient and modern, London, 1912.

ELLENBERGER, V. : A century of mission work in Basutoland, 1833 - 1933, Morija, 1938.

FORTES, M. en EVANS-PRITCHARD : African Political Systems, London and New York, 1958.

LABUSCHAGNE, J.M.T: Blanke bestuurstelsels en hulle invloed op die tradisionele politieke instellinge van die Transkei (Ongepubliseerde M.A. verhandeling, P.U. vir C.H.O., 1965, Potchefstroom).

LESTRADE, G. P. : Some notes on the political organization of the Bechwana, S.A.J.S. December, 1928.

LOWIE, R. H. : The history of ethnological theory, New York, 1937.

MALINOWSKI, B. : The Dynamics of Culture Change, New Haven, 1958.

MARITZ, C. J. : Bestuursontwikkeling van die Tswanastammegroep met besondere verwysing na die skakeling tussen stad en tuisland. (Ongepubliseerde M.A. verhandeling, P.U. vir C.H.O., 1966, Potchefstroom).

MOLEMA, S. M. : The Bantu, past and present: an ethnographical and historical study of the native races of South Africa, Edinburgh, 1920.

MÖNNIG, H. O. : The Pedi, Pretoria, 1967.

MÜHLMAN, W. E. : Methodik der Volkerkunde, Stuttgart, 1938.

RADIN, P. : The method and theory of ethnology, New York, 1933.

SCHAPERA, I. : A handbook of Tswana law and custom, Oxford University Press, 1955.

" " : Government and politics in tribal society, London, 1956.

" " : The Bantu-speaking tribes of South Africa, London, 1952.

" " : The ethnic composition of Tswana tribes, London, 1952.

" " : The Tswana; International African Institute, London, 1953.

SCHÜLER, G. M. K. : Die BaRolong van Thaba Nchu, O.V.S.: 'n Studie van kultuurverandering. (Ongepubliseerde D.Phil. tesis, Universiteit van Stellenbosch, 1965).

SHEDDICK, V. G.J. : The Southern Sotho; ethnographic survey of Africa, Southern Africa Part II, 1953.

SHORTER OXFORD ENGLISH DICTIONARY.

STOW, G. W. : The native races of South Africa, London,1910.

VAN WARMELO, N.J. : A preliminary survey of the Bantu tribes of South Africa, Government Printer, 1935.

" " : Kinship terminology of the South African Bantu, Government Printer, 1931.

# THE BAKWENA BAMARE -A- PHôGôLê

with special reference to the
chieftainship and political organisation.

---

The history of this tribe is, as that of all other Tswana tribes, one of segmentation (fission). During the eighteenth century the tribe split into three independent sections, **viz.** the baKhudu, baMare, and that of Milwana. The baMare section settled in the Southern Transvaal and became scattered as a result of an attack of Mzilikazi upon the tribe. The great majority of the members fled to Lesotho and the Eastern Free State while the Mogatla kgôrô kept wandering in the former tribal area.

Peace came as a result of the arrival of Europeans in the area and the members in the Southern Transvaal established themselves on European farms, mainly the farms Misgund and Vlakplaas. During 1913 they bought the farm Klipgat, district Ventersdorp, where they settled. The chief was among the group in Lesotho. When he died his son was still a minor and a regent ruled the tribe. When the son became of age, the regent refused to hand over the "stool". This became known to the Mogatla kgôrô who sent for the young chief who was established on Misgund in 1897 - 1898 as chief of the tribe. During 1920 the tribe was left chiefless, however.

During the years 1952 - 1962 the members at Klipgat requested the Department of Bantu Administration and Development to recognise them as a tribe and to install a chief for them.

In addition they asked for more land. An investigation brought to light that they were settled in an European area, and had to be removed. After lengthly discussions it was decided to remove them to Uitkyk, district Marico, where they could buy land. Part of the Klipgat owners refused this offer and broke away from the tribe.

After the removal of the tribe to Uitkyk (1962) a chief was installed in 1968, but as a result of the period of dispersal and the cultural change, the unity within the tribe was broken. That necessitates a reconstruction of the unity on traditional foundations in order to promote the stabilisation of the political organisation. Hence the study gives a view of the traditional political structure of the Tswana and of the changes within the tribe under new circumstances. The main features of a political organisation are a central authority, a common area and a mainly common culture, while tribal membership is determined through loyalty to the chief.

There are a few obstacles, however, viz. the absence of the greater majority of tribal members; private landowners foreigh to tradition on the boundary of the tribal area, the individualism of the members and the dispute between the tribe residing at Uitkyk and the part still at Klipgat concerning the legality of the chieftainship.

In conclusion, there exists no evidence above all doubt as to a position of seniority of the tribe within the Tswana hierarchy, although there seems to be some relationship

with the baKwena and/or baFokeng tribes. As to the instability of the tribe this may become a bone of contention. The political unity within the tribe is only artificial, while for the creation of unity possibilities for livelihood in the tribal area would be more important. Hence economic development of the tribal area is of utmost importance in order to neutralise the drift to European areas.

---